

**KATS IN DIE PEKEL**  
**(*CHAMPIGNOL MALGRÉ LUI*)**

Blyspel in Drie Bedrywe

deur

**Georges Faydeau**

**in samewerking met Maurice Desvallières**

**1892**

uit die oorspronklike Frans vertaal deur

**Nerina Ferreira**

Hierdie teks vorm deel van 'n skenking aan die Departement Afrikaans & Algemene  
Literatuurwetenskap:

Kontakpersoon: Prof. Marisa Keuris (e-posadres: [Keurim@unisa.ac.za](mailto:Keurim@unisa.ac.za))

K A T S    I N    D I E    P E K E L

(CHAMPIGNOL MALGRÉ LUI)  
BLYSPEL IN DRIE BEDRYWE

deur

GEORGES FEYDEAU

IN SAMEWERKING MET MAURICE DESVALLIÈRES

UIT DIE FRANS VERTAAL DEUR NERINA FERREIRA

= = =0= = =

MILITÊRE TERME

Die militêre terme in Afrikaans klink soms 'n bietjie vreemd vir die burgeroor. Ons is baie meer vertrouwd met die Engelse terme soos "on the double" ens. Ek het gebruik gemaak van die amptelike Weermagswoordeboek wat saamgestel is deur die Krygstaalraad met medewerking van die Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1954. En "die Krygstaalraad wil dit sterk beklemtoon dat geen lid van die Verdediging die reg het om sonder goedkeuring af te wyk van die terme daarin nie ..."

Ek het ook twee voormalige dienspligtiges twee uur lank besig gehou - met die tweede bedryf!

Die weermag praat van op diens, (wat eintlik in die burgerlewe aan diens is) en hulle woordeboek gee ook geen alternatief nie.

= = =000= = =

Franse soldateliëdjie wat met die aartappelskillery gesing word:

A, my dames,

Hier is 'n goeie kaas,

Hy kom van die land van hom wat hom gemaak het.

Koor: A, my dames,

Hier is 'n goeie kaas,

Hier is 'n goeie melkkaas,

Hy kom van die land van hom wat hom gemaak het.

= = =000= = =

LAVALANCHE - HAARKAPPER

Die Franse teks het 'n spesiale haarkapper wat in die kaserne woon. Die Duitse teks het van Lavalanche 'n haarkapper van beroep gemaak. Ek het hierdie reëling in die Afrikaanse vertaling oorgeneem, want dit lyk verstandiger.

= = =000= = =

Notas . . .

Moontlike wenke vir die Switserse aksent in Afrikaans

Die S: aan die begin van 'n woord voor 'n vokaal is dit 'n Z;  
aan die begin van 'n woord voor 'n konsonant is dit SJ;  
bv. sa - zô ; en slang - sjlang.

Die I: is meer soos IE: bv. sit - ziet.

Die R: kan effens gebry word, soos in sommige dele van Switserland.

Die E: sonder klemtoon klink ook meer na IE;  
bv. dogter - dôgtieg.

Die O: klink meer na Ô: bv. oor - ôôr.

Die Y: klink soos AAI: my - maai dôgtiertjie.

Die G: aan die begin van 'n woord is GH soos die Engelse G in great; b.v. gesing - ghiesieng.

Die VOKALE: is oer as in Afrikaans bv. het - hêt  
(Eng. hat on your head).

Die woord ONS: is amper OENSJ.

Die woord NIE: is NIET, nes in Hollands.

Die woord 'N: is meer na AAIN

Daar is geen dubbele ontkenning nie.

Hulle is baie lief vir verkleinwoordjies.

Hulle eindig graag hulle stellings met 'n vraagtekenwoord ODER, wat beteken OF HOE DINK JY? Die Afrikaanse OF HOE kan gebruik word, met 'n hoë noot op die HOE.

Die Switserse Duits is 'n baie sangerige taal, en die stem styg en daal.

- Nerina Ferreira

PERSONE.

CHAMPIGNOL  
SAINT-FLORIMOND  
CHAMEL  
SINGLETON, sy skoonseun  
CAMARET, kaptein  
CÉLESTIN  
FOURRAGEOT, majoor  
LEDOUX, luitenant  
BÉLOUETTE, sersant  
GROSBON, korporaal  
BLOQUET, korporaal  
DIE PRINS VAN VALENCE, weerman, burgermag  
BADIN, burgermag  
LAFACHETTE, weerman, burgermag  
PINCON, weerman, burgermag  
LAVALANCHE, weerman, burgermag  
JÉRÔME  
JOSEPH  
'N SERSANT, MILITÊRE POLISIE  
ROUCHE, korporaal,  
'N HAARKAPPER (wat ook LAVALANCHE kan wees)  
'N KORPORAAL, Militêre Polisie

ANGÈLE, vrou van Champignol  
MAURICETTE, dogter van Chamel  
ADRIENNE, dogter van Camaret  
CHARLOTTE.

Eerste Bedryf:

Champignol se huis in Parys.

Tweede Bedryf:

Clermont.

Derde Bedryf:

Madame Rivolet se huis, naby Clermont.

= = =0= = =

EERSTE BEDRYF

REGS IS DIE KAMER VAN MADAME CHAMPIGNOL. LINKS VOOR IS 'N DEUR WAT NA DIE ANDER KAMERS LEI. AGTER IS 'N GROOT VENSTERDEUR WAT NA DIE VOORKAMER LEI. AGTER, IN DIÉ VOORKAMER, IS 'N DEUR WAT NA DIE TRAP LEI. DAAR STAAN ESELS MET SKILDERYE ROND. DAAR IS KUNSWERKE TEEN DIE MURE, ENS. REGS VOOR IS 'N TAFEL MET 'N STOEL AAN IEDER SY EN OP DIE TAFEL STAAN 'N STOMENDE KOPPIE SJOKOLADE. LINKS IS 'N RUSBANK EN TWEE LEUNSTOELE. AGTER TEEN DIE MUUR OP 'N STOEL STAAN 'N OLIESKILDERY MET SY AGTERKANT NA DIE GEHOOR TOE.

EERSTE TONEEL

SAINT-FLORIMOND, dan ANGÈLE.

AS DIE GORDYN OPGAAN, IS DIE TONEEL LEEG. 'N KOEKOEKHORLOSIE SLAAN AGTUUR, DAN HOOR MENS HOE DRAAI 'N SLEUTEL IN DIE VOORDEUR, AGTER IN DIE VOORKAMER. DIE DEUR GAAN OOP EN SAINT-FLORIMOND KOM BINNE.

SAINT-FLORIMOND: (TERWYL HY DIE TONEEL BINNEKOM): Sjoe! Hier is ek nou! Maar kyk net hoe laf! My hart klop dan nou soos 'n voorhamer! Ek kan hom glad hoor! Ag ja, as 'n man eers met hartkwale begin sukkel, moet jy ligloop vir die ou Adam, nie sommer so halsoorkop vir jou in dié soort awontuurtjies indompel nie. (HY KOM VORENTOE) Nou ja, en gestel nou ek was haar man? Dan't ek nou op my gemak hier ingestap gekom, <sup>en</sup> my verlustig in my eiendom. Maar ek is nie haar man nie! Ek is die ander man! Ja, klop dan maar, ou hart, klop maar! (HY STAP AGTER DIE TAFEL OM EN GAAN KLOP AAN DIE SLAAPKAMERDEUR.)

STEM VAN ANGÈLE: Is dit jy, Victoire?

SAINT-FLORIMOND: (MET 'N VROUESTEM) Ja, Madame! (TERSY) Sy gaan 'n bohaai opskop!

STEM VAN ANGÈLE: Maar kom dan binne!

SAINT-FLORIMOND: (DIESELFDE) Goed, Madame! (HY MAAK DIE DEUR OOP.)

STEM VAN ANGÈLE: (SKREE KLIPHARD) Wat soek jy hier! Maak dat jy wegkom!

SAINT-FLORIMOND: Aha! Klim nou net uit haar bad uit!

STEM VAN ANGÈLE: Maak toe die deur! Maak toe! Maak toe!

SAINT-FLORIMOND: Ja, die ding is ... (DIE DEUR WORD SKIELIK VOOR SY NEUS TOEGEKLAP) So! Nou ja, dis mos wat ek gesê het: sy gaan 'n bohaai opskop! Dis mos nêr wat ek gesê het. Mens weet ook nie aldag hoe jy dit het nie, nie met vroumense nie!

- S. FLORIMOND: (HY GAAN SIT) En gestel nou ek was haar man? Dan't ek nou op my gemak daar ingestap en my verlustig in my eiendom. Maar ek is nie haar man nie! Ek is die ander man! Voor my neus word die deure sommer toegeklap! Ag ja! Lewensbeloop! Stank vir dank! En om te dink dat ek 'n volle twee uur hier buite voor die huis van madame Champignol moes rondsluip, moes wag vir die regte oomblik om aan te breek, om my verskyning te maak. (HY GAAN SIT BY DIE TAFEL MET SY RUG NA DIE SLAAPKAMER-DEUR TOE GEDRAAI) Onse heiden! My hart! Nou's daar al twee dinge wat my pla: my hart, van die aandoening, en my maag, van die hongerte! Vanoggend nog niks oor my lippe gehad nie! (HY MERK DIE KOPPIE SJKOLADE OP DIE TAFEL, EN DRINK TERWYL HY PRAAT) En ek weet ook nie wanneer ek ooit die kans gaan kry vir 'n ou versterkinkie nie! Ag wat! As mens verlief is, dan gee die liefde jou krag! (HY DRINK DIE KOPPIE LEEG)
- ANGÈLE: (KOM BY HAAR SLAAPKAMER UIT EN GAAN STAAN AAN DIE ENT VAN DIE TAFEL MET HAAR GESIG NA DIE GEHOOR) Ja, Monsieur!?! En wat soek jy hier!
- S. FLORIMOND: Ag Angèle! 'n Goeie begrip ....(het net 'n halwe woordjie nodig). (HY STOP 'N BESKUITJIE IN SY MOND) Dis die liefde!
- ANGÈLE: (KOM VORENTOE) Ag nee sonde! Jy't tog nie my sjokolade loop staan en uitdrink nie!
- S. FLORIMOND: Jou sjokolade? A! Lekker tog!
- ANGÈLE: Hoe bedoel jy lekker tog?!
- S. FLORIMOND: O, ek bedoel dit was tog te lekker.
- ANGÈLE: Ag nee! Dank jou die duiwel! Ek het jou verbied om ooit weer jou voete hier te sit, en dan kom sit hy hulle hierso! En dit om agtuur in die oggend!
- S. FLORIMOND: Ek wou jou nie in die verleentheid bring nie.
- ANGÈLE: O nee, jy wou nie, maar nou het jy! Hoe weet jy iemand het jou nie sien inkom nie?
- S. FLORIMOND: (STAAN OP EN GAAN NA DIE VOORDEUR OM TE GAAN KYK OF DAAR NIE STRAKS SO IEMAND IS NIE, EN KOM WEER TERUG NA ANGÈLE TOE.) Nee, niemand nie! En ek het mos juis vir myself gesê: Nou het die tyd aangebreek! Die tyd wanneer die bediendes soggends hul inkope gaan doen. En ek het gewag tot hulle almal uit was! En ek weet mos dat jou man al 'n maand lank op reis is, en toe sê ek mos vir myself: nou is sy alleen! Eensaam en alleen!
- ANGÈLE: En ek het jou verbied om hiernatoe te kom! En dis wat ek vir jou geskryf het ook, nie waar nie? Ek het geskryf: "Graag wil ek hiermee ons verhouding beëindig. Geliewe my voordeursleutel terug te besorg, die sleutel wat ek so agteloos aan jou toevertrou het!"



- S. FLORIMOND: Maar dis juis hoekom ek hier is, oor die sleutel! En dis juis met hom wat ek binnegekom het, met die einste sleutel!
- ANGÈLE: (STAP LINKS OOR NA DIE RUSBANK TOE) Maar jy hoef mos nie self te gekom het nie! Jy kon hom mos in 'n pakkie opgemaak het.
- S. FLORIMOND: Ek het daaraan gedink, ja! Maar ek het gehoor dat mens altyd op die etiket moet neerskrywe wat daar in die pakkie is. En hoe reken jy? Wat moes ek op die etiket skrywe? "Voordeursleutel van madame Champignol?" Dan sou hy mos 'n snuf in die neus gekry het. Ek bedoel nou die posbode.
- ANGÈLE: (GAAN SIT OP DIE RUSBANK) Ag, hou tog op. Jy praat nou sommer vir die praat.
- S. FLORIMOND: (GAAN STAAN LANGS HAAR) Ja. Nou ja, dan sal ek maar erken: dit is nie net oor die posbode se neus dat ek self gekom het nie. Ek het vir myself gesê: Nee! Nee, ons is nog nie uitgepraat nie. Daar(die) afskeidsbriefie was geen afskeid nie! En daar lê die bewys, daar in daardie sinnetjie vol belofte.
- ANGÈLE: Watter sinnetjie? Watter sinnetjie vol belofte?
- S. FLORIMOND: "Graag wil ek hiermee ons verhouding beëindig!"
- ANGÈLE: En waar sien jy die belofte?
- S. FLORIMOND: Sien jy hom dan nie? „Kyk, dis tog nie moontlik dat ons verhouding kan beëindig word nie", het ek vir myself gesê, „want hy't nog glad nie eers begin nie! En, as hy dan met die einde gaan gegin, dan eindig hy dalk met die begin"! (HY GAAN SIT LANGS ANGÈLE, VERDER VAN DIE GEHOOR)
- ANGÈLE: (WOEDEND) Aag!
- S. FLORIMOND: Angèle! (HY PROBEER HAAR OMHEL)
- ANGÈLE: (WOEL HAAR LOS, STAAN OP EN STAP AGTERTOË) Ag, nee, hou nou op. Vir jou is daar nou niks meer „Angèle" nie! O nee, baie dankie. Ek is nou sat van al die simpel gedoentes.
- S. FLORIMOND: (STAAN OP EN STAP NA HAAR TOE) Watter simpel gedoentes?
- ANGÈLE: Aag! Soos die gedoente daar by Fontainebleau!
- S. FLORIMOND: Dit was nie 'n gedoente nie! Ons het dan niks gedoen nie!
- ANGÈLE: (VERDER AGTERTOË) Nee, daar het my deugsaamheid getriomfeer!
- S. FLORIMOND: Maar dit was nie jou skuld nie!
- ANGELE: (GAAN SIT OP DIE STOEL WAT LINKS VAN DIE TAFEL STAAN) Is dit wat jý dink, Monsieur!?
- S. FLORIMOND: (STAP AGTER DIE TAFEL OM EN KOM AAN DIE ANDERKANT VAN DIE TAFEL NA VORE).

- FLORIMOND: Maar jy't tog ingestem om twee dae saam met my by Fontainebleau te gaan deurbring en dit was tog seker n nie net om die natuurskoon te gaan bewonder nie, nê? (HY GAAN SIT OP DIE STOEL OORKANT ANGÈLE) As jy nie daardie plattelandse mense van jou daar raakgeloop het nie ... daardie oom van jou ... hoe's sy naam nou weer...?
- ANGÈLE: Chamel.
- FLORIMOND: Chamel! Chamel! Kammel! Kameel!
- ANGÈLE: Ag, toe nou! Hy kom mos tog oorspronklik van Switserland! Dis 'n Switserse naam!
- FLORIMOND: Nou maar as jy nie jou oom Chamel daar raakgeloop het nie ... met sy ou dogtertjie en haar ou manlief nie, hoe nou weer, die klein Singleton, nie, dan ...
- ANGÈLE: (STAAN OP EN STAP LINKS VORENTOE) A! Ja, en daar het ek hulle toe raakgeloop, as jy dan nou oor hulle wil gesels! (S. FLORIMOND STAAN OP EN STAP NA HAAR TOE) En daar is honderde ander stede in Frankryk, behalwe Fontainebleau ... en daar is honderde ander hotels in Frankryk behalwe die "Cadran Bleu" by Fontainebleau! Maar nee! Jy loop kies natuurlik presies dieselfde stad, en presies dieselfde hotel waar hulle besluit het om hulle wittebroodsdae te loop deurbring.
- FLORIMOND: Nou hoe moes ek dit geweet het?
- ANGÈLE: Ek bid jou aan! Mens kan <sup>tog</sup> altyd eers navraag doen!
- FLORIMOND: O ja!! En voor ek die volgende keer in 'n hotel gaan bly, sal ek eers navraag doen! „Het u miskien enige kamele hier by u onderdak?"
- ANGÈLE: Maar jy het tog self gesien wat gebeur het! Nou's daar familiemense wat vir altyd gaan dink jy is my man.
- FLORIMOND: Nou hoekom het jy dan vir hulle so gesê?
- ANGÈLE: Dis nie ek wat vir hulle so gesê het nie! Maar hulle het my man nog nooit ontmoet nie, en daar kry hulle toe vir ons twee alleen saam by Fontainebleau, en toe't hulle sommer hulle eie gevolgtrekkings gemaak ... en besluit dat jy ...
- FLORIMOND: ... dat ek maar seker Champignol moet wees! En omdat Champignol 'n skilder is, moes ek natuurlik ôók een wees; en jou oom het om my ore gesanik totdat ek vir hom 'n mooi prentjie geteken het: „Die Bibberende Berghange!" Geteken deur my! A ja, daardie uitstappie na Fontainebleau gaan ek ook nie gou vergeet nie!
- ANGÈLE: (STAP AGTERTOEG) Nee, ek ook nie! Maar gelukkig is hulle die soort mense wat nooit Parys toe kom nie! Nou ja! Dis nou soos sake staan, en ek bly by my besluit. Gee vir my my sleutel!

- FLORIMOND: (VORENTOE) Gee vir my my sleutel! Is dit dan regtig soos sake staan? En jy bly by jou besluit? En jy wil hê ons moet so eindig, so sonder dat ons ooit iets bereik het?
- ANGÈLE: Ja!
- FLORIMOND: Maar dis tog nie mooi van jou nie! Dis tog nie eerbaar nie! Jy't dan vir my laat dink jy's ...'n bietjie gaande oor my!
- ANGÈLE: Aag, my dierbaarheid! Ek kon dit mos nie help nie! Jy't op die kritieke oomblik in my lewe opgedaag. My man was weg, en ek het jou op 'n partytjie ontmoet, en jy het gebin vlerk sleep.
- FLORIMOND: En jy't van my gehou!
- ANGÈLE: Nee, glad nie. Ek was maar net vreeslik verveeld. Soveel so dat ek amper sêlf kon glo dat ek op jou begin verlief raak. Maar aangesien die gode dit nou eenmaal so bestem het dat ek my sonder smet of blaam uit hierdie verhouding kan losmaak, het ek besluit om van nou af aan liewers getrou te bly. Aan my man. Aan een van die gevierde skilders van ons tyd. Hoe sou ek dit dan waag om hom te bedrieg? Nee, daar is baie ander getroude mans vir wie die mense maar kan lag maar niemand sal ooit kan sê my man is so 'n ... (OP HIERDIE OOMBLIK SLAAN DIE KOEKOEKHORLOSIE DIE HALFUUR: "KOEKOEK"!)
- FLORIMOND: (VOOR IN DIE MIDDEL) Dit was nie ek nie! Dit was die voëltjie!
- ANGÈLE: (AGTER REGS) Dis jou geluk!
- FLORIMOND: (KOM NADER NA ANGELE TOE) Nou ja, miskien het jy tog gelyk. As 'n groot liefde eers inmekeargestort het, kan mens hom nie weer regoptimmer nie. Nee wat, die koningin is dood! Lank lewe die koningin! Die nuwe een!
- ANGÈLE: Sien jy nou? Nou kom jy reg! En as ek jou 'n bietjie raad verskuldig is, dan sou ek sê jy moet ophou om so rond te skarrel en te vroetel want jy wen tog niks daardeur nie, en jy moet eerder vir jou 'n liewe nooiëntjie gaan uitsoek en dan met haar trou. Jy weet, jou jare stap ook aan, nê! Jy moet trou.
- FLORIMOND: (VERONTWAARDIG) Trou? Ek? (MET 'N ANDER STEMBUIGING) En dis ook net wat ek gaan doen!
- ANGÈLE: O, dis net wat jy gaan doen, né? Maar vir my sê jy g'n dooie woord daarvan nie!
- FLORIMOND: Ek was bang jy voel gekrenk.
- ANGÈLE: (STAP AF NA DIE TAFEL TOE) Nou reken net! So taktvol van jou! En met wie gaan jy nogal trou?
- (SY GAAN SIT OP DIE STOEL AAN DIE LINKERKANT VAN DIE TAFEL)

FLORIMOND: (STAAN LANGS ANGÈLE:) Ek weet nie! Dis 'n jong  
dametjie wat hulle môre-aand aan my gaan voorstel:  
op 'n partytjie wat 'n sekere madame Rivolet gereël  
het. Sy's glo die dametjie se tante, maar vir háár  
ken ek ook maar skraps.

ANGELE: En waar word die partytjie gehou?

FLORIMOND: In Clermont, naby Creil ...

ANGÈLE: Dis ver! En is sy darem 'n mooi meisie?

FLORIMOND: Og, verleidelik! Haar jaarlikse inkomste is sestigdui-  
send frank!

ANGÈLE: (STAAN OP EN STAP VORENTOE) Nou wat draai jy dan nog  
hier rond! Gaan trou haar! Voor sy dalk verdwyn!

FLORIMOND: Dis juis wat ek gaan doen!

ANGÈLE: Dit sou ek nou nooit kon geglo het nie! Nie na al ...  
jou beloftes ... al die ... voorstelle wat jy aan my ...  
gemaak het nie.

FLORIMOND: Ag, dié, ja. Maar dit was vóór die tyd ... En nou?  
Nee wat, jy het gelyk. Wat beëindig moet word, moet  
beëindig word!

ANGÈLE: Ja, so is dit, ja! Nou, loop nou, asseblief. Netnou  
kom die bediendes terug ... (HULLE STAP VOORDEUR TOE.  
STEMME WORD BUIITE DIE DEUR GEHOOR) Ag, vader ons,  
daar kom hulle nou!

FLORIMOND: Waar moet ek uit? (HY HARDLOOP AGTER DIE TAFEL OM NA  
DIE SLAAPKAMER TOE)

ANGÈLE: Nee, nie daar nie! Dis my slaapkamer!

FLORIMOND: (HY GAAN DIE KAMER BINNE) Kan nie anders nie!  
Jamme! Jammer!

---

TWEEDE TONEEL

ANGÈLE, JOSEPH, SAINT-FLORIMOND, CHARLOTTE.

ANGELE: (AAN JOSEPH WAT DEUR DIE VOORDEUR BINNEKOM) Ja? Wat  
is dit Joseph?

JOSEPH: (AGTER, LINKS VAN DIE VOORDEUR) Dis ek, Madame. Ek het  
gaan inkope doen.

ANGÈLE: (AGTER DIE TAFEL) Ek vra nie wat jy gaan doen het nie!  
Ek het gevra wat jy wil hê?

JOSEPH: Ek wou net gevra het, Madame ... het Madame dan nie  
gisteraand my briefie gekry nie?

ANGÈLE: (ANGÈLE EN JOSEPH STAP ALBEI VORENTOE) Jou briefie?

JOSEPH: Ja, Madame. Ek het vir my die vrypostigheid veroor-  
loof om vir Madame 'n briefie daar neer te sit, op  
die tafeltjie langs Madame se bed, want Madame het  
dan nie huis toe gekom nie, en ek wou graag gaan slaap.

- JOSEPH: Madame. (SKIELIK) Wag, ek sal hom gaan haal, Madame. (HY GAAN AGTER DIE TAFEL OM NA DIE SLAAPKAMERDEUR TOE)
- ANGÈLE: (VINNIG, TERWYL SY VOOR DIE TAFEL OM LOOP EN VOOR DIE SLAAPKAMERDEUR GAAN STAAN.) Nee, toe maar, wat! Dit maak nie saak nie! Wat het jy vir my in die briefie geskryf?
- JOSEPH: Ek het vir Madame geskryf, met verlof Madame ... dat daar gistraand 'n militêre poliesman vir Monsieur kom soek het.
- ANGÈLE: (STAP AGTER DIE TAFEL VERBY NA JOSEPH WAT IN DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL GELYK MET DIE TAFEL STAAN) 'n Poliesman? En wat wou die poliesman hê?
- JOSEPH: Madame dit was oor Monsieur se veertien dae in die kamp. Monsieur moet gaan oefen, met die burgermag. Hulle het vir Monsieur opgeroep.
- ANGÈLE: Vir Monsieur? Maar hy is dan een van die voorste kunstenaars in Europa! Hoe kan hulle vir hom wil oproep. Hy't dan nog nooit aan daardie soort oefeninge deelgeneem nie. (SY STAP EFFENS VORENTE)
- JOSEPH: Dis miskien juis daarom, Madame! Die poliesman het gesê dat Monsieur al drie dae gelede in die kamp moes gewees het en dis die laaste waarskuwing, dié.
- ANGÈLE: Hulle sal hulle wat verbeel! Dink hulle dis ál wat my man te doen het? Jy gaan nou dadelik na die hoofkwartier toe en jy gaan sê vir hulle, dit spyt ons inniglik, maar monsieur Champignol is weg, hy's iewers op reis. Sê vir hulle hy is besig om mister Vanderbilt se portret te skilder ... Onthou nou die naam: mister Vanderbilt! En sê vir hulle hy kan daarom nie nog 36 ander dinge terselfdertyd ook doen nie. En sê as hy eers terug is, dan sal hy kamp toe kom en met hulle saam kom oefen.
- JOSEPH: Goed Madame. Dan gaan ek sommer nou dadelik.
- ANGÈLE: Waar kom hulle aan so iets! En, Joseph! My koffer is gepak, jy kan hom maar netnou ondertoe neem, want ek vat die vieruur-trein na Paramé toe.
- JOSEPH: Goed, Madame!
- ANGÈLE: (WYS NA DIE SJOKOLADEKOPPIE OP DIE TAFEL) En neem dié ook maar weg! (JOSEPH VAT DIE KOPPIE EN GAAN AGTER UIT.)
- SAINT-FLORIMOND: (VERSKYN BY DIE SLAAPKAMERDEUR) Is hy weg?
- ANGÈLE: Ja! En nou vat jy jou hoed en jy kry jou stryk!
- FLORIMOND: (OP PAD VOORDEUR TOE) Dis net wat ek wil kry, dankie!
- STEM VAN JOSEPH: (IN DIE VOORKAMER) O, Madame!
- ANGÈLE: Oe! Gou! Terug! (SY STOOT VIR S-FLORIMOND BY DIE SLAAPKAMER IN. AAN JOSEPH WAT VERSKYN) Wat is dit nou weer?
- JOSEPH: Dis die diensmeisiewat Madame van die platteland af laat kom het.

ANGÈLE: Ja, ja, nie nou nie! Later! Later!

JOSEPH: Maar hier is sy nou, Madame! (AAN CHARLOTTE WAT AGTER  
VERSKYN) Kom, meisie, kom!

ANGÈLE: (STAP VORENTOE) Wat is dit vandag met die skepsel dat  
hy so oortollig is!?

(JOSEPH UIT)

---

DERDE TONEEL

ANGÈLE, CHARLOTTE.

CHARLOTTE: (GROET, MET 'N PLATTELANDSE AKSENT) Madame ...

ANGÈLE: (GAAN SIT OP DIE STOEL LINKS VAN DIE TAFEL) Ja, Ja!  
Kom hierso! En dis nou die pastoor van Châtellerault  
wat vir jou aanbeveel het, né? Ja, hy's 'n ou vriend  
van ons familie.

CHARLOTTE: (IN DIE MIDDEL) Ai toggie! So 'n skotlike ou meheer!

ANGÈLE: Hy't vir my gesê dat hy jou ten sterkste kan aanbeveel.

CHARLOTTE: O ja, Madame, dit kan hy ook, Madame, dit moet ek nou  
self sê, want ek is 'n patetiese omstandigheid! Daar's  
groot fout met my!

ANGÈLE: Hoe sê jy nou?

CHARLOTTE: Ja, Madame, en dis my ma wat my in die omstandigheid in-  
gebring het.

ANGÈLE: Jou ma? ... Ag, nee kom nou! Wetter soort praatjies is  
dit dan nou? Hoe bedoel jy nou?

CHARLOTTE: Ek bedoel my ma, my mamma, Madame. Dis sy wat die skan-  
de gemaak het. Maar miskien weet Madame-hulle hier in  
Parys nie hoe mens skande maak nie? Nou, hoe sal ek sê,  
dis nou as 'n man na 'n mens toe kom en hy praat vir jou  
'n gat in kop in. Dis nou die skande wat my ma gemaak  
het.

ANGÈLE: O! En wie was die ... ek bedoel ... wat...

CHARLOTTE: Madame, dit was die 5de regiment, Madame. Die ruitery,  
Madame. En toe hulle vertrek, Madame, toe's my ma  
ogter hulle aan, Madame, en sy't vir my net daar gelos,  
en ek was nog maar 'n ou pap ou babetjie, Madame. En toe  
kom die skatlike ou pastoor en vat my en toe sê hy:  
„Ai! Ai! Hier's nou groot fout!” En toe sê hy: „Ja,  
ja, 'n patetiese omstandigheid!”

ANGÈLE: O, ek sien, op dié manier!

CHARLOTTE: En hy't toe vir my grootgemaak, Madame.

ANGÈLE: Hy? Man-alleen?

CHARLOTTE: Ja, Madame! Hy en tannie Pichu. Madame sal haar seun  
tog ook al leer ken het, hy's mos ook hier in Parys,  
hy's 'n portier.

ANGÈLE: Nee, nog nie ontmoet nie!!... En sê vir my, het jy darem

- ANGÈLE: al so 'n paar nuttige dingetjies leerdoen, of hoe?
- CHARLOTTE: O ja, Madame! Ek's alte oulik met 'n trop beeste!  
Het Madame-hulle darem beeste hier in Parys, hé?
- ANGÈLE: Nie die soort wat jy aan dink nie, nee. Kan jy naaiwerk doen?
- CHARLOTTE: O ja, Madame. Naaiwerk in die huis en wasgoed en ek kap dit uit as ek dans.
- ANGÈLE: Nou ja, die uitkap is nou nie eintlik so belangrik nie. Maar met al die kennis was jy darem seker nog nooit binne-meisie nie, né?
- CHARLOTTE: Nooit, Madame! Ek is te lief vir die buitelug.
- ANGÈLE: Ja, dis nou nie soos ek dit bedoel nie! Nou ja, dit lyk my jy's darem gewillig om te leer. Dan sal ons maar iets van jou probeer maak. As my man die dag terugkom, wil ek darem hê hy moet tevrede wees met ons nuwe binnemeisie!
- CHARLOTTE: Haai, Madame! Het Madame dan al 'n man ook?
- ANGÈLE: Ja, soos ek sê ... My man is weg, maar ek is hom nou enige dag te wagte.
- CHARLOTTE: Raai, maar dis nou goeie nuus. Ek kan nie meer hou om vir Monsieur te sien nie.
- ANGÈLE: Nou ja, dis goed. Dan gee ek vir jou die werk en jou aanvangsalaris is 40 frank per maand.
- CHARLOTTE: Goue muntstukke, Madame?
- ANGÈLE: Goue muntstukke!
- CHARLOTTE: O, Haai, Madame speel! O, maar dis skatlik van Madame!
- ANGÈLE: En een dag per maand vry.
- CHARLOTTE: O, nee dankie, Madame. Ek lol tog nie met mans nie.
- ANGÈLE: Ja, toe maar, gaan nou maar!
- CHARLOTTE: Ja, Madame. (SY STAP AGTERTOEF.)  
(ANGÈLE HARDLOOP NA DIE SLAAPKAMERDEUR)  
(CHARLOTTE KOM TERUG) Madame!
- ANGÈLE: (DRAAI OM) Wat is dit?
- CHARLOTTE: Sal Madame nie asseblief so wonderlik goed wees om die mandjie te vat nie?
- ANGÈLE: Die mandjie?
- CHARLOTTE: Ja, Madame, daar's eiers in, Madame. Ek het vir myself gesê: "Hierdie arme Madame in die stad, sy sal tog te bly wees om 'n paar lekker vars eiertjies in die hande te kry" ... en toe het ek hulle mooi uitgesoek, net die kleintjies.
- ANGÈLE: Maar waarom dan net die kleintjies?
- CHARLOTTE: Maar Madame, ek het dan gehoor die haantjies in Parys is so pieperig!
- ANGÈLE: Uit die mond van die suigeling! (AAN CHARLOTTE) Gaan nou maar! Dankie! Hoe's jou naam?
- CHARLOTTE: Charlotte, Madame (TERSY) Ja-nee wat, smaak my ek gaan hier sommer lekker nes skop! (AGTERTOEF EN UIT.)

## VIERDE TONEEL

ANGÈLE, DAN S-FLORIMOND, DAN CHARLOTTE.

- ANGELE: Dankie tog! En nou moet hy hier uit! (GAAN NA DIE SLAAP-KAMERDEUR EN ROEP) Kom nou!
- FLORIMOND: (VERSKYN) Is dit nou veilig?
- ANGÈLE: Ja, maak net gou.  
(HULLE HAAS HULLE NA DIE VOORDEUR TOE)
- FLORIMOND: Ek kom! (GAAN STAAN IN DIE MIDDEL, OP PAD AGTERTOEG.) En so eindig 'n liefdesverhouding wat nooit eers begin het nie! Vaarwel, Angèle, vaarwel! (STILTE) Angèle!
- ANGÈLE: Wat is dit?
- FLORIMOND: Dit kan ook wees dat ons in hierdie lewe nooit weer die geleentheid tot samesyn gegun word nie! Derhalwe sou ek jou graag nou 'n afskeidskus wou gee.
- ANGÈLE: Hé?
- FLORIMOND: O nee, geen minnaarskus nie! Net 'n ou klein afskeidsontjie van jou boetie.
- ANGÈLE: Nou ja, toe dan. Aangesien dit die laaste een gaan wees! Maar maak tog net gou! (SAINT-FLORIMOND SOEN VIR HAAR)
- CHARLOTTE: (VERSKYN AGTER EN SIEN HULLE SOEN) Oe!
- FLORIMOND EN ANGÈLE: Oe!
- CHARLOTTE: (BAIE NAÏF) Monsieur!
- FLORIMOND EN ANGÈLE: Monsieur!
- CHARLOTTE: (KOM VORENTOEG) Monsieur is terug van Monsieur se reis af!
- FLORIMOND: (TERSY) Ag, daar's my sonde nou oopgevlak!
- CHARLOTTE: Madame het vir my gesê dat sy vir Monsieur nou enige dag te wagte is, maar ek het nooit kon dink dat dié dag is al vandag se dag nie!
- ANGÈLE: Ja, toe nou maar, Charlotte, loop nou maar: ons het jou nie laat roep nie.
- CHARLOTTE: Ag, wat, Madame, dis sommer niks! Ek is maar net bly dat ek sommer vanself op die regte oomblik hier aangekom het. (AAN S-FLORIMOND) Het Monsieur toe lekker gereis? Veel Monsieur nie uitgerafel van die moeg nie?
- FLORIMOND: Ja...nee...ja...
- CHARLOTTE: Ek's mos Charlotte, ek is Monsieur-hulle se nuwe diensmeisie.
- ANGÈLE: (VORENTOEG) Ai! Ai! AI!
- CHARLOTTE: Faai, Monsieur het seker lus om 'n bietjie te gaan skuinslê, né? Gee vir my Monsieur se boadjie!
- FLORIMOND: Nee, glad nie, nee.
- CHARLOTTE: Ai toggie, Monsieur, na so 'n lang reis, Monsieur! Dan's 'n boadjie mos altyd so stowwerig en vol vullis, monsieur! (SY KLAP HOM VERSKEIE KERE OP DIE RUG)



FLORIMOND: Heiden ons! Nie so woës nie, meisiekind!

ANGÈLE: Toe nou, Charlotte, dis nou genoeg! Wie't jou hier na die ateljee toe gestuur? Wat kom soek jy hier?

CHARLOTTE: Madame, ek wou net vir Madame kom sê ek weet nie waar my kamer is nie, Madame.

ANGÈLE: A! Maar dan moet jy in die kombuis gaan wag.

CHARLOTTE: Ja, Madame, ja, ek sal maar daar gaan wag. (TERSY) En ek sal solank vir hom 'n ander baedjie gaan haal, hy's dan so 'n skatlike man. (SY GAAN AGTER UIT)

---

VYFDE TONEEL

ANGÈLE, SAINT FLORIMOND.

ANGÈLE: Ag nee, maar nou word dit te erg! Daar't jy nou self gehoor! Daar's nou nóg een wat dink jy's my man.

FLORIMOND: Dis die noodlot wat so met my werk!

ANGÈLE: En hoe dink jy werk hy met my? En dan moet jy my nog boonop kom staan en soen ook!

FLORIMOND: Nou hoe moes ek geweet het sy lê hier iewers op die loer!

ANGÈLE: Ag! "Nou hoe moes ek geweet het!" Dis ook al wat jy kan sê.

FLORIMOND: Heiden tog!

ANGÈLE: En nou sien jy wat gebeur het! Is jy nou tevrede? Gaan jy derem nou loop!

FLORIMOND: Ja, ja, ek loop, Angéle, ek loop! Vaarwel. Voorwel, vir altyd!

ANGÈLE: Ja, ja, toe maar, vaerwel dan. (SAINT-FLORIMOND GAAN BY DIE VOORDEUR UIT) Sjee! Uiteindelik van hom ontslae geraak! (KOM REG VORENTOE) En wat help dit vir my? Hier sit ek nou met 'n diensmeisie wat dink hy's my man! Nou's daar vir my ook net een uitweg! Sy word afgedank. En somer vandag nog! Dis nou vreeslik jammer. Sy met haar "omstandigheid". Maar nou sit ek self met een. En ek skat hy's 'n "dreigende omstandigheid." Nee, sy sal moet trap! Mens eie veiligheid bly tog altyd jou grootste oorweging! (DIE KOEKOEKHORLOSIE SLAAN NEGE-UUR) Nege-uur! En hier staan ek nog in my kamerjas ... Ek wat nog moet gaan inkope doen ... nee, nou eers gou gaan oentrek. (SY GAAN VOOR DIE TAFEL VERBY EN DIE SLAAPKAMER BINNE. DIE KOEKOEKHORLOSIE SLAAN DIE LAASTE SLAE, DAN HOOR MENS 'N GERAS EN DIE VOORDEUR Vlieg OOP.)

---

SESDE TONEEL

SAINT-FLORIMOND, DAN CHAMEL, DAN SINGLETON EN MAURICETTE.

- FLORIMOND: (KOM BINNEGESTORM) Die kamele! Hier kom die hele trap kamele! Kom met die trap op! ... Waar nou? (HY GAAN KRUIP AGTER DIE RUSBANK WEG, MAAR SY KOP STEEK NOG BO-KANT DIE RUGLEUNING UIT)
- CHAMEL: (VERSKYN MET SINGELTON EN MAURICETTE IN DIE VOORDEUR. HY PRAAT MET 'N EIENAARDIGE SWITSERSE AKSENT.) En waar is Champignol ... („Ên waag iesjt Champignôôl?“)
- CHAMEL én SINGELTON én MAURICETTE : (SIEN VIR SAINT-FLORIMOND) A! Daar is hy!
- CHAMEL: A! Daag iest haai!
- FLORIMOND: (TERSY) Ag, heiden, help! (HardOP TERWYL HY NADERSTAP) Maar kyk net so! Dis mos 'n lekker verrassing!
- CHAMEL: (KOM VORENTOE) Het u ons dan nie gehoor? Ons het dan geroep? („Hê t u oensj don niet ghiehôôg?“)
- FLORIMOND: (STAP NOG NADER) Haai, was dit al die tyd u gewees? Haai, u sê dit nooit! Ek kon sweer hulle roep my hier van bo af. En toe hardloop ek die trap op ...
- CHAMEL: (BAIE VROLIK) Nee, dit was ons! Ons was dit! ("Nee, diet wasj oensj!")  
(INTUSSEN HET MAURICETTE EN SINGELTON OOK VORENTOE GEKOM)
- MAURICETTE: Goeie dag, monsieur Champignol.
- SINGLETON: Goeie dag, monsieur Champignol.
- FLORIMOND: (Kamtig BLY) Hello! Hello! Watter heerlike verrassing.  
(TERSY) En 'n mens sou reken dis maklik om sommer by 'n huis uit te glip.
- CHAMEL: Aha! U het seker nie vir ons hier verwag, of hoe?
- FLORIMOND: Om nou die eerlike waarheid te sê: nee, ek het nie.
- CHAMEL: Daarso! Sien jy nou, Mauricette, ek het mos vir jou gesê. Hierdie neef van jou het ons nie hier verwag nie.
- SINGLETON: Nee. En dis ook net omdat ek opgeroep is dat ons hier is. Ek moet 'n maand lank kamp toe gaan.
- MAURICETTE: En dis nie regverdig nie! Ons is dan nou net getroud!
- CHAMEL: Toe maar, my ou dogtertjie! Dis goed vir julle ou jonggetroudetjies as julle so 'n klein bietjie sonder mekaar te moet klaarkom! Champignol, ek sê vir jou, hulle maak my gedaan, die ou tweetjies. Nes twee ou tortelduifies!
- SINGLETON: Maar Pappa het nou net gesê ons is ou jonggetroudetjies! Dan mag ons maar seker, né? (HY SDEN VIR MAURICETTE)
- FLORIMOND: Ja, ja, gaan julle gang! Dis ook 'n ding wat oproak, daardie! Maar sê vir my, het u dan nie lus om 'n bietjie te gaan rondkyk nie, ek bedoel nou dat u tog in Parys is, né?
- CHAMEL: O nee, nee, nie in die minste! (HY GAAN SIT OP DIE STOEL WAT LINKS VAN DIE TAFEL STAAN)
- SINGLETON: Ons wil baie lievers 'n bietjie hier rus. (HY GAAN SIT OP DIE RUSBANK EN MAURICETTE GAAN SIT LANGS HOM.)

- FLORIMOND: (TERSY) Ja, en wat gaan Angèle nou alles kwytraak, as sy my hier kom kry, hier in die familiekring!
- CHAMEL Jy verstaan tog, né!? Jy't mos tog al self lang reise onderneem; en binnekort moet ons alweer 'n trein haal, die tienuur-trein: dis mos nou vir my ou skoonseuntjie wat 'n maand lank by Clermont met die burgermag moet gaan oefen; en toe dag ons nou so: ons moet 'n hele uur in Parys rondhang, dan kan ons mos lekker hier vir ons ou niggietjie kom kuier.
- FLORIMOND: Ag, ek is so bly! Ek sê mos juis vandag vir Angèle: hoe is dit dan dat die Kamee ... die Chamels nooit vir ons kom kuier nie!
- CHAMEL: (STAAN OP EN STAP AGTERTOEF) Nou ja, hier is ons nou, al die Chamels ... (AAN SINGLETON EN MAURICETTE WAT SIT EN SOEN) Nee, nee, nee, julle moet julle nou mooi soet gedra, behoer!
- MAURICETTE: Ag, Pappa, jongmense speel graag en oumense neul graag!
- CHAMEL: En waar bly Angèle dan? (HY SPREEK DIT AS VOLG UIT: ANTJÊL)
- FLORIMOND: Angèle?
- CHAMEL: Angèle, ja! My niggie! Jou vrou!
- FLORIMOND: O, daardie Angèle! O, my vrou, ja!
- CHAMEL: Maar gaan ons dan nie vir haar te sien kry?
- FLORIMOND: Ja ... nee... nou ja, ek glo amper nie./ <sup>sy</sup> Voel 'n bietjie olik!
- MAURICETTE: (STAAN OP EN STAP VORENTOEF) Olik?
- SINGLETON: (DIESELFDE) Wat makeer dan vir haar?
- FLORIMOND: Ek weet nie ... Dis nou al 'n hele rukkie dat sy ... so duiselig voel, en ... en ... mislik ... en don's daar nog die rugpyn ook.
- CHAMEL: (LAG HARTLIK EN STEEK SY ARMS NA HOM UIT) A, ek sien ja! Nou ja, ou kêrel, dan sê ek mos veels geluk, hoor!
- FLORIMOND: Wat makeer vir hom?
- CHAMEL: Ek sien! Ek sien! Ek sien maar alte goed!
- FLORIMOND: Wat sien hy wat ek nie sien nie?

### SEWENDE TONEEL

DIESELFDE, ANGÈLE .

- ANGELE: (KOM GEKLEED UIT DIE SLAAPKAMER UIT EN GEWAAR DIE BESOEKERS)  
Ag, hemeltjie tog!
- CHAMEL: A, daar is sy nou! Angèle!
- ANGELE: (GEWAAR VIR S-FLORIMOND) En hy ook daarby!
- MAURICETTE: Hello, my ou niggie!

ANGÈLE: (KOM STAAN TUSSEN SINGLETON EN CHAMEL) Ag, hoe heerlik om julle weer te sien! (TERSY) Het ek dit ook nog verdien!?

FLORIMOND: Ek het jou oom-hulle op die trap raakgeloop, dis dié dat ek toe ... toe maar weer teruggekome het.

SINGELTON: Hello, Angèle!

CHAMEL: En toe, wat hoor ek hier? Sulke goeie nuus, nè?

ANGELE: Watter nuus?

CHAMEL: Doo! Champignol het die ou geheimpie verklap! (AAN S-FLORIMOND) Né, jou ou stouterd!

FLORIMOND: Hé? Ek? Watter geheimpie?

CHAMEL; Maar is dit nie wonderlik! Dan's my klein Angèle mos een van die dae mamma, né?

ANGÈLE: Mamma? Is dit hy wat so gesê het?

FLORIMOND: Nee! Nie ek nie!

ANGÈLE: (WOEDEND, GOOI HAAR ARMS OMHOOG) Maar hoe kan jy so iets sê? Jy?!

CHAMEL: (DRUK HAAR ARMS WEER AF) Jy moenie jou arms so hoog op- lig. Nie so hoog! Dis gevaarlik!

ANGÈLE: Ag, toe maar, Oom! Daar's g'n woord van waar nie! Regtig nie!

CHAMEL: Ai! Toe nou, toe nou! Moet nou nie so skaam wees! Sulke ou dingetjies gebeur mos as mens eers getroud is. Dis doodnatuurlik.

ANGÈLE: Maar in dié geval is dit nie doodnatuurlik nie! Dis glad nie eers waar nie! (STAP OOR NA. SAINT-FLORIMOND) Watse stuitigheid is dit van jou - om sulke onsinnige dinge te loop staan en sê?

FLORIMOND: Angèle, so op my woord ...

---

#### AGTSTE TONEEL

DIESELFDE, CHARLOTTE.

CHARLOTTE: (KOM AGTER IN: SY HET 'N VIOLETKLEURIGE VELOORBAADJIE BY HAAR) A! Hier kom sy lekker, gemaklike ou baadjie nou!

FLORIMOND: (STAP REGS TOT LANGS ANGÈLE) Daar kom sy alweer!

ANGÈLE: Wat is dit Charlotte?

CHARLOTTE: (KOM VORENTOE) Ekskuus maar al die mense, maar ek het mos nie geweet ons het kuiergaste nie! Ek bring sommer maar net vir monsieur Champignol die ou skatlike baadjie van hom.

ANGÈLE:  
en  
FLORIMOND: Ag sonde!

CHAMEL: Ja, dis mooi so! Bring vir hom die baadjietjie.

- CHARLOTTE: Ja, kom monsieur Champignol, gee vir my Monsieur se ou vuil baadjie.
- FLORIMOND: (SKERM EN STAP WEG) Nee, nee, nee!
- CHARLOTTE: O ja, Monsieur! Onse arme Monsieur, hy's skoon slap van die moeg; hy't dan vandag eers teruggekom.
- CHAMEL én  
MAURICETTE én : Teruggekom?  
SINGLETON
- CHAMEL: Was jy dan weg gewees? Op reis gewees?
- FLORIMOND: Hé? Ja, o ja, so effentjies, net so effentjies op reis.
- CHAMEL: Nou moet dan tog nie vir jou aan ons steur! Trek maar gerus die lekker huisbaadjie aan!
- MAURICETTE  
én  
SINGLETON: Ja, ja, trek hom gerus maar aan.
- FLORIMOND: (CHAMEL EN CHARLOTTE TREK SY EIE BAADJIE UIT) Nee, nee!  
(TERSY) En metterwoon het hy hom daar gevestig!
- ANGÈLE: (TERSY) Die swaap! Gaan hy nou hier rondsukkel tot ek van my sinne af raak?
- CHARLOTTE: (AAN S-FLORIMOND WAT NOU DIE VELOERBAADJIE aAN HET -  
WAT GANS TE GROOT VIR HOM IS) Daar, sien Monsieur nou. Nou voel Monsieur sommer weer tuis in sy eie ou huisie.
- CHAMEL: Allemapstieks! Maar jy't darem maer geword!
- FLORIMOND: Maer geword?
- CHAMEL: (PLUK DIE BAADJIE REG) Kyk net hoe los hang die baadjie nou aan jou!
- FLORIMOND: O dié!? Nee, hy is maar so! Dis met opset! Ek laat al my huisbaadjies so lekker los sny.
- CHARLOTTE: (VAT DIE ANDER BAADJIE) En nou gaan ek eers Monsieur se ou vuil baadjie mooi uitborsel!
- FLORIMOND: Nee, nee, dis nie nodig nie!
- CHARLOTTE: Ja, dis bitterlik nodig, Monsieur! Ek gaan hom nou mooi uitborsel en dan gaan ek hom in die slaapkamer bêre en dan sal Monsieur net sien hoe netjies hang hy daar - as Monsieur vanaand gaan slaap. (SY GAAN AGTER UIT EN DRA FLORIMOND SE BAADJIE SAAM WEG.)

---

## NEGENDE TONEEL

### DIESELFDE, SONDER CHARLOTTE

- FLORIMOND: (TERSY, VERERG) Die bliksemse entjie mens!
- ANGÈLE: (SAGGIES AAN HOM) Nou sien jy wat jy alles aangevang het, né?
- FLORIMOND: (SAGGIES) Nou hoe moes ek geweet het ...
- ANGÈLE: (SAGGIES) Dis ook al wat jy kan sê, né!
- CHAMEL: En waarheen was jy toe gewees, ou kêrel?

- FLORIMOND: Ek? Maar ek was nêrens nie... (BEDINK HOM) Ag, so ja, ja, ... ek was 'n bietjie weg ... ek moes iemand se portret gaan skilder ... iewers ... elders ...
- CHAMEL: 'n Portret gaan skilder? Aha! En dit laat my nou dink: daar's mos iets wat ek nog vir jou wil sê. (AAN SINGLETON EN MAURICETTE WAT ALWEER OP DIE RUSBANK SIT EN SOEN) Ag, siedaar! Daar sit en soen die ou tweetjies alweer! Nes twee ou tortelduifies! My ou voëltjietjies!
- MAURICETTE: Ag, toe nou, Pappa!
- CHAMEL: Maar mens moenie so aanmekaar aan mekaar smul! Nie in geselskap! Kyk dan net vir monsieur Champignol met onse Angéle: hulle het mekaar tog ook verskriklik lief, maar hulle is nie heeldag aan die soen. Hulle lyk nie eers of hulle mekaar liefhet! Maar ek sê vir julle tweetjies ... (AAN SINGLETON) Nou ja toe, ou seun gee bietjie vir my daardie sketsie hierso.
- FLORIMOND: Die sketsie?
- SINGLETON: (GEE VIR HOM DIE SKETS WAT OP STERK BORDPAPIER GEPLAK IS EN WAT HY MET SY BINNEKOMS OP DIE RUSBANK NEERGESIT HET.) Hierso, Pappa.
- CHAMEL: (GEE HOM VIR FLORIMOND) Daar's hy!
- FLORIMOND: Ag, bewaar my siel, dis "Die Bibberende Berghange". (LAG) A, ja, ja! Dis ... dis mos my ou sketsie ... ag ja. Mooi stukkie werk!
- CHAMEL: Nee, dis juis die ding ... dis nou juis wat hy nie is! Ek het hom na 'n handelaar toe gevat en hy sê toe vir my: "Is dit 'n Champignol dié? So nooit as te nimmer!" sê hy. En ek sê toe vir hom dat ek dan self by was toe jy hom gemaak het ... en toe sê hy vir my: "Nou ja, as dit dan 'n Champignol is, dan moet ek hom vir jou bring sodat jy hom kan onderteken, dan sal hy darem nog iets werd wees ... En dis dié dat ek hom saamgebring het.
- FLORIMOND: Ek moet hom onderteken? Ekke? (TERSY) Dis teen die wet! (HARDOP) Nee, dit kan ek nooit doen nie: ek onderteken nooit my sketse nie!
- CHAMEL: Maar ...
- FLORIMOND: Nee, nee, nee! Onmoontlik! Almal weet tog dat ek nooit my sketse onderteken nie! En as ek dié een gaan onderteken, dan gaan almal dadelik weet ... hm... sê dis nie 'n egte Champignol nie!
- CHAMEL: O, reken, né! Nou, maar in daardie geval sal ek maar 'n mooi etiket laat druk, met Champignol netjies daarop, en dan sal ek hom maar onderaan vasplak. (HY STAP TERUG NA DIE RUSBANK EN GAAN SIT LANGS SINGLETON EN MAURICETTE EN HULLE BEKYK DIE SKETS TESAME).

- FLORIMOND: Ja, dit kan u gerus maar doen! (TERSY) En ~~den~~ kan hy lekker gaan spog met sý Champignol! (HY LAG) Enig in sy soort!
- ANGÈLE: Daar's niks om oor te lag nie!
- FLORIMOND: Nee! Ook weer waar!
- ANGÈLE: Waarom loop hulle dan nie? (SY STAP VOOR S-FLORIMOND VERBY NA CHAMEL TOE) Nou ja, Oom, ek weet dat Oom-hulle ook maar baie haastig is, dus sal ek nou nie vir Oom-hulle langer hier ophou nie.
- CHAMEL: (SIT OP DIE RUSBANK EN BESKOU NOG STEEDS DIE SKETS) Hoe sê jy? Ons?
- FLORIMOND: Nee, nee, ons verstaan maar alte goed. Kom, ek stap saam met u buitentoe...
- CHAMEL: (STAAN OP EN STAP VORENTOE, TERWYL AL DIE ANDER HOM VOLG.) Maar waar kom julle daaraan? Wie't gesê ons is haastig? Wie't so gesê? Ons trein vertrek mos maar eers om half-elf na Clermont toe (DIE KOEKOEKHORLOSIE SLAAN DIE HALFUUR) Dis nou maar eers halftien. Ons het nog hope tyd.
- ANGÈLE: Maar dalk het Oom-hulle nog 'n paar inkope ... Oom-hulle was so lankleas in Parys! Het Oom al ooit die Eiffeltoring gesien?
- CHAMEL: O ja! Ek hét hom dan self. Op my dasspeld. (GAAN VOOR ANGÈLE VERBY NA S-FLORIMOND TOE) Op die platteland sien mens ook aldag en heeldag net die Eiffeltoring, die Eiffeltoring! Ek is al uitgekuier met die Eiffeltoring!
- FLORIMOND: O, nou ja ...
- CHAMEL: Maar hier is ek nog nie uitgekuier nie! Ek het juisterment vir die kinders gesê: Kyk, sê ek, ons het 'n uur in Parys, en dan gaan kuier ons vir ons neef en ons ou niggietjie. Die twee outjies wou mos sommer koers kry na 'n hotel toe, omdat hulle ... nou ja, julle verstaan mos, né? ... Maar ek het vir hulle gesê: Nee! Dit laat ek volstrek nie toe! Hotel toe gaan, hier helder oordag, dis mos nie ordentlik!
- ANGÈLE: Nee, Oom. Nee, dis waar Oom! (TERWY) Wanneer loop hulle dan?
- CHAMEL: (GAAN VOOR ANGÈLE VERBY) Maar ek sal vir jou sê wat, my ou niggietjie, as ons dorem net so 'n bietjie kan gaan hande was, né, want jy weet die treine van vandag ...
- ANGÈLE: Ag, maar natuurlik, Oom! (SAGGIES AAN S-FLORIMOND) En dan kry jy jou koers! (HARDOP) Kom ek stap saam met julle!
- CHAMEL: Nee, nee, nie jy nie! Champignol is mos daar, hy sal vir ons gaan wys, né Champignol!
- FLORIMOND: Ekke? Maar kyk, Angéle kan mos ...
- CHAMEL: Angéle bly hier! Sy moet nie so onnodig rondloop, want jy weet as mens ou vroujie eers in hierdie omstandigheid is, moet mens ...

(GEDURENDE HIERDIE TONEEL IS MAURICETTE EN SINGLETON LINKS  
 AGTER)

ANGÈLE: Ag hete, nog 'n omstandigheid! Maar ek sê mos vir Oom  
 dat ek nie ...

CHAMEL: Ja, toe maar, my ou niggietjie! Kom, Champignol!  
 (HY VAT VIR SAINT-FLORIMOND AAN DIE ARM EN VOLG VIR  
 MAURICETTE EN SINGLETON LINKS UIT)

FLORIMOND: Heiden ons, die in boesem van die familie!

#### TIENDE TONEEL

ANGÈLE, DAN JOSEPH.

ANGÈLE: (WAT TOT BY DIE DEUR LINKS GELOOP HET EN WEER TERUG IN  
 DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL IS) Familie! Familie! Mens  
 sou sê dis 'n hele sameswering! Hulle kom bondel almal  
 hier! Net om te keer dat ek nie uit hierdie verknorsing  
 kan uitkom nie. Ja-nee vandag het ek 'n duur les geleer!

JOSEPH: (KOM DEUR DIE VOORDEUR BINNE) A, Madame! Ek was toe by  
 die hoofkwartier gewees.

ANGÈLE: Ja, ja, dankie tog, dan's dit ook nou afgehandel.

JOSEPH: Nee, Madame, dis nie afgehandel nie!

ANGÈLE: Hoe bedoel jy dis nie afgehandel nie? Wat gaan dan door  
 aan? Wat het hulle gesê?

JOSEPH: Ek het eers vir hulle gesê wat Madame vir my gesê het:  
 dat Monsieur nie hiër is nie en dat hy daarom ook nie  
 dáár kan wees nie en dat hy op reis is. En hulle het  
 vir my gesê Monsieur se reise gaan vir hulle nie in die  
 minste aan nie, en dat hy daar in die kaserne by sy regi-  
 ment moet wees en nie êrens anders nie.

ANGÈLE: O so, né! Is dit wat hulle gesê het! Hulle gaan nog  
 lekker skrik. As my man eers weer terug is, dan sal hy  
 vir hulle gaan wys waar Dawid die wortels gegrawe het!  
 Het jy dan nie vir hulle gesê Monsieur is besig met mister  
 Vanderbilt se portret nie?

JOSEPH: Ek het, Madame!

ANGÈLE: En wat het hulle toe gesê?

JOSEPH: Hulle het gesê: "Daar het ons vrede mee!"

ANGÈLE: Vrede?

JOSEPH: Nee, Madame, op die ander manier! En daarom sal dit 'n  
 goeie plan wees as Madame dalk vir Monsieur 'n telegram  
 kan stuur ...

ANGÈLE: (STAP VOOR DIE TAFEL VERBY) En waar dink jy gaan ek die  
 telegram heen stuur? Monsieur is op mister Vanderbilt se  
 jag! En bo-aan sy laaste brief het daar gestaan: "Ter  
 see". Ek kan tog nie net telegrafeer "Champignol, Ter See"  
 nie. Hulle sal die telegram nie eers aanneem nie!



JOSEPH: Nee, Maar dan raak dinge nou gevaarlik, Madame!

ANGÈLE: Nou wat kan ek daaraan doen? Wat dink jy gaan hulle doen?

JOSEPH: Ek weet nie, Madame. Hulle het vir my gesê: Nou ja, goed dan, dan weet ons ook wat nou vir ons te doen staan!

ANGÈLE: A, sien jy! En waarom het jy nie sommer dadelik so gesê nie! Dit beteken tog dat hulle die saak vir my sal reël.

JOSEPH: Dink Madame so?

ANGÈLE: Natuurlik dink ek so! Ek wou mos sê dis nooit moontlik nie. My man! Een van die voorste skilders van ons tyd... Hulle sal dit wel vir ons reël. Goed dankie, Joseph, jy kan maar gaan.

JOSEPH: Dan gaan doen ek maar die res van die inkope, Madame. Madame het nie nog iets wat ek vir Madame kan gaan afhandel nie?

ANGÈLE: Nee, dankie.

JOSEPH: Goed, Madame. (HY GAAN AGTER DEUR DIE VOORDEUR UIT.)

---

ELFDE TONEEL

ANGELE, SAINT-FLORIMOND, DAN CHAMEL, SINGLETON, MAURICETTE.

FLORIMOND: (KOM LINKS BINNE) Ek het hulle daar gelos! Nou gee ek pad!

ANGÈLE: Ja, maak tog net gou!

FLORIMOND: My hoed! (HY VAT DIE HOED EN SIT HOM OP EN HAAS HOM IN DIE VELDORBAADJIE NA DIE VOORDEUR TOE.)

CHAMEL: (VERSKYN LINKS MET SINGLETON EN MAURICETTE) En toe nou, Champignol, wat doen jy dan nou?

FLORIMOND: (TERSY) Die ou klou ook soos die pes! (HARDOP) Ek moet gou bietjie uitgaan - 'n paar dingetjies gaan doen.

CHAMEL: En daardie baadjie dan? Ag nee, jy kan nie so gaan rondloop nie!

FLORIMOND: (KOM VORENTOE) Ag, liewe Saligheid! Maar waar is my baadjie dan? Waar's my baadjie? ('N KLOKKIE LUI) Wie is dit nou weer?

ANGÈLE: ONS kry besoek!

FLORIMOND: Seker een van my modelle!

CHAMEL: 'n Kále vroumens!

TWAALFDE TONEEL

DIESELFDE, CHARLOTTE, DAN CAMARET, ADRIENNE, DAN CÉLESTIN

CHARLOTTE: (KOM VAN AGTER BINNE, MET CAMARET IN BURGERDRAG EN MET ADRIENNE) Ja, Meneer, hy is hier .. Daar's hy! Deardie een is monsieur Champignol. (SY WYS NA SAINT-FLORIMOND EN GAAN AGTER UIT.)

ANGÈLE: Het jy gehoor?

FLORIMOND: Sy kort 'n kramp!

CAMERET: (AAN CHARLOTTE) Baie dankie.

FLORIMOND: (TERSY) Dink nog jy staan op die wal dan lê jy al in die sloot.

CAMARET: (AAN SAINT-FLORIMOND TERWYL HY EN ADRIENNE VORENTOE KOM) U is monsieur Champignol, nie waar nie? Dis vir my 'n besondere eer!

FLORIMOND: (STAP VOOR ANGÈLE VERBY) Hê? Nee, Nee! O ... Ja, ja!

CAMERET: 'n Besondere eer, Monsieur! (WYS NA ANGÈLE) En dit is u gade, nie waar nie?

FLORIMOND: Nee, nie waar nie, ek bedoel ja, ja.

CAMERET: (GROET) Madame! (GROET DIE RES VAN DIE GESELSKAP MET 'N KOPBUIGING EN STEL SY DOGTER VOOR) Mag ek my dogter aan u voorstel? My dogter, Adrienne!

ADRIENNE: (AAN S.FLORIMOND) Aangename kennis, Monsieur! Ek is dol oor kunstenaars! (SY GROET HOM MET DIE HAND EN GAAN NA DIE RUSBANK.)

FLORIMOND: Red my!

CAMERET: En noudat ons almal kennigemaak het ... (HY GAAN SIT IN EEN VAN DIE LEUNSTOELE NABY DIE RUSBANK EN ADRIENNE GAAN SIT IN DIE ANDER EEN.)

FLORIMOND: (TERSY) Ja, noudat ons almal kennisgemaak het nou weet niemand nog wie hy is nie!

ANGÈLE: (TERSY) Hy maak hom lekker tuis! (HARDOP) Verskoon my, Monsieur ...

CAMERET: Ag ja, verskoon my! (HY STAAN OP EN STEL HOMSELF VOOR) Kaptein Camaret van die 175ste Liniereregiment.

SINGLETON: (WAT OP DIE RUSBANK BY CHAMEL EN MAURICETTE GESIT HET, SPRING OP) Is u met die garnisoen by Clermont?

CAMARET: Ja, Monsieur! En daarom moet ek ook binnekort weer terug kamp toe. Ek is verantwoordelik vir die burgermag.

SINGLETON: Maar, Kaptein, dan is u mos my kaptein!

CAMARET: U kaptein?

CHAMEL: Sy kaptein. Dan is u mos sy kaptein!

SINGLETON: Ja! Ek gaan mos na u regiment toe!

ADRIENNE: Is u dan 'n loteling, Monsieur?

SINGLETON: Nee, Mademoiselle, ek is van die burgermag!

CAMARET: Burgermag! Ag so?

(HULLE GAAN SIT IN HIERDIE VOLGORDE: VAN VOOR NA AGTER OP DIE RUSBANK SIT: MAURICETTE, SINGLETON, CHAMEL: ADRIENNE EN CAMARET SIT OP DIE LEUNSTOELE REGS VAN DIE RUSBANK MET HULLE RUGTE GEKEER NA S-FLORIMOND EN ANGELE WAT VOOR NABY DIE TAFEL STAAN.)

- FLORIMOND: (TERSY) En hoelank gaan hulle nou sit en kou aan hulle ou kampstories? En wat kom seek die kaptein nou eintlik hier?
- MAURICETTE: Ag, kaptein Camaret, dan moet u baie goed vir hom sorg, want dis my ou manliefie dié!
- CAMARET: O werklik, Madame?
- MAURICETTE: Ja, Kaptein, ons is nou al veertien dae lank getroud!
- ADRIENNE: Wat sê u daar, Madame? Is u al veertien dae lank getroud?
- MAURICETTE: Ja, Mademoiselle! (STREEL SINGLETON SE WANG) En jy is my ou manliefie, né my ou liefie?
- CHAMEL: Ag, kom nou, Mauricette! (AAN CAMARET) Hulle is nes twee ou tortelduifies!
- FLORIMOND: (WAT GEDURENDE HIERDIE TONEEL NOG ALTYD REGS BY ANGÈLE BLY STAAN HET, KOM NOU EWE SKUGTER NADER) Verskoon my, maar ...
- CHAMEL: Sjuut! Wag eers! (AAN CAMARET) En Kaptein, aangesien u nou so vriendelik is, sou ek dit ook waardeer as u my sal toelaat om my ou dogtertjie se versoek weer eens op u hart te druk, al het u my nou nog nie ontmoet nie ...
- CAMARET: Ag ja, monsieur ...
- CHAMEL: Chamel!
- CAMARET: Aangename kennis, Monsieur!
- CHAMEL: En ek vra u ook om tog my ou skoonseun onder u persoonlike sorg te neem.
- CAMARET: Maar natuurlik! (AAN SINGLETON) Jy kan op my reken, ou seun!
- SINGLETON: Ag, dankie Kaptein. Baie, baie dankie!
- CAMARET: Ag, nie te danke nie!
- MAURICETTE: En, Kaptein, dan sal Kaptein tog ook sorg dat hy altyd een van sy lekker warm wolfrokkies aantrek, né.
- CAMARET: (GLIMLAG) Nou ja ... Madame ...
- MAURICETTE: Ag, asseblief, Kaptein. Hy's so nalatig. Hy's nog pure kind.
- ANGÈLE: (KOM NADER: AAN CAMARET) Verskoon my, Monsieur, maar ons het nog nie gehoor waaraan ons die eer van u besoek te danke het nie.
- CAMARET: Dis waar, Madame! (HY STAAN OP; DIE ANDER VOLG ALMAL SY VOORBEELD. CHAMEL EN SINGLETON STAP AGTETYOE EN KYK NA DIE SKILDERYE. ADRIENNE GAAN NA MAURICETTE WAT NOG STEEDS BY DIE RUSBANK STAAN.) Madame, om kort te gaan; ek het die grootste bevondering vir monsieur Champignol se talent.
- ANGÈLE: Ag, Monsieur! Hoe lief van u om so iets te sê.
- CAMARET: Ag, Madame, maar ek is tog nie die enigste nie ... die hele wêreld weet tog watter groot talent hy het.
- FLORIMOND: Ja, groot talent! Ja, dit het hy, ja! Groot talent!

- ANGELE: (SAGGIES AAN S-FLORIMOND) Hou jy jou mond!
- CAMARET: (TERSY) En 'n hoë dink van homself! (HARDOP) A, daar is u, Monsieur! En nou wonder ek of ek u mag vra om 'n portret van my dogter te skilder?
- FLORIMOND: Wie, ek?
- CAMARET: Ja, Monsieur! Ag, u weet, ek sal seker ook nou gou van haar moet afskeid neem ... u begryp tog, né ... een van die dae sal ek vir haar moet begin huweliksplanne maak.
- MAURICETTE: Gaan u dan een van die dae trou, Mademoiselle?
- ADRIENNE: Ja, Madame; dis mos iets wat mens nie kan vryspring nie!
- CAMARET: Ja, ons het al klaar reëlings getref om vir haar aan 'n paar belowende vryers voor te stel ... hubare jonggeselle van hoë gehalte en so.
- ADRIENNE: (SAGGIES AAN MAURICETTE) Hulle mors hulle tyd! Ek het my eie plannetjie.
- MAURICETTE: Aha!
- ADRIENNE: Ja, maar sjoot!
- CHARLOTTE: (VERSKYN AGTER, EN BRING VIR CÉLESTIN BINNE) Sien Monsieur! Hy is maar hier êrens in die kaboedel.
- CÉLESTIN: (KOM VORENTOE) A, daar is Oom!
- CAMARET: (AAN ANGÈLE) Verskoon tog, Madame; dis Célestin, my susterskind.
- FLORIMOND: (TERSY) My susterskind! Jou susterskind! Dis nou al die hoeveelste een! (Wat dink ek is Champignol!)
- CÉLESTIN: Monsieur ... Madame ... u sal my vergewe ... maar ek wou so graag ook monsieur Champignol se ateljee met my eie oë aanskou!
- CAMARET: En toe't ek my die vryheid veroorloof om hom saam te nooi!
- ANGÈLE: Ag, maar hy is tog baie welkom, Kaptein!
- CÉLESTIN: (DRAAI OM EN STAP AGTERTOEG) O! Dis manjefiek, manjefiek! (LOOP VAS IN MAURICETTE WAT MET ADRIENNE RONDLOOP) O, pardon, Madame! \*(STEL HOM AAN MAURICETTE VOOR) Dis my neef, Célestin, Madame ...
- \*(CAMARET?)
- MAURICETTE: Aangenaam, Monsieur ...
- ADRIENNE: (SAGGIES) Is hy vir jou ook mooi?
- MAURICETTE: Mooi? O ja! Ja, hy's nie lelik nie, glad nie! (TERSY) Aha, die eie plannetjie! (SY GAAN SLUIT LINKS AGTER BY SINGLETON EN CHAMEL AAN.)
- CAMARET: (REGS, AAN SAINT-FLORIMOND) En soos ek vir u gesê het, wil ek so graag 'n pragtige portret van my dogter hê, as aandenking, weet u, as ek haar nou eersdaags in die huwelik moet afstaan!
- ADRIENNE: (AAN CÉLESTIN) Daar hoor jy nou! Hulle maak plan dat ek moet trou.

- CELESTIN: Ek het gehoor, ja.
- ADRIENNE: (TERSY MET 'N MELODRAMATIESE SUG, TERWYL SY MET CÉLESTIN AGTERTOEF STAP.) Hy't gehoor, ja! Maar hy sê niks nie!  
(OP HIERDIE OOMBLIK STAAN DIE SPELERS IN DIE VOLGENDE GROEPE: CAMARET, SAINT-FLORIMOND EN ANGÈLE STAAN SAAM VOOR DIE SLAAPKAMERDEUR. AL DIE ANDER STAAN IN KLEIN GROEPIES AGTER LINKS EN PRAAT SAGGIES ONDER MEKAAR OF KYK NA DIE SKILDERYE.)
- CAMARET: (REGS, PRAAT NOG STEEDS MET SAINT-FLORIMOND) ... 'n aandenking aan my dogter, een wat deur u hand geskep en onderteken is.
- FLORIMOND: Maar alte seker, Kaptein ... ek ... (TERSY) Sonde! Hierdie hand wat nog nooit so iets geskep het nie!
- ANGÈLE: Ag, Kaptein, op die oomblik het my man so ontsettend baie werk.
- CAMARET: Ag, maar 'n ou portretjie ... hy's mos sommer in 'n japtrap klaar ... dit hoef mos nou nie so 'n yslike grote te wees nie! (HY STAP AGTERTOEF EN VAT DIE SKILDERY WAT MET SY AGTERKANT NA DIE GEHOOR AGTER LINKS VAN DIE DEUR OP 'N STOEL STAAN. STAP WEER TERUG ) Sien u, so moet u my dogter skilder. (HY DRAAI DIE SKILDERY OM: DIS VENUS WAT UIT DIE GOLWE UITSTAP.)
- FLORIMOND: (LAG EN WYS VIR HOM DIE SKILDERY) So iets?
- CAMARET: (KYK, EN BARS UIT VAN DIE LAG) Nee nee! Ek bedoel maar net die grootte!
- FLORIMOND: A, die grootte!
- CAMARET: (KYK NA DIE SKILDERY) Onse genade! Amusant, né? Is dit 'n goeie een?
- FLORIMOND: Nou ja, u sien tog self!
- CAMARET: Ja, ek sien, maar ek weet so min van dié soort van ding af ... een skildery, 'n ander skildery ... vinkel en koljander!
- ANGÈLE: Maar, Kaptein, ek dog dan u het so 'n groot bewondering vir my man se werk!
- CAMARET: Ja, Madame, ja, maar ek bewonder eintlik die bewondering wat die ander mense vir sy werk het ... U weet, ten slotte koop mens ook nie 'n skildery omdat jy van hom hou nie, o nee, - jy hou van hom omdat jy hom gekoop het. (HY DRA DIE SKILDERY TERUG NA DIE STOEL TOE.)
- FLORIMOND: Daar leer ek nou weer iets!
- CAMARET: (KOM TERUG NA HULLE TOE) Solank as u maar net my dogter sô skilder dat die skildery agterna presies op my dogter lyk!
- CHAMEL: O, so iets kan hy alte goed doen ... hy het soveel talent ... Sal ek vir u 'n klein sketsie wys ...
- FLORIMOND: Nee, nee, nie die sketsie nie!

- CHAMEL: O ja, die sketsie! Kyk net! (HY GAAN HAAL DIE SKETS OP DIE RUSBANK: AL DIE SPELERS KOM VORENTOE, IN HIERDIE VOLGORDE: MAURICETTE, SINGLETON, CHAMEL, CAMARET, SAINT-FLORIMOND, ANGÈLE. NET ADRIENNE EN CÉLESTIN BY AGTERLANGS STAAN.)
- CAMARET: (BESTUDEER DIE SKETS) Ja, dis iets besonders. Veral daardie vet vrou.
- FLORIMOND: Watter vet vrou?
- CHAMEL: (GEKRENK VAT HY DIE SKETSIE TERUG EN DRA HOM WEER NA DIE RUSBANK TOE. HY STAP AGTER SINGLETON EN MAURICETTE VERBY. Dis "Die Bibberende Berghange".
- CAMARET: O, ek verstaan: "Die Bibberende Berghange." Nee, maar hy's ... hulle is treffend! Pragtig! Nou ja, dan's dit nou afgespreek, né, monsieur Champignol? Ons kom dan Vrydag vir die eerste sitting hiernatoe, of hoe?
- FLORIMOND: Wel, Vrydag is vir my ...
- CAMARET: O, dit pas u nie ... Nou ja, Donderdag dan.
- FLORIMOND: Nee, nee, nee! U kan nie!
- CAMARET: O ja, ons kan! Ons sal wel 'n plan maak! Monsieur Champignol, dit was vir my 'n eer om u te leer ken, en Madame, desgelyks ... dit spyt my dat ons nou so gou weer moet loop, maar ek moet nog by Clermont uitkom, en 'n trein wag mos vir g'n mens nie!
- FLORIMOND: Ja-nee, dan moet Kaptein nou goumaak!
- CAMARET: Monsieur ... Madame ...
- SINGLETON: Ja, Kaptein, en Kaptein sê ek kan dan maar reken op ... Kaptein ...
- CAMARET: Ja, ja, alte graag, natuurlik! (HY VOLG ADRIENNE EN CÉLESTIN AGTERTOEG.)
- CHAMEL: (STAP AGTERTOEG) Wag, Kaptein, ons stap 'n entjie saam!
- MAURICETTE: (AGTER) En Kaptein gaan my ou manliefie mooi oppas, né?
- CAMARET: Ja, ja alte seker.
- ADRIENNE: (AAN MAURICETTE) Tot siens, Madame! (HULLE GAAN IN HIERDIEVOLGORDE AGTER UIT: CÉLESTIN EN ADRIENNE, DAN CAMARET, DAN CHAMEL, DAN SINGLETON EN MAURICETTE ... "Totsiens Madame, Monsieur" ... ENS... DIE RES VAN DIE WOORDE IS 'N DEURMEKAARGEPRAAAT AGTER DIE SKERMS.)

---

#### DETIENDE TONEEL

SAINT-FLORIMOND, ANGÈLE, DAN CHAMEL, SINGLETON, MAURICETTE.

- FLORIMOND: (REGS VAN DIE VOORDEUR) Daar het ons dit nou! 'n Portret! Nou moet ek 'n portret skilder!
- ANGÈLE: (LINKS VAN DIE DEUR) En as hy nou regtig hier aangesit kom? Hoe dan gemaak?
- FLORIMOND: (KOM VORENTOE) Ek weet nog nie ... ek sal vir hom gaan spreek ... en vir hom sê dat ek lievers na hom toe sal kom,

FLORIMOND: dan hoef hy nie na my toe te kom nie!

ANGÈLE: (KOM VORENTOE) Maar wat van die portret?

FLORIMOND: Ag! Ek sal hom maar skilder. Ek sal tekenlesse gaan neem.

ANGÈLE: Tekenlesse! Jy laat my lag kry.

CHAMEL: (KOM WEER MET SINGLETON EN MAURICETTE BINNE EN STAP TUSSEN ANGELE EN S.FLORIMOND IN, TERWYL MAURICETTE EN SINGLETON TESAME BLY.) Is die kaptiin nou nie 'n dierbare mens! Ek sê, my ou skoonseun, dis 'n geluk dat jy so 'n soort kaptein gekry het ... Hy gaan die lewe vir jou baie maklik maak.  
(DIE KOEKOEKHORLOSIE SLAAN TIENUUR.)

SINGLETON: Tienuur! Pappa, dis al klaar tienuur! ... Pappa, ons sal nou moet groet, anders gaan ons ons trein verpas, en dan kom ons dalk nog te laat by die kamp aan.

CHAMEL: Ja, ja, ons sal moet aanstoot! My ou niggietjie, dit spyt my maar nou kan ons nie meer langer bly! (STAP AGTER ANGELE VERBY. AAN MAURICETTE) Kom, Mauricette, kom my ou dogtertjie, kom ons gaan kry ons jasse, en hoede en goed.

MAURICETTE: (STAP AGTER DIE RUSBANK OM NA DIE DEUR LINKS) Hulle is hier, Pappa!

CHAMEL: (AAN SAINT-FLORIMOND EN ANGELE, VOOR DIE RUSBANK) Ag, dit spyt my nou vreeslik! ...

FLORIMOND: En vir ons ook, dit spyt ons ook vreeslik. Ag, Maar bly dan gerus nog 'n ou rukketjie ...  
(CHAMEL VOLG MAURICETTE EN SINGLETON DEUR DIE DEUR LINKS, UIT.)

---

#### VEERTIENDE TONEEL

SAINT FLORIMOND, ANGELE, DAN CHARLOTTE EN DIE MILITÊRE POLISIE.

ANGELE: Sjoe! Daar is hulle nou weg. En nou's dit jou kans, nou maak jy asseblief dat jy hier wegkom. Gaan haal jou baadjie ... hy's daar, in my kamer!

FLORIMOND: Weg is ek! Op volle galop! (HY GAAN DIE SLAAPKAMER BINNE.)

ANGELE: (KOM VORENTOE, REGS VOOR DIE TAFEL) Dierbaarheid, water aaklige belewenis!

CHARLOTTE: (KOM AGTER BINNE, GEVOLG DEUR TWEE MILITÊRE POLISIE.) Kom maar binne!

SERSANT: (KOM VORENTOE) Monsieur Champignol, asseblief? \*

ANGELE: Monsieur Champignol? Wat wil u van monsieur Champignol hê? \*(DIE KORPORAAL BLY BY DIE DEUR STAAN.)

SERSANT: (IN DIE MIDDEL, AGTERTOEG) Ek het 'n opdrag vir die inhegtenisneming van weerman Champignol.

ANGELE: Maar dis my man! U wil hom tog nie in hegtenis neem nie?

SERSANT: Ja, Madame, weens drostery.

ANGELE: Drostery! U kan dit nooit bedoel nie!

SERSANT: Waar is hy, Madame?

ANGELE: Maar hy's dan nie eers hier nie. Hy's op reis!

CHARLOTTE: (WAT AGTER REGS BLY STAAN HET; SY KOM NOU VORENTOE)  
Hoe gesê, Madame? Alweer op reis?

ANGELE: Charlotte, bly jy stil! (CHARLOTTE LOOP AGTERTOEN EN GAAN UIT.)

SERSANT: Dit spyt my, Madame, maar in daardie geval sal ek die woonstel moet visenteer.

CHAMEL: (KOM LINKS BINNE, GEVOLG DEUR SINGETON EN MAURICETTE, HULLE HET HULLE PAKKIES EN BAGASIE BY HULLE, EN IS IN HOEDE EN JASSE GEKLEE. KOM VORENTOE) Oe! Soldate!

ANGELE: Toe maar, Oom!

SERSANT: Is u monsieur Champignol?

CHAMEL: Ek? Hoe nou? Nie ek nie!

SERSANT: Is u seker?

CHAMEL: Seker? Seker? Alte seker is ek seker! (WYS NA S. FLORIMOND WAT MET BAARDJIE AAN EN HOED OP BY DIE SLAAPKAMER UITKOM) Daar is monsieur Champignol.  
(SAINT-FLORIMOND GAAN VOOR DIE TAFEL VERBY)

SERSANT: Is dit hy? (AAN DIE KORPORAAL) Arresteer die man!

FLORIMOND: Arresteer vir wie!

SERSANT: Kom, kom, opskud! En ek wil geen verskonings hoor nie.

ANGELE: Nee, Menere, nee, dis onmoontlik!

SERSANT: Dit spyt my Madame, dit is my opdrag ... Ek moet weerman Champignol na sy regiment toe neem. Hy is al drie dae laat.

SINGLETON: O, is Monsieur dan ook opgeroep?!

FLORIMOND: Watse opgeroep? Ek's g'n opgeroep nie!

SERSANT: Kom nou, asseblief! Kom! Kom! Kom!

FLORIMOND: Ek's glad nie die minste (van) plan om te kom nie! (HY GAAN INDERHAAS VOOR CHAMEL EN SINGLETON VERBY, NA LINKS.)

SERSANT: (AAN DIE KORPORAAL) Maar waarvoor wag jy? Arresteer hom dan nou! (DIE KORPORAAL KOM VORENTOE EN GRYP VIR S. FLORIMOND.)

FLORIMOND: Maar, Monsieur ...

SERSANT: Vooruit! Clermont toe!

ALMAL: Clermont toe!  
(HULLE SLEEP VIR SAINT-FLORIMOND WEG. HY SIT HOM TEE.)

CHAMEL: My arme ou niggietjie! Tot siens. Ag, die arme Champignol!

SINGLETON: Kom nou, Pappa, ons is klaar laat!

MAURICETTE: Totsiens, Angéle!  
(HULLE GAAN IN DIE VOLGENDE VOLGORDE UIT: SINGLETON, MAURICETTE, CHAMEL.)



VYFTIENDE TONEEL

ANGELE, CHARLOTTE, DAN JOSEPH.

- ANGELE: (KOM LINKS, VORENTOE) Ja, nou's die koeël deur die kerk! Gearresteer! En dit in my man se plek!
- CHARLOTTE: (KOM AGTER BINNE EN LOOP VORENTOE.) O ha, Madame! En wat gaan dan nou alles hier aan, Madame?
- ANGELE Dit het niks met jou te doen nie! Gaan haal my jas en my hoed.
- CHARLOTTE: Ja, Madame. (UIT)
- ANGELE: Dis nou al road! Nou moet ek Clermont toe. My man is in elk geval nie dáár nie. Miskien kan ek die ou sokie nog toesmeer. Ag, vadertjie ons, anders gaan dit mos 'n vreeslike skandaal afgee!
- CHARLOTTE: (KOM MET DIE HOED EN JAS BINNE.) Hier is die hoed, Madame.
- ANGELE: (SIT HAAR HOED OP.) Dankie! En nou sal ek jou vir die volle week betaal, maar jy sal moet loop. Vanaand nog.
- CHARLOTTE: O vet! Maar steek Madame my dan nou in die pad? Maar hoekom dan, Madame? Wat het ek dan gemaak?
- ANGELE: (STAP VOORDEUR TOE) Niks nie! Niks!
- CHARLOTTE: (HUIL EN STAP LINKS) Niks nie! En omdat ek niks nie gemaak het nie, nou smyt sy my uit!
- JOSEPH: (KOM AGTER BINNE, MET SY PET OP SY KOP, EN SIEN DAT ANGELE AANGETREK IS OM UIT TE GAAN. GAAN STAAN REGS VAN DIE DEUR SODAT SY KAN VERBYKOM.) Gaan Madame nou uit?
- ANGELE: Ja. Is my tas daer onder? (JOSEPH KNIK BEVESTIGEND.) Goed. Ek gaan Paramé toe. Jy hoef nie vanaand vir my te wag nie. (TERSY) Onse hemel, watter gemors! (SY GAAN BY DIE VOORDEUR UIT.)

SESTIENDE TONEEL

JOSEPH, CHARLOTTE, DAN CHAMPIGNOL.

- JOSEPH: (AAN CHARLOTTE) Hoor hierso, meisie, is dit nou waar wat hulle daaronder vir my gesê het? Dat daar twee militêre Poliesmanne gekom het om vir Monsieur in hegtenis te neem?
- CHARLOTTE: (HUILEND, VOOR LINKS) Hoe moet ek nou weet? En ek gee ook g'n flenter om nie!
- JOSEPH: (KOM NA CHARLOTTE TOE) Wat makeer vir jou?
- CHARLOTTE: (BARS IN SNIKKE UIT) Wat makeer vir my? Wat makeer is dat sy my uitgesmyt het!
- JOSEPH: Ag, toe maar, toe maar. So 'n ou mooi ou meisietjie! (HY PROBEER HAAR OMHEL)

T W E E D E B E D R Y F

INGANG NA DIE KASERNE. VOOR REGS IS 'N DEUR MET RUIE NA DIE EERSTE BARAK. DAN KOM 'N DOOTE WAT DIE INGANG NA DIE KASERNE VORSTEL. DAARNA KOM NOG 'N BARAK WAT SKUINS STAAN EN PARALLEL MET DIE EERSTE BARAK, EN MET 'N DEUR GEMERK: WAGHUIS. AGTER IS NOG 'N BARAK, MET FRONTAANSIG, WAT VAN REGS TOT BYNA IN DIE MIDDEL VAN DIE VERHOOG LOOP. DIE LINKER-DEEL VAN DIE BARAK IS 'N SOORT AFDAK WAARONDER TAFELS EN STOELE GEBARE WORD. IN DIE REGTERKANT VAN DIE BARAK IS 'N DEUR MET FRONTAANSIG EN BOKANT DIE DEUR STAAN: MENASIE: 175DE LINTIEREGIMENT. TUSSEN DIE MENASIE EN DIE WAGHUIS IS 'N OPENING WAT AS INGANG DIEN. LINKS VOOR IS DIE VOORKANT VAN DIE HÔTEL DU CHEVAL BLANC, MET 'N GROOT VORDEUR IN DIE MIDDEL. DAARBO IS 'N VENSTER MET 'N BALKON DAARVOOR EN AAN DIE BALKON IS DIE NAAMBORD VAN DIE HOTEL GEHEG. LINKS IN DIE MIDDEL EN LINKS AGTER IS TWEE INGANGE WAT GESKEI IS DEUR 'N GROEPIE BOME. AGTER TUSSEN DIE HOTEL EN DIE MENASIE IS 'N BLIK OP 'N BEBOSDE, HEUWELAGTIGE LANDSKAP WAARDEUR DIE RIVIER, LA BRÈCHE, SLINGER. DAAR IS 'N BANK VOOR DIE MENASIE. DAAR IS NOG 'N BANK REGS TUSSEN DIE DEUR VAN DIE EERSTE BARAK EN DIE INGANG TOT DIE BARAKKE.

EERSTE TONEEL

LEDOUX, LUITENANT; GROSBON, KORPORAAL; BÈLOUETTE, SERSANT; PINCON, VRAGDRAER BY DIE MARK, LES HALLES; BADIN, KAARTJIEVERKOPER; BLOQUET; LAVALANCHE; LAFAUCHETTE, BANKKLERK; PRINS VAN VALENCE, BENOÏT. OOK LADWEERMANNE DUBOIS EN PLANCHET, ENS.

AS DIE GORDYN OPGAAN, STAAN DIE BURGERMAG IN TWEE RYE MET DIE AANGESIG NA DIE GEHOOR. HULLE IS BONT GEKLEE: PARTY IS IN BURGERDRAG, VAN VERSKEIE SOORTE, EN PARTY HET MILITÊRE PETTE OP, OF MILITÊRE BAADJIES AAN, ENS., ENS, HOE BONTER, HOE BETER. HULLE STAAN IN DIE VOLGENDE VOLGORDE: 'N WEERMAN, PINCON, LAFAUCHETTE, LAVALANCHE, DIE PRINS, BADIN, VIER WEERMANNE.

LEDOUX: (VOOR OP DIE VERHOOG MET SY PRESENSIELYS IN DIE HAND)  
Dubois!

DUBOIS: Luitelant!

LEDOUX: Planchet!

PLANCHET: ....tenant!

LEDOUX: Champignol! (STILTE) En toe, Champignol!

BÈLOUETTE: In die detensiekaserne, Luitenant!

LEDOUX: O ja. Die droster wat militêre polisie gister hiernatoo gebring het. En nou die burgermag: (ROEP) Benoît!

BENOÏT: Luitenant!

LEDOUX: Pincon!

PINCON: Luitenant!

LEDOUX: Lafauchette!

LAFUCHETTE: (BAIE HOFLIK, SOOS 'N STADSHEER AANGETREK MET 'N HARDEBOLKEIL, ELEGANT: TREE EEN TREE VORENTOE EN SALUEER).  
Hier is ek!

LEDOUX: "Hier is ek!" Wat bedoel jy: "Hier is ek"?

LAFUCHETTE: Ek bedoel ek is hier!

LEDOUX: Jy met die hardebolkeiltjie! Jy wil vir jou kom snaaks hou, né! Het jy nie gehoor hoe die ander antwoord nie? Luitenant!

LAFUCHETTE: Ek het gedink ...

LEDOUX: Hier dink ons nie, ons antwoord: Luitenant! (LAFUCHETTE TREE NA SY PLEK TOE TERUG. LEDOUX ROEP)  
Singleton! (STILTE) Singleton! Is Singleton dan nie hier nie?

BELOUETTE: (ROEP) Singleton! Singleton!

---

TWEEDE TONEEL

DIESELFDE, MAURICETTE, SINGLETON, CHAMEL.

MAURICETTE: (KOM VINNIG BY DIE HÔTEL DU CHEVAL-BLANC UIT, GEVOLG DEUR SINGLETON IN BURGERDRAG, DAN CHAMEL.) O gorreltjie, dis appél! Maak gou, anders gaan jy gestraf word! (SY LAAT VIR SINGLETON VERBY KOM)

SINGLETON: (HARDLOOP/VORENTOE) Hier's ek! Hier's ek!

LEDOUX: Ha! En nou kom hy hier aangetrippel!

CHAMEL: (HARDLOOP OOK VORENTOE) Ag, verskoon ons tog, Monsieur! Laat my tog net vir u verduidelik wat gebeur het ... ek is sy pappa, sy skoonpappa!

LEDOUX: (GAAN NA CHAMEL TOE) Hier het jy niks verloor nie!

CHAMEL: Netso, Monsieur!

MAURICETTE: (SOEN VIR SINGLETON) Totsiens, my ou manliefie!

SINGLETON: Totsiens, my ou goggatjie!

LE DOUX: En toe, het julle klaar gevoel en gevat?  
(SINGLETON GAAN STAAN IN DIE RY, TUSSEN PINCON EN LAFUCHETTE)

CHAMEL: (AAN LEDOUX, TERWYL HY NA MAURICETTE EN SINGLETON WYS) Hulle is twee ou tortelduifies, nes twee ou tortelduifies!

LEDOUX: Hoe sê jy? Hoe gesê? Hé?!

CHAMEL: (VERSKRIK) Niks gesê! Niks! G'n woord! (STAP TERUG NA DIE HOTEL TOE. AAN MAURICETTE) Kom, kom Mauricette! Die kommandant ken nog nie sy maniere nie! Ongepoets! (HY GAAN DIE HOTEL BINNE, GEVOLG DEUR MAURICETTE. OP DIE DRUMPEL BLAAS MAURICETTE VIR SINGLETON 'N SOENTJIE; LEDOUX, WAT REGOOR HAAR STAAN, MEEN DIE SOENTJIE IS VIR HOM BEDOEL. HY VOEL GEVLEI EN SALUEER VIR MAURICETTE, DAN DRAAI HY OM EN STAAN TEENoor SINGLETON WAT JUIS

- BESIG IS OM VIR MAURICETTE 'N SOENTJIE TE BLAAS, 'N SOENTJIE WAT LEDOUX DUS BYNA TEEN DIE NEUS KRY.)
- LEDoux: (AAN SINGLETON) Hier verwag ons dissipline en self-dissipline! (POUSE) Jy sal moet leer om betyds te wees.
- SINGLETON: Ag, Luitenant, ek was by my vrou tjie!
- LEDoux: (NOG STEEDS LINKS VAN DIE TONEEL. BELOUETTE IS HEEL REGS) As jy eers soldaat is, het jy g'n vrou tjies meer. Daardie klas snare los ons vir die burgerlike lewe. Nou toe, terug in gelid, komaan, en dis net jou geluk dat die kaptein nog nie hier is nie!
- SINGLETON: O, maar die kaptein sou niks gesê het nie; ons twee kom alte goed oor die weg.
- LEDoux: Dis óók jou geluk! Stil!
- SINGLETON: Ons het byna die hele dag saam deurgebring.
- LEDoux: Wie het hierdie semelbroek aan my kom afsmeer? (STAP OOR NA BELOUETTE TOE) Drie dae gelede het die landweermanne hier aangekom; en vandag kom die burgermag weer hier aangepiekel! Wanneer gaan ons die ou pakkaas ooit reggeruk kry?
- SINGLETON: (AAN LAFUCHETTE WAT LANGS HOM STAAN) Ek sal vir die kaptein gaan sê en hy sal die ou paaiboelie op sy plek sit!
- LAFUCHETTE: Ek skep sommer weer moed!
- STEM VAN CAMARET: (AGTER) Luitenant! Waar is die luitenant!?
- LEDoux: O! Dis die kaptein!

---

### DERDE TONEEL

DIESELFDE, CAMARET.

- CAMARET: (KOM REGS DEUR DIE KASERNEINGANG BINNE EN GAAN NA LEDOUX TOE) O, hier is jy nou uiteindelik. Ek het die kwartiere geïnspekteer; die vloere is nie gevee nie; die beddens is slordig opgemaak; die broodborde is vuil!
- LEDoux: (AAN DIE BURGERMAG) Het julle ore, het julle gehoor?
- CAMARET: Dis nie met hulle ore wat ek praat nie, Luitenant, dis met jou ore!
- LAFUCHETTE: (TERSY, IN DIE RY) Se hom! Sê hom baas, sê hom!
- CAMARET: (AAN LAFUCHETTE) Toe met daardie mond van jou! Jy't niks te lag nie! (AAN LEDOUX) Moet nou nie dat ek weer oor die ding moet kom praat nie, gehoor!
- LAFUCHETTE: (SAGGIES AAN SINGLETON) Daar sak my moed alweer!
- SINGLETON: Nee! Hy's 'n vreeslike gawe ou. En sal jou by hom gaan voorstel.
- LAFUCHETTE: As jy dink dit sal help!
- CAMARET: (AAN LEDOUX) A, daar is die burgermag.

LEDOUX: Ja, Kaptein, van hier af (HY WYS NA DIE REGTERKANT VAN DIE LINIE) Die ander is die landweermanne.

CAMARET: Ja, vir hulle ken ek.

SINGLETON: (WAT DIE KAPTEIN SE DOG PROBEER VANG DEUR KLEIN GEBAARTJIES TE MAAK, TERSY) Dis darem baie snaaks! Hy kyk dan reguit na my en dit lyk nie of hy my herken nie! (HY WUIF WEER EENS EN KUG LIGGIES OM DIE KAPTEIN SE AANDAG TE TREK.)

CAMARET: Wat skort jou? Ja, jy daardie klein dunnetjie daar ander kant! Kry jy trekkings?

SINGLETON: Nee, Kaptein, ek sê maar net: "Dagsê!"

CAMARET: O, jy sê maar net: "Dagsê" ! (AAN LEDOUX) Gee vir daardie man twee dae kaserne-arres omdat hy vir sy kaptein gesê het: "dagsê!"

SINGLETON: Hy herken my dan glad nie! (AAN CAMARET) Singleton!

CAMARET: A, juis ja! Singleton ... Luitenant! Die troepie was so vriendelik om vir jou sy naam ook te gee. Dis Singleton. Gee nou vir hom vier dae ksernearres.

SINGLETON: Ag nee, sies! Nou raak hy gemeen!

LAFACHETTE: (SAGGIES, AAN SINGLETON) Luister, jy hoef nie meer nie! Jy hoef my nie voor te stel nie!

CAMARET: (AAN LEDOUX) Waarmee was jy besig?

LEDOUX: Ek was besig met die appél, Kaptein!

CAMARET: Nou gaan dan aan, en begin met die burgermag.

LEDOUX: (BEGIN WEER ROEP) Benoît!

BENOIT: Luitenant!

LEDOUX: Pincon!

PINCON: (DN DIE KLEREDRAG VAN 'N VRAGDRAER BY DIE MARK, LES HALLES.) Luitenant!

LEDOUX: LAFACHETTE!

LAFACHETTE: Luitenant! (HY TREE UIT GELID EN SALUEER)

CAMARET: Terug in gelid! (GAAN NA LAFACHETTE TOE) Hierdie een probeer aandag trek! Wat is jou beroep?

LAFACHETTE: Bankklerk, Kaptein.

CAMARET: (MET VERAGTING) En nou kom hou hy vir hom grootmeneer! Geld aanraak is nie geld maak nie, gehoor! (HY STAP LINKS NA LEDOUX TOE.)

LAFACHETTE: (TERSY) Gee vir hom horings, dan kan hy speel hy's 'n buffel!

CAMARET: (AAN LEDOUX) Nou toe, gaan aan!

LEDOUX: (ROEP) Singleton!

SINGLETON: Luitenant!

LEDOUX: Bloquet!

BLOQUET: Luitenant!

LEDOUX: Valence!

VALENCE: (LIG SY HOED) Verskoon my: Prins van Vance!

CAMARET: Prins! Watse Prins? Wie se prins?

VALENCE: Prins van Valence!

CAMARET: O, jy's 'n prins! Hou dit jou dan dag en nag aan die gang? Wat doen jy nog, behalwe prins-wees?

VALENCE: Niks!

CAMARET: O, 'n prins wat niks doen nie! (AAN LEDOUX) Daar's hy, luitenant! Nou's dit jôú werk om te prins te leer werk! (STAP NA DIE MIDDEL TOE.)

LEDoux: (ROEP) Badin!

BADIN: ('N DIE KÔREL IN 'N GROOT OORJAS, MET 'N KEIL OP) Luitenant!

CAMARET: (DRAAI EN SIEN VIR BADIN EN LOOP NA HOM TOE) Mensekinders! Goed in die vleis, né! Nee maar met jou gaan dit sommer fluks, né?

BADIN: Nie sleg nie, Kaptein. En hoe gaan dit met Kaptein?

CAMARET: Dankie! Nog goed genoeg om vir jou in arres te stel! Wat is jou beroep?

BADIN: Kaartjieverkoper, Kaptein.

CAMARET: Hoe bedoel jy kaartjieverkoper? Watse soort kaartjies?

BADIN: Teaterkaartjies, Kaptein.

CAMARET: O, dis jy wat die mense by die ingang na die teater toe voorkeer en hulle geld van hulle afrokkel vir daardie spul snert daarbinne, né! Luitenant, hou vir hom goed in die gate en as hy nie in sy poort trap nie, dan smyt jy hom waar hy hoort.

LEDoux: Reg, Kaptein! (ROEP) Lavalanche!

LAVALANCHE: Luitenant!

\*LEDoux:  
\*CAMARET\*? (AAN LAVALANCHE) A ja! Krullebol! En jy gaan nou vir my 'n ou diensie bewys, né, en jy gaan al die fraei klossies laat afsny, né? Wat is jou beroep?

LAVALANCHE: Kaptein, ek's 'n haarkapper.

CAMARET: Pragtig! Luitenant, die manne moet almal haarkapper toe. Nou toe, halwe kring!

LEDoux: Peleton! Vorm 'n halwe kring! Uit die ~~en~~ regter - en linkerflank. Voorwaarts mars!  
(DIE BURGERMAG VOER DIE BEWEGING UIT EN FORM 'N HALWE KRING. LEDoux IS HEEL LINKS. BELOUETTE IS HEEL REGS. CAMARET STAAN IN DIE MIDDEL VOOR.)

CAMARET: Manne, ons gaan ag-entwintig dae lank saam deurbring! Ek is seker dat baie van julle vol vooroordele hier aangekom het, en vol vrees en bewing die kaserne betree het. Aan julle wil ek sê dat daar niks is om hierdie vrees en bewing te regverdig nie. Inteendeel! Ons regiment is 'n groot en gelukkige familie. Julle bevelvoerders is julle vaders, streng maar billik! Die kolonel is die vader van die regiment, die kaptein is die vader van sy kompanjie: en daarmee wil ek aan julle sê: ek is ook bloot ... 'n liefdevolle vader!

LAFUCHETTE: (TERSY) Pappie!

CAMARET: (SONDER POUSE) Die eerste man wat hom op parade skuldig maak aan swak gedrag, stel ek twee dae lank in kasernearres; die eerste man wat teëpraat as sy bevelvoerder gepraat het, drie dae lank; die eerste man wat agteraf vir hom 'n lyfbediende probeer aanskak stel ek twee dae lank in geslote arres; die eerste man wat hom aan alkohol vergryp, ag dae lank, en-sovoorts (DIE MANNE IS STOKSTYF GESKRIK) En nou reken ek op julle manne om julle plig tot my bevrediging te doen, en julle kan weer op my staatmaak om julle tydjie hier so aangenaam soos moontlik te laat verloop!

LAFUCHETTE: Heei, ek huil sommer nou!

CAMARET: (OP DIESELFDE TOON, AAN LEDOUX, TERWYL HY NA LAFUCHETTE WYS) Luitenant, daardie kêrel kry twee dae kasernearres omdat hy nie luister as ek praat nie.

LEDoux: Reg, Kaptein.

CAMARET: Dis al. Terug, Luitenant.

LEDoux: (GEE DIE BEVEL) Peleton! Vorm twee geleedere. Uit die regter- en linkerflank, retireer! (DIE MANNE VOER DIE BEWEGING UIT EN STAAN WEER IN TWEE RYE SOOS VANTEVORE.)

CAMARET: (AAN LEDoux) Gaan vind uit of die kêrels nou hulle uniforms kan kry.

LEDoux: (GAAN AGTER CAMARET VERBY EN TUSSEN DIE MENASIE EN DIE WAGHUIS UIT) Reg, Kaptein!

CAMARET: Peleton! Staen in rus! (HY BEDUIE VIR BELQUETTE OM NADER TE KOM, EN PRAAT DAN SAGGIES MET HOM GEDURENDE DIE VOLGENDE REËLS.)

SINGLETON: Oef!

LAFUCHETTE: Hoor hierso! Daardie kaptein van jou is 'n ou kwasterige klant!

SINGLETON: Nee, maar ek sê vir jou, as jy hom buite die kamp ontmoet, is hy skoon 'n ander mens!

BADIN: En wie kom nou hier aangesuiker?

BLOQUET: Dis 'n majoor!

(BÉLOUETTE SALUEER VIR CAMARET EN GAAN REGS VOOR DIE BURGERMAG VERBY.)

---

#### VIERDE TONEEL

#### DIESELFDE, FOURRAGEOT.

FOURRAGEOT: (KOM VAN DIE REGTERKANT AF, DEUR DIE KASERNEINGANG)  
Is kaptein Camaret nie hier nie?

CAMARET: Hier, Majoor!

FOURRAGEOT: (GAAN NA CAMARET TOE) En toe, Kaptein, is die manne almal hier?

CAMARET: Jā, Majoor!

FOURRAGEOT: Uniforms nog nie uitgereik nie?

CAMARET: Nog nie! Ek het nou juis laat navraag doen, Majoor!

FOURRAGEOT: (VOOR CAMARET VERBY) Goed, goed, ja goed!

CAMARET: (AAN LEDOUX, WAT WEER OPDAAG) En toe?

LEDOUX: Hulle is reg vir die manne, Kaptein.

CAMARET: Reg! Vat hulle soontoe!

FOURRAGEOT: Reg! Inspeksieparede oor 'n uur, Kaptein!

CAMARET: Reg, Majoor!

(FOURRAGEOT GAAN MIDDEL LINKS AF.)

LEDOUX: (GEE 'N BEVEL AAN DIE BURGERMAG): Peleton! Aandag! Linksom! Voorwaarts mars! (DIE BURGERMAG MARSJEER REGS AF: BÈLOUETTE EN LEDOUX VOORM DIE AGTERHOEDE.)

CAMARET: Links, reg, links, regs. Jy moet in die pas bly, nommer vier! Dis daardie petieterige Singleton! Maar bly in die pas man, bly in die pas!

---

VYFDE TONEEL

CAMARET, ANGÈLE, DAN CROSBON.

ANGÈLE: (KOM BY DIE HOTEL UIT) Ag, my dierbaarheid tog, die hele nag ook nooit 'n oog toe gehad nie ... ek was so oorspanne ... nou moet ek vir Saint-Florimond in die hande kry ... met die ewige militêre plisie kon ek ook nie naby hom kom nie ... kon nie eers 'n woordjie wissel nie! (MERK VIR CAMARET WAT VORENTOE KOM) A, Kaptein!

CAMARET: Madame Champignol! En gister toe ek vir u in Parys gesien het, het ek mos nooit kon droom dat ek vandag alweer die voorreg sou hê om u hier te sien nie!

ANGÈLE: O, moenie nog van gister praat nie, Kaptein! Ag, Kaptein, ek wil vir u 'n groot guns vra.

CAMARET: Ek weet wat die guns is, Madame: u gaan my vra of u vir meerman Champignol mag spreek! Maar dis tog doodnatuurlik, hy's tog u man, nie waar nie?

ANGÈLE: Soos u sê ja! Hy's my man.

CAMARET: Maar hy is ongelukkig in die defensiekasernes! Ag, hoe kon hy nou so nou agtelosig gewees het? Hy't mos geweet hy moet sy veertien dae kom doen!

ANGÈLE: Ag, Kaptein, en u weet ook hoe dit met sulke kunstenaars gaan: altyd so deur die wind!

CAMARET: Ag, ja! Maar my liewe Madame, die ou gunsie wat u nou van my vra word tog uitdruklik in die regulasies verbied, né ... Maar nou ja, vir u, Madame sal ek die regulasies so effens opsy skuiwe!

ANGÈLE: Dankie, ag, dankie, Kaptein!



CAMARET: (KYK REGS) A, daar kom die arrestante nou net kasernediens doen! Ek sal hom laat roep. (STAP AGTERTOEG EN ROEP) Korporaal Grosbon!

STEM VAN  
GROSBON: (AGTER, REGS) Hier, Kaptein!

### SESDE TONEEL

DIESELFDE, DAN SAINT-FLORIMOND.

GROSBON: (KOM VAN AGTER REGS BINNE) Ja, Kaptein?

CAMARET: Madame wil graag met haar man praat, dis weerman Champignonol, wat in arres is. Laat hom kom, asseblief!

GROSBON: Reg, Kaptein. (HY GAAN REGS AF)

ANGÈLE: Ag, Kaptein, dis baie, baie vriendelik van u!

CAMARET: (HAAN VOOR ANGÈLE VERBY NA DIE HOTEL TOE.) Madame, ek vra om verskoning, maar u weet, my pligte wag op my, né?

ANGÈLE: Maar natuurlik, Kaptein! Gaan gerus!

CAMARET: (SALUEER EN GAAN DIE HOTEL BINNE) Cognac, asseblief!

GROSBON: (KOM VAN DIE AGTER REGS BINNE) Toe, voorwaarts! Hop! Hop! Opskud! Roer jou litte, man! Waarom is dit altyd ek wat met die lamsakke moet sukkel!

FLORIMOND: (KOM BINNE IN SY KORVEETENUE: GESTREEPTE BROEK EN BAADJIE WAT BESMEER IS; 'N VERFLEENTERDE PET,. HY STOOT MOEISAAM 'N KRUIWA.)

FLORIMOND: Ja, Korporaal, ja, ja, ja! (SIEN VIR ANGÈLE) Angèle!

ANGÈLE: Kyk hoe lyk jy!

FLORIMOND: Ag nee, Korporaal, Korporaal kon mos vir my gesê het om my kruywa te laat bly.

GROSBON: Madame wil met jou praat. Ek los jou nou hier, en dan kom haal ek jou weer, vir jou en die kruywa!

FLORIMOND: (AAN GROSBON WAG REGS UITGAAN) Ja, ja, dis goed, ja! (HY LAAT SY KRUIWA IN DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL STAAN.)

ANGELE: Maar kyk net hoe lyk jy!

FLORIMOND: (STAP VORENTOEG) Ja, ek weet hoe ek lyk. (TERSY) En ek wens sy't my nooit so gesien nie. (HARDOP) Ja, ... dis ons korveetenuë, ons werksklere! Ja, Angèle van gister af het ek lelike dinge belewe.

ANGÈLE: En ek, wat dink jy het ek belewe? Maar gelukkig het alles sover darem nog goed afgeloop.

FLORIMOND: Hoe sê jy? Goed afgeloop? En dis wat jy noem goed afgeloop: al die vernederings wat ek van gister af moes verduur! Deur die polisie weggesleep, soos 'n lae dief! Sleep my te voet, reg deur die hele Parys! En die straatjongens draf al agter ons aan, en koggel en skree!

FLORIMOND: En daar was nog van my vriende ook wat vir my so gesien het, van my intieme vriende. En wat het hulle gedoen? Gekerm . en die rug op my gedraai! En nou sê jy alles het goed afgeloop, né! En ek kon nie eers vir hulle verduidelik wat gebeur het nie. En dan nog die agies wat al hoe dikker om ons saamdrom ... En dan daardie klein ventjie, 'n bakker of 'n ding, en hy wil net vir almal vertel wat gebeur het en hy skree aanmekaar en sê: „Hulle het hom nou net gevang! Dis hy! Dis hy! Dis die Bloedsuier, van die Bos! Die Bloedsuier van die Bos van Colombe!” Nou kan jy self reken hoe onstuimig die mense geraak het. En sake het sleg gelyk! Hulle kon enige oomblik op my toegesak het en my gegryp het en my in die rivier in gaan gooi het!

ANGELE: Arme Saint-Florimond!

FLORIMOND: En vandat ek hier in die kamp aangekom het, o nee, hiér, het dit niks beter gegaan nie! Nee, dié kan jy my nou glo! Hulle het my geënt, my liewe Angéle, vir my geënt ... ek wat nie eers na 'n naald kan kyk nie, ek wat sommer naar word as ek 'n ou skrapie sien! En toe moes ek die hele nag lê en krap, want die plek het mos vreeslik begin jeuk! En so swak en siek soos ek was, het hulle vir my plat op die vloer laat slêp, en dit in 'n soort tronk met 'n hele mengelmoes ander onmanierlike mansmense! En ek weet nie watse goggas het alles daar aan my kom vreet en suig nie. (HY KRAP-VRYP DIE MOU WAT NAASTE AAN ANGELE IS: SY STAAN TRU.) O, toe maar, hulle het klaar verhuis! Hulle is nie nou meer op my nie. En vanoggend, toe kry ek natuurlik die onverkwiklikste take om te verrig... Ja, nou moet ek kruie stoot, maar dis nog sommer niks! Angéle, hulle het vir my 'n ding laat doen ... ek was verplig en vat 'n doek en bind hom om my neus en my mond, soos 'n aanbreyer ... verstaan jy nou? Nee, toe maar, dis beter dat jy glad nie verstaan nie. O nee, ek is afgejakker, ek is pap in die knieë, ek kan nie meer nie. (HY STAP AGTERTOEF EN GAAN SIT IN SY KRUIWA.)

ANGELE: (GAAN NA HOM TOE) Ag, luister, jy moet net moed hou! Die veertien dae sal mos gou omgaan.

FLORIMOND: (SPRING VERSKRIK ORENT) Veertien dae? Moet ek nog veertien dae hier bly? Is dit wat jy wil hê!

ANGELE: Maar my liewe dier! Jy het mos tog nou my man se plek ingeneem! Jy kannie nou wil kop uittrek nie!

FLORIMOND: Angéle, hoor hier, dis absoluut onmoontlik. Ek sal dit nooit kan uithou nie! En ek het mos my eie ou dingetjies om te versôre! (HY STAP VORENTOEF.)

ANGELE: (VOLG HOM) Ag, jou eie ou dingetjies! Hierdie is tog die belangrikste ding van alles!

- FLORIMOND: Maar kyk nou net: kyk, vanaand het ek byvoorbeeld die dans by madame Rivolet. Ek het jou mos gesê sy het die dans spesiaal gereël sodat sy vir my kan voorstel aan ... aan my aanstaande!
- ANGELE: Maar my liewe vriend, ek sê mos nie jy kan nie na die dans toe gaan nie... Dis in ieder geval dan sommer hier in Clermont! Die danspartytjie is dus vir jou geen probleem nie! Hulle moet mos maar net vir jou verlof gee om te gaan ... Maar wat ek van jou vra ... nee ek vra nie eers nie ... wat ek van jou eis ... is dat jy my man se plek hier moet volstaan, tot heel aan die end toe!
- FLORIMOND: Maar ek sal die end nooit haal nie! Jy't self gesê ek lyk sleg! Angèle, kyk na my! Sien jy, ek gaan nou al tot niet! Sienderoog! Ag saligheid, nee, dié soort van ding mag nooit weer met my gebeur nie!
- ANGÈLE: Nee, en met my ook nie! (DAAR IS 'N GESKREE EN GELAG AGTER DIE SKERMS.) Sjuut, hier kom mense aan. (SY STAP MET SAINT-FLORIMOND TOT VOOR DIE HOTELDEUR EN GEDURENDE DIE VOLGENDE TONEEL PRAAT SY SAGGIES MET HOM.)

#### SEWENDE TONEEL

DIESELFDE, LAVALANCHE, LAFAUCHETTE, BLOQUET, DIE PRINGS, BADIN, DIE ANDER BURGERMAGMANNE, DAN SINGLETON.

- (DIE BURGERMAG IS IN UNIFORM, BUITEN BADIN WAT NOG STEEDS IN BURGERDRAG IS, MET SY KEIL EN AL. HULLE KOM VAN REGS AF BINNE.)
- LAVALANCHE: (KOM EERSTE BINNE, EN WYS NA LAFAUCHETTE WAT HOM VOLG.) O, sie, maar kyk hoe naar lyk hy noudat sy stertvere uitgepluk is! (WYS NA DIE PRINS WAT VERSKYN.) As lelik 'n siekte was, dan was daardie ou nou dood!
- PRINS: (KOM REGS VORENTOE: BESKOU SY UNIFORM) Pragtig! Vir die gepeupel. Die res van ons gaan ons rou skawe!
- LAFAUCHETTE: (SIEN VIR ANGELE WAT MET SAINT-FLORIMOND STAAN EN PRAAT.) Haa! Kyk so 'n oulike stukkie! (AAN DIE PRINS) Prinsie!
- PRINS: Pardon?
- LAFAUCHETTE: Ken jy vir haar?
- PRINS: Vir wie? Nee, dis snaaks! Hoe kon dit nou gebeur het? (AAN BADIN) Weet jy miskien wie daardie dame is?
- BADIN: Nie ek nie! (AAN BLOQUET) En jy?
- BLOQUET: Ek ook nie!
- SINGLETON: (KOM VAN REGS AF BINNE: SY UNIFORM IS TE GROOT VIR HOM. HY STAP DEUR DIE GROEPIE KEREELS VORENTOE.) Maggies, mense! Uiteindelik in my uniform!

LAFUCHETTE: Haai, Singleton! Miskien kan jy vir ons sê: Wie is daardie mooi dingetjie daar oorkant?

SINGLETON: Waar?

ALMAL: (WYS NA ANGELE) Daar, man daar!

SINGLETON: Die dame wat met Champignol staan en gesels? Maar dis tog madame Champignol! Dis sy vrou!

ALMAL: Madame Champignol!

SINGLETON: En ek sal julle nog iets sê: sy's my aangetroude niggie!

PRINS: Kom stel my voor!

ALMAL: Stel vir ons ook voor!

SINGLETON: (GAAN NA ANGÈLE) Hello, ou niggie!

ANGELE én FLORIMOND: (TERSY) Singleton!

SINGLETON: (AAN SAINT-FLORIMOND) Dag, ou neef! My liewe Angèle .. My kamerade! (AAN DIE SOLDATE) Menere, my niggie, madame Champignol, en haar man!

ALMAL: (STAAN OP 'N HOOP, EN SALUEER.) Madame ... Meneer ...

FLORIMOND: (TERSY) Treurige ou trap-in-die-water! ('N BEUEL WORD AGTER DIE SKERMS GEBLAAS.)

BÉLOUETTE: (KOM REGS BINNE EN STAP TOT IN DIE MIDDEL VAN DIE VERHOOG.) Kom, manne, kom! Terug na julle kwartiere toe. (DIE KÈRELS GROET VIR ANGELE EN DRAF DAN NA DIE EERSTE BARAK REGS. AAN SINGLETON) Kom jy! Spinnepok!

SINGLETON: (STAMP TEEN DIE KRUIWA) Ek kom, Sersant! Hier kom ek! (AAN S-FLORIMOND EN ANGÈLE) Tot later dan, mense! (HY GAAN DIE BARAK REGS BINNE, GEVOLG DEUR BÉLOUETTE.)

ANGELE: (AAN FLORIMOND) En dan is dit so afgepreek, né? Dan gaan ek vanaand terug Parys toe, en dan is ek mos daar as my man sou opdaag. En ek gaan vir hom niks sê dat hy opgeroep is nie, en dan bly jy hier, in sy plek, en dan is jy gered.

FLORIMOND: Angèle! Jy speel mooiweer met my vriendskap, né?

ANGELE: Maar, monsieur Saint-Florimond, u is tog 'n eerbare heer! (SY GAAN DIE HOTEL BINNE)

#### AGTSTE TONEEL

SAINT FLORIMOND, DAN GROSBOON, DAN CHAMPIGNOL, DAN LEDOUX.

FLORIMOND: (STAP VORENTOE.) Ek is 'n eerbare heer! Ek is 'n eerbare heer! En die eerbare heer sit met die strawasie! Ja, die klein awontuurtjie met madame Champignol sal ek ook nie gou vergeet nie! (HY GAAN PLAK HOM IN DIE KRUIWA NEER.)

GROSBOON: (KOM VAN REGS AGTER BINNE) Ja, ou basjan! En wat vang jy daar aan? Jy't verlof gehad om met jou vrou te gesels en nou is die geselsie oor en verby en nou's dit die kruiwa en jy! Toe, word klein, word klein! Verdwyn!

FLORIMOND: Korporaal?

GROSBON: Ek sê mos, kry jou loop, man! Kan jy dan nie jou eie taal verstaan nie! Vat jou kruywa en trap!

FLORIMOND: Ek trap, Korporaal! (STAP AGTERTOE, EN STOOT DIE KRUIWA.) Ag, wee my gebeente!

CHAMPIGNOL: (IN UNIFORM; IN DIE EEN HAND HET HY SY KOFFER, IN DIE ANDER SY SKILDERGEREI: DIE DŔEK, VERFDOOS, VOUSTOEL EN ESEL. HY KOM VINNIG VAN MIDDEL LINKS BINNE.) Ag, eindelijk. Hier is ek nou eindelijk! Maar drie dae laat ... 'n Droster! (HY LOOP HOM VAS TEEN SAINT-FLORIMOND WAT SY KRUIWA STOOT) Oe!

FLORIMOND: Kan jy nie kyk waar jy loop nie!

CHAMPIGNOL: (TERSY) 'n Soldaat! (HARDOP) Ag, vergewe my!

GROSBON: (AAN S. FLORIMOND) Toe, lig jou pote, man!

FLORIMOND: Ek kom, Korporaal! (HY GAAN AGTER GROSBON OM EN REGS AGTER UIT.)

CHAMPIGNOL: (TERSY) 'n Korporaal! (HARDOP) Verskoon my ... Korporaal!

GROSBON: En wat wil jy hê?

CHAMPIGNOL: (SALUEER) Champignol, Korporaal, Champignol!

GROSBON: Champignol is in geslote arres! (GROSBON GAAN REGS AGTER UIT.)

CHAMPIGNOL: (STAP VORENTOE) In geslote arres! Daar het ek dit nou! Ek is in geslote arres! Ja, dit moes ek ook geweet het ... Ag, wat praat ek! Dis blote militêre vermetelheid! Hoe kan hulle vir my so iets aandoen? Duiwel, dis mos nou nie my skuld dat ek drie dae laat is nie; ek was tog op reis. Maar daaraan steur hulle nie vir hulle nie ... En dat ek vandag eers hier aankom pleks van gister al ... nee ... dis definitief hulle skuld dáárdie. Op die papiere staan dan Clermont, en ek is opgeroep na Clermont, en al Clermont wet ek ken, is Clermond-Ferrand! En toe sit ek af, na Clermond-Ferrand toe! Maar kan hulle dan ook nie die dinge duideliker stel nie? En daar jaag ek rond, op soek na die 175de Liniereregiment! In Clermond-Ferrand. Maar gaan staan en verduidelik dit nou vir hulle! Hulle sal my tog nie glo nie! Hulle sal my uitlag! En intussen is die tyd verstreke, en ek is in geslote arres! Ja, ek! tsk! Ja, nou's dit klaar met my, klaar! Klaar klaarpraat met my!

LEDOUX: (KOM UIT DIE EERSTE BARAK REGS.) En jy, wat staan jy daar?

CHAMPIGNOL: (TERSY) A, 'n offisier! (HARDOP) Ek is Champignol, Luitenant!

LEDOUX: O, jy's nou eintlik Champignol? Die droster! Is jy dan nie in geslote arres nie?

CHAMPIGNOL: Geslote arres? Ja, dis klaar klaarpr....

LEDOUX: O, dis klaar? Nou gaan dan na jou barak toe! (HY STAP

AGTER CHAMPIGNOL VERBY EN GAAN LINKS AGTERTOEG.)

NEGENDE TONEEL

LEDOUX, CAMARET, DAN SINGLETON, DIE BURGERMAGMANNE.

LEDOUX: (LINKS) Oók 'n ou sieletjie vol sorges! Kom seker van die platteland af!

CAMARET: (VERSKYN OP DIE DRUMPEL VAN DIE HOTELDEUR) Luitenant Ledoux!

LEDOUX: Kaptein?

CAMARET: Het die kêrels nou hulle uniforms gekry!

LEDOUX: Ja, Kaptein!

CAMARET: Laat hulle aantree vir dril oefening en terselfdertyd kan ek sommer inspeksie hou.

LEDOUX: (GAAN REGS AGTER UIT.) Reg, Kaptein!  
(CAMARET GAAN TERUG IN DIE HOTEL IN. LEDOUX VERSKYN REGS AGTER. FLUITSINJAAL AGTER DIE SKERMS. KORPORAAL GROSBON, SERSANT BÉLOUETTE, SINGLETON, LAFAUCHETTE, LAVALANCHE, DIE PRINS, BADIN EN AL DIE ANDER BURGERMAGMANNE KOM UIT DIE BARAK REGS UITGEDRAF. Hulle IS ALMAL IN UNIFORM, BEHALWE BADIN, WAN NOG ALTYD IN BURGERDRAG IS, MET KUIL EN AL.)

BÉLOUETTE: (AAN DIE BURGERMAG) Peleton, in twee geleedere, aantree!  
(DIE MANNE VORM TWEE RYE MET DIE AANGESIG NA DIE GEHOOR: EN VORM DRIE GROEPE. DIE REGTERGROEP EN DIE LINKERGROEP HET ELK 'N KORPORAAL AAN DIE REGTERKANT EN BESTAAN UIT ONBELANGRIKE MANNE. DIE MIDDELSTE GROEP STAAN IN HIERDIE VOLGORDE: LINKS: KORPORAAL GROSBON, DAN SINGLETON, DAN LAFAUCHETTE, DAN LAVALANCHE, DAN BADIN, DAN DIE PRINS. AGTER SINGLETON IS DAAR 'N OOP PLEK VIR CHAMPIGNOL. AS DIE MANNE OP HULLE PLEKKE STAAN, KOM CAMARET BY DIE HOTEL UIT.)

CAMARET: (SIEN VIR BADIN IN BURGERDRAG) En jy, hoekom is jy nog in burgerdrag?

BADIN: Kaptein, hulle het nie klerasie wat vir my pas nie.

CAMARET: Klerasie? Mens praat nie van klerasie nie!

BADIN: Ek bedoel, nie die regte grootte ... kostuum nie.

CAMARET: Mens praat nie hier van 'n kostuum nie! Hoe sê mens as al die mense op dieselfde manier aangetrek is, hê? As almal dieselfde uniform aan het, hoe sê mens dan, hê?

BADIN: O! Dan is al die bediendes in dieselfde livrei!

CAMARET: Livrei! (AAN BÉLOUETTE WAT REGS STAANN) Daardie man kry twee dae kasernearres. A ja, hy's mos die kaartjieverkoper! Maar hier wil hy die groot komediant kom speel! Het jy 'n kop of 'n klapperdop, hê? As mens 'n uniform aan het, dan het jy 'n uniform aan!

BADIN: Die sousie kom seker nog!!  
 BÉL  
 BELOUETTE: (AAN DIE SOLDATE) Peleton! Aandag!  
 CHAMPIGNOL: (KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS UIT) O drommel, dis appél!  
 So gou al. (AAN BÉLOUETTE) Waar sal ek gaan staan,  
 Sersant? ... Waar is my plek?  
 BÉLOUETTE: Wat sê jy? Maar gaan staan op jou gewone plek!  
 CHAMPIGNOL: My gewone plek! Duiwelsdood! (HY DRAF NA 'N PLEK IN  
 DIE RY EN TRAP OP DIE PRINS SE TONE: DIE PRINS SKREE:  
 DAN PROBEER HY LAVALANCHE SE PLEK VAT.)  
 LAVALANCHE: Nee, man, jy's nie hier nie!  
 CHAMPIGNOL: O, nie hier nie? (HY PROBEER SINGLETON SE PLEK AFVAT)  
 Pardon!  
 SINGLETON: Dis nie jou plek nie!  
 BELOUETTE: En toe? En toe? Wat fladder jy so rond, hé? Is jy 'n  
 ou skoenlappertjie! Maar klim in gelid!! Kry jou plek!!  
 CHAMPIGNOL: (KOM IN DIE RY TUSSEN SINGLETON EN LAFAUCHETTE TE LANDE)  
 Hier het ek hom nou, Sersant. Sersant, kan nou maar begin.  
 BELOUETTE: (BEVEEL) Peleton! Uit die regterflank, nommer!  
 SOLDATE: (DIE SOLDATE BEGIN NOMMER) 1, 2, 3, 4, ens.  
 CHAMPIGNOL: Nog 'n vier!  
 BELOUETTE: Peleton! Regs rig! Peleton! Oë fronk!  
 CAMARET: (KOM NADER) Voltallig?  
 BELOUETTE: Ja, Kaptein!  
 CAMARET: Nou laat ons 'n bietjie kyk. (HY INSPEKTEER HULLE, EN BEGIN  
 VAN LINKS AF. AAN 'N LANDWEERMAN) Jou das het net een  
 omslag... 'n Das kry twee omslae. (HY LIG DIE BAADJIE VAN  
 DIE VOLGENDE EEN WAT NET EEN BAND AAN SY KRUISBAND HET:  
 EN DAN SINGLETON SE BAADJIE, EN HY HET GEEN KRUISBAND  
 NIE) En jy't dan geen kruisband aan nie. Het hulle  
 nie vir jou gesê om 'n kruisband te dra nie?  
 SINGLETON: Ja, Kaptein. Maar hy kielie vir my!  
 CAMARET: O, hy kielie vir jou! (AAN BELOUETTE) Verander die  
 vier dae kasernearres na twee dae geslote arres omdat hy  
 sy kaptein op 'n onbetaamlike wyse geantwoord het.  
 SINGLETON: Maar ek dog ...  
 CAMARET: Jy moenie dog nie. Jy moet jou mond hou!  
 SINGLETON: (TERSY) Hy pik mos nou op my!  
 CHAMPIGNOL: (STEEK SY KOP TUSSEN SINGLETON EN LAFAUCHETTE DEUR)  
 O! Bitsige ou boeba!!  
 CAMARET: (AAN BLOQUET) Goed! In die haak! Korporaals, neem  
 die troepe vir hulle oefeninge.  
 BLOQUET: (KORPORAAL VAN DIE LINKERGROEP GEE DIE BEVEL) Peleton!  
 Linksom! Voorwaarts mars! (HY MARSJEER MET SY GROEP  
 LINKS AGTER UIT.)  
 ROUCHE: (KORPORAAL VAN DIE REGTERGROEP, GEE DIE BEVEL) Peleton!  
 Regsom! Voorwaarts mars! (HY GAAN REGS DEUR DIE KASER-  
 NEINGANG UIT.)

- CAMARET: (AAN DIE SOLDATE WAT UITMARSJEER) Bly in die pas!  
Bly in die pas! (AAN BELOUETTE) A, sersant Bélouette,  
noudat ek daaraan dink, stuur 'n bietjie vir weerman  
Champignol na my toe.
- CHAMPIGNOL (WAT OP DIE VERHOOG BLY STAAN HET, MET DIE GROEP ONDER  
DIE BEVEL VAN BELOUETTE) Vir my? (KOM STAMP-STAMP  
UIT DIE RY TUSSEN SINGLETON EN LAFAUCHETTE DEUR) Ja,  
Kaptein?
- CAMARET: En wie't gesê jy moet hiernatoe kom, hé?
- CHAMPIGNOL: Maar ...
- CAMARET: Is jou naam dan sersant Bélouette? Nee? Terug in gelid!
- CHAMPIGNOL: A! Ja, goed, Kaptein. (HY GAAN WEER LINKS VAN DIE  
GROEP VERBY TERUG NA DIE TWEDE RY.) Ou knol! Te oud  
om aldag te weet hoe hy dit het!
- CAMARET: (AAN BELOUETTE) Gaan maar, Sersant! (BELOUETTE GAAN  
REGS AGTER UIT. TERSY, REG VOOR OP DIE VERHOOG, AAN  
HOMSELF.) Dis waar. Mens kan so 'n kansie nooit laat  
verbygaan nie, en aangesien ek tog nou vir Champignol  
hier het, sal ek sommer dat hy gou bietjie my portret  
vir my skilder. (AAN GROSBON) Toe, begin maar die oef-  
ening! Ek gaan kyk of die kwartiere nou aan die kant is.  
(HY GAAN DIE EERSTE BARAK REGS BINNE. GROSBON BLY OP  
DIE VERHOOG MET SY GROEP WAT BESTAAN UIT CHAMPIGNOL,  
BADIN, SINGLETON, LAFAUCHETTE, DIE PRINS, LAVALANCHE.)
- GROSBON: (GEE DIE BEVEL MET SY RUG NA DIE GEHOOR) Peleton!  
Aandag! In gelid, aantree! (DIE SOLDATE VOER DIE BE-  
WEGING UIT EN IS NOU IN EEN RY, IN HIERDIE VOLGORDE:  
LINKS 'N LANDWEERMAN, DAN CHAMPIGNOL, SINGLETON, LA-  
FAUCHETTE, BADIN, LAVALANCHE, DIE PRINS.) Peleton!  
Regs rig! (DIE SOLDATE NEEM HUL AFSTAND SODAT HUL GENOEG  
BEWEEGRUIMTE HET.) Peleton! Oë front! En nou begin  
die m<sup>a</sup>nd se oefening in alle erns! Manne, daar's nie tyd  
vir speel nie! Julle gaan wakker loop, en julle gaan  
oefen dat julle kraak! Anders sal ek vir julle leer  
klippe kou! (GEE DIE BEVEL) Peleton! Aandag! Horison-  
tale beweging van die gestrekte arms in twee tellings!  
Hier is die beweging: Een, twee, een, twee. Begin!
- SOLDATE: (DOEN DIE OEFENING) Een twee, een, twee!
- GROSBON: Tegelyk! Dis slap! Slap! Komean! (AAN CHAMPIGNOL) Jy  
daar anderkant, jy's slap!
- CHAMPIGNOL: As die keurkomitee van die Nasionale Gallery my nou moes  
sien!
- GROSBON: Peleton! (BEVEEL) Halt! (DRAF NA CHAMPIGNOL) Het jy  
nie ore nie?
- CHAMPIGNOL: Ag, verskoon my, Korporaal, ek het nie so mooi verstaan  
nie!



GROSBON: Hoe bedoel jy jy't nie so mooi verstaan nie? Sal jy mooier verstaan as ek vir jou 'n paar ore kom aanplak? Wie het hierdie pperasie in my peloton kom aflagi? (AAN BADIN) En jy, jy daar anderkant, jy, swierbol! Haal daardie keil van jou kop af, mens kannie oefen met 'n skoorsteen op jou kop nie!

BADIN: Reg, Korporaal! (HY HAAL SY KEIL AF MAAR WEET NIE WAAR OM HOM TE SIT NIE, EN HOU HOM DUS IN DIE REGTERHAND VAS.)

GROSBON: Peleton! Aandag! Horisontale beweging van die arms met vertikale kniebuigings! Aldus! Een-twee, een-twee. Begin!

CHAMPIGNOL: Duiwelsdrek! Wat te gek is, is te gek!

SOLDATE: (TERWYL HULLE OEFEN) Een! Twee!

---

TIENDE TONEEL

DIESELFDE, CHAMEL, MAURICETTE.

CHAMEL: (KOM BY DIE HOTEL UIT, GEVOLG DEUR MAURICETTE. HY DRA 'N VISSTOK OOR DIE SKOUER, EN 'N VISMANDJIE HANG SOOS 'N BANDELIER OM HOM.) Kom, kom Mauricette!

MAURICETTE: (KOM VORENTOE) Ag, Pappa! Kyk! Hulle doen oefeninge!

SINGLETON: (SIEN VIR MAURICETTE) My ou goggatjie! (MAURICETTE MAAK GEBARE VIR SINGLETON.)

MAURICETTE: Ag, Pappa, kyk net! Hy oefen baie beter as al die ander!

SINGLETON: (TERSY) Sy moenie vir my kyk nie. Ek lyk seker simpel!

GROSBON: Peleton! Halt! (SIEN VIR MAURICETTE) Aitsa! Hou my vas! (AAN DIE SOLDATE) Komaan, kêrels! Wys nou julle slag sodat die toeskouers kan sien! (BADIN SIT SY KEIL OP DIE GROND NEER.)

MAURICETTE: (AAN CHAMEL) Ag, Pappa, ek het sommer lus en gaan soen vir hom!

CHAMEL: Nee, my ou dogtertjie, dit mag jy nie nou doen! Bietjie later! Elke ding op sy tyd, né?

GROSBON: (BEVEEL) Peleton! Aandag! Linksom! (DIE SOLDATE VOER DIE BEVEL UIT, MAAR SINGLETON KEER REGSOM.) Peleton! Front! (DIE SOLDATE KOM WEER MET DIE AANGESIG NA DIE GEHOOR TE STAAN. SINGLETON VOER DIE BEVEL ANDERSOM UIT EN STAAN MET SY RUG NA DIE GEHOOR.) Kyk net! Kyk net daardie uilskuiken daar anderkant!

MAURICETTE EN CHAMEL: Hé?

(SINGLETON DRAAI OM, MET SY AANGESIG NA DIE GEHOOR.)

GROSBON: Uilskuiken! Weet hy nog nie waar sit sy linkervlerkie nie? Hé? Uilskuiken?

SINGLETON: (TERSY) Ag, nie voor haar nie!

MAURICETTE: Hy mag nie so met my manliefie praat nie! Ek sal dit nie toelaat nie!

CHAMEL: Laat staan vir hulle, my ou dogtertjie! Hou jou tog maar uit die soort oefeninge uit!

SINGELTON: Korporaal, ek wil net vir Korporaal sê ...

GROSBON: "Korporaal, ek wil net vir Korporaal sê" ... Kyk net die ou soet gesiggie! En ek wil net vir jou sê dat jy liewers nog nie moet trou nie, want jy's ook nog net man omdat jy broek dra!

SINGLETON: Oe!

MAURICETTE: Oe!

GROSBON: (AAN CHAMEL WAT NABY HOM STAAN) Kyk dan net hoe lyk hy! Mondvol melktande! Sopnet agter die ore!

CHAMEL: (KOM NADER) Monsieur, hy is my skoonseun, daardie een!

GROSBON: O, hy's u ... o ja, hm... Peleton! Regsom! (DIE SOLDATE VOER DIE BEVEL UIT) Met die loopas, voorwaarts mars! (BIDIN TEL SY KEIL OP EN SIT HOM OP SY KOP: AL DIE SOLDATE OP 'N DRAFSTAP LINKS AGTER UIT.)

---

ELFDE TONEEL

MAURICETTE, CHAMEL, DAN CAMARET, DAN CHAMPIGNOL, DAN BELOUETTE EN SAINT-FLORIMOND.

MAURICETTE: Ag, Pappa, het Pappa gesien hoe werk daardie vieslike monsieur met my manlief?

CHAMEL: Vergeet daarvan, my ou dogtertjie! Dis sommer aldatetaal, hy bedoel dit nie so erg, hulle praat maar altyd so! En toe, het jy dan nie lus om saam met my te kom vissies vang?

MAURICETTE: Nee, ek gaan nou vir Pappa laat staan. Ek wil bietjie na daardie madame Rivolet toe gaan. Ek het mos nog die brief wat die kommissaris vir haar geskryf het om vir haar te sê wie ons eintlik is. En as ons dan nou 'n maand lank hier moet bly, dan kan ons maar net sowel begin vriende maak.

CHAMEL: Nou, maak dan maar so, my ou dogtertjie!

MAURICETTE: Tot sien, dan, Pappa! (SY GAAN LINKS AGTER DIE HOTEL AF)

CHAMEL: Ek sal maar gaan lyn natmaak! Aangesien La Brèche nou tog hier verbyvloei. En vanoggend het ek mos 'n lekker plekkie gesien, daardie poel by die boom! Nee, daar sal vir jou 'n paar vet vissies wees. ("aain paar vêt viesjiesja weesj")

CAMARET: (KOM BY DIE EERSTE BARAK UIT) Skandelik! Die kwartiere is in 'n skandelik toestand! Waar is die sersant?

CHAMEL: O, daar's die kaptein!

CAMARET: (KOM VORENTOE) Monsieur Chamel! En waar gaan u nou na toe?

CHAMEL: Ek gaan 'n paar vet vissies vang! ("viesjiesj)

CAMARET: Viesjiesj? Wat se goed is dit? Hoe lyk hulle?

CHAMEL: Verskillend. Alle vissies lyk mos nie eners!

CAMARET: O Vissies!

CHAMEL: Ek sê mos vissies!

CAMARET: Ag ja! En sê vir my, u't nie daardie neef Champignol van u hier rond gesien nie?

CHAMEL: Nee, ek het nie!

CAMARET: (GAAN REGS AGTERTOE) Nou waar bly hy dan? Ek het tog vir hom laat roep!

FLORIMOND: (HY DRA NIE MEER KORVEETENUE NIE: HY HET SY UNIFORM AAN. BELOUETTE KOM REGS MIDDEL SAAM MET HEM IN.) Maar wat wil die majoor van my hê?

BELOUETTE: Hoe moet ek weet? Hy sal self vir jou sê. (HY WYS NA CAMARET)

CAMARET: A, daar is jy, daar is jy!

CHAMEL: (AAN S.FLORIMOND) Goeiendag, Meneer die Arrestant!

FLORIMOND: (TERSY) Arrestant! (HARDOP) Dag, dag, ja, dag, Kaptein.

CAMARET: (AAN BELOUETTE) Luister, Sersant: ek het nou net weer die kwartiere geïnspekteer: dis net so deurmekaer soos vaneffe: hulle is sleg uitgegee, en daar lê bagasie en goed op die beddensmond! Ek wil nie so 'n deurmekaarspuul sien nie! Sorg nou dat dit aan die kant kom!

BELOUETTE: Reg, Kaptein! (HY GAAN DIE EERSTE BARAK BINNE. GEDURENDE DIT VOORAFGAANDE HET CHAMEL MET S.FLORIMOND STAAN EN GESELS.)

CAMARET: Kom hier, Champignol!

FLORIMOND: Kaptein?

CAMARET: Aangesien jy nou nie sommer elke Jan Rep is nie, gaan ek nou vir jou 'n vriendskap bewys.

FLORIMOND: Vir my, Kaptein?

CAMARET: Vir jou! Ek stel jou vry van alle kasernediens!

FLORIMOND: Dankie, Kaptein!

CAMARET: Maar in ruil daarvoor gaan jy jou skildergoed haal, en jy gaan my portret vir my skilder!

FLORIMOND: Hoe nou, Kaptein?

CAMARET: Ek het gesê: jy gaan jou skildergoed haal, en jy gaan my portret vir my skilder!

FLORIMOND: Ek het gehoor, Kaptein. (TERSY) Ag, heiden dit ook nog!

CAMARET: En toe, waarvoor wag jy dan?

FLORIMOND: Kaptein, dit sou vir my 'n groot eer gewees het, maak ek kan nie! Ek kan doodeenvoudig nie!

CAMARET: Hoe bedoel jy kan doodeenvoudig nie?

FLORIMOND: Wel, Kaptein ...

CAMARET: Weier jy?

- FLORIMOND: O nee, nee, Kaptein, dis net ... wel, ek het nie my goed hier nie. Ek het nie eers een ou kwassie hier nie. My goed lê alles by die huis, in Parys.
- CAMARET: Ag nee, maar dis nou vervelig van jou!
- FLORIMOND: Ja, Kaptein, is dit nie? Dis vir my ook net so vervelig, want as ek net my goed hier gehad het, dan sou dit vir my 'n genot gewees het ... Kaptein ... ek sou sommer onmiddellik weggespring het ... ja ... begin het!
- CAMARET: Ag, kyk nou so! So lastig.
- FLORIMOND: Ja, dis vreeslik lastig ... nou regtig lastig! (HULLE HET STADIG LINKS BEWEEG, NOG ALTYD IN DIESELFDE VOLGORDE.)
- BÈLOUETTE: (KOM UIT DIE EERSTE BARAK, REGS) Kaptein, die kwartiere is nou mooi aan die kant, daar lê nie meer 'n dingetjie rond nie, buiten hierdie goed hier. Dis allerhande soort verfgoed en tot 'n doek en 'n verfdooos ook. (BÈLOUTTE HET AL DIE GOED BY HOM, ASOOK DIE VOUSTOELTJIE EN DIE ESEL.)
- CAMARET  
CHAMEL : Hé?  
FLORIMOND
- CAMARET: 'n Verfdooos!
- BELOUETTE: Ja, dit behoort aan Champignol, Kaptein, sy naam staan daarop.
- CAMARET: (AAN FLORIMOND) Wil jy glo! En wat het jy nou net vir my gesê? (AAN BELOUETTE) Dis goed, ja. Sit dit alles hier neer! (BELOUETTE SIT DIE GOED OP DIE GROND NEER.)  
Ja, nou toe nou. En jy kom vir ons staan en sprokies vertel, né sprokies van by die huis en in Parys, hé?
- FLORIMOND: Maar hoe moes ek geweet het, Kaptein! Wie sou die goed dan nou alles hiernatoe gebring het? Ek het g'n ding saamgebring nie! A! Straks was dit my vrou wat vir my wou kom verras het! Ag, nou ja, die goed is nou hier, dit kan ek nou nie ontken nie, né, die goed is nou alles hier!
- CAMARET: Ja, dis die hoofsaak, né? Nou kan jy begin aanstalties maak!
- CHAMEL: (AAN SAINT-FLORIMOND) Is dit nou nie vir jou 'n geluk? Nee, maar dis nou regtig 'n geluk ... en netnou was jy nog so teleurgesteld! En kyk nou net! (HY STAP VOOR S.FLORIMOND VERBY EN WAT DIE ESEL EN DIE VOUSTOEL EN DRA HULLE WEER VOOR SAINT-FLORIMOND VERBY NA LINKS.)
- FLORIMOND: Bekonkelde ou kameel!

---

TWAALFDE TONEEL

CAMARET, CHAMEL, SAINT-FLORIMAN, DAN CHAMPIGNOL

- CAMARET: (AAN S.FLORIMOND) Toe, sit nou solank jou goed reg.  
(HY GAAN ÆTERTOE)

FLORIMOND: (MAAK DIE SAK DOOP) Ag, saligheid, watter slag!

CHAMEL: (SIT DIE VOUSTOEL EN DIE ESEL REG) Wag, ek sal vir jou help!

FLORIMOND: Nee, nee, nee, daar's absoluut geen haas nie!

CAMARET: (KOM WEER VORENTOE) Hoe bedoel jy daar's geen haas nie! Kom! Kom! Hoe gaan jy vir my skilder?

FLORIMOND: (TERSY) Ja! Hoe? Dit sou ek ook graag wou weet!

CAMARET: Wag, wys nou eers vir my hoe ek moet staan ... kyk nou, hoe lyk dit nou vir jou? Is dit goed so? (HY SLAAN 'N HOUDING AAN.)

FLORIMOND: Eersteklas! Maar ek dink dit sou beter wees as u sit, Kaptein!

CAMARET: Ja, dis 'n goeie idee. Ja, ek sit ook baie liefier as ek geskilder word ... Gaan haal vir my 'n stoel!

FLORIMOND: Ek gaan, Kaptein. (HY GAAN DIE HOTEL BINNE, CAMARET EN CHAMEL WAG OP DIE TREETJIES VAN DIE HOTEL.)

BÉLOUETTE: (KOM MIDDEL LINKS MET CHAMPIGNOL BINNE) Toe, Komaan!

CHAMPIGNOL: Ek kom mos, Sersant. Wat moet ek doen? (BELOUETTE GAAN DIE EERSTE BARAK REGS BINNE. HY SIEN DIE ESEL WAT LINKS OPGESTEL IS.) 'n Esel? Hé? Maar dis mos myne! En hier is al my goed! Voorbarige mense hier in die kamp! (HY PAK AL SY GOED SAAM EN GAAN NA DIE EERSTE BARAK REGS.)

CAMARET: (SIEN VIR CHAMPIGNOL) Haai! Troepie! Wat doen jy daar? Wat makeer vir jou! Is jy mal?

CHAMPIGNOL: (KOM TERUG) Nee, Kaptein ...

CAMARET: O, dis mos rammetjie-uitnek wat vir almal wil rondstoot! Jou horinkies gaat ons knip, gehoor! Sit neer daardie goed!

CHAMPIGNOL: Ja, maar ...

CAMARET: Sit nee, sê ek! (CHAMPIGNOL SIT DIE GOED BROM-BROM LINKS VOOR NEER.) Die ou brulpadda! As hy nie kan baesspeel nie, sal hy seker bars!

CAMARET: Vir wat moet hulle altyd sulke asjasse aan my kom afsmeer?

BELOUETTE: (KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS UIT) Toe jy, waarvoor sleep jy hier rond?

CHAMPIGNOL: Sersant?

BELOUETTE: (KAMTIG VRIENDELIK) Het jy vanoggend al iets gevat?

CHAMPIGNOL: Maar ek's dan fris en gesond, Sersant. Ek hoef mos niks te vat nie!

BELOUETTE: (VAT 'N BESEM UIT DIE BARAK EN GEE DIT VIR CHAMPIGNOL) Nou vat so, meneer Fris en Gesond, en vee die kwartiere vir my skoon!

CHAMPIGNOL: Ekke?

BELOUETTE: Wie anders? Nie ekke nie!

CHAMPIGNOL: Duiwelskind! As die Keurkomitee my nou moss sien!

DE TIENDE TONEEL

CAMARET, CHAMEL, SAINT-FLORIMOND.

(GEDURENDE DIE VOORAFGAANDE HET CAMARET EN CHAMEL DIE SKILDERGEREI ALLES REG GESIT EN UITGEPAK.)

FLORIMOND: (KOM MET 'N STOEL BY DIE HOTEL UIT) Hier is 'n stoel, Kaptein.

CAMARET: A, dankie!

FLORIMOND: (TERSY) Mag die gode my besiel!

(CAMARET GAAN SIT VOOR DIE DEUR VAN DIE HOTEL. SAINT-FLORIMOND SIT OP DIE VOUSTOELTJIE EN SY ESEL IS SO GESTEL DAT DIE DOEK GOED DEUR DIE GEHOOR GESIEN KAN WORD. DIE DOEK IS WIT EN DIE SPELER MOET NA EIE VERMOEË TEKEN EN VERF. CHAMEL STAAN AGTER SAINT-FLORIMOND MET DIE VIS-STOK NOG ALTYD IN DIE HAND.)

CAMARET: (WAT GAAN SIT HET EN 'N HOUDING AANGESLAAN HET.) So? Van voor af?

FLORIMOND: Hm ... nee ... die profiel (TERSY) Dit spaar my die helfte van die moeite.

CHAMEL: Ek hou weer meer van 'n hele gesig.

FLORIMOND: (TERSY) Ek wil nie weet waarvan kamele hou nie. Ek hou van 'n halwe gesig.

CAMARET: (GAAN SIT MET DIE PROFIEL NA S.FLORIMOND.) Op dié manier-?

FLORIMOND: Nee. Die regterkant! Dis die beste kant, Kaptein!

(TERSY) My regterhand verf beter as my linkerhand.

CAMARET: Nou ja, is jy gereed? (MET SY PARADE-STEM GEE HY DIE BEVEL) Begin!

FLORIMOND: (GAAN SIT VOOR DIE ESEL) Ag my heiden, hoe nou? (HY BEGIN MET 'N KRAGTIGE STREEP. TERSY) Die nood leer bid. En die nood leer verf. En soms, uit louter wanhoop...

CHAMEL: (AGTER HOM) Dis mooi! Wat is dit?

FLORIMOND: Dis die neus!

CHAMEL: O, ek og dis die skempie van die petjie!

FLORIMOND: Nes u wil ... maar moenie vir (my) steur nie! (HY TEKEN. TERSY) ... Ek hoop maar hy glo dis 'n besondere soort Champignol! Eie in sy soort!

CHAMPIGNOL: (KOM UIT DIE BARAK UIT. HY IS NOG ALTYD AAN DIE VEE.) Drommels, lyk ek dan vir hulle na 'n diensmeisie? (HY SIEN VIR SAINT-FLORIMOND WAT SIT EN TEKEN) Ag so, 'n kollega! (KOM VORENTOE) Hm ... nie wat wonders nie! Nie 'n baie begaafde kollega nie.

CHAMEL: (N OG ALTYD AGTER S.FLORIMOND.) Haai, en wat is dit daardie?

FLORIMOND: (ONGEDULDIG) Dis die oog! Sjuut nou, asseblief!

CHAMEL: O, dis die oog! (AAN CHAMPIGNOL) So 'n groot voorreg om 'n begaafde kunstenaar dop te hou! Dis mooi, né?!

CHAMPIGNOL: (TREK 'N GESIG) Hm ... onder die invloed van kinderkuns.

CHAMEL: Vreeslik modern!

CHAMPIGNOL: (KOM VOOR CHAMEL VERBY EN GAAN SKUGTER NA S. FLORIMOND TOE)  
Ekskuus tog ... maar ... 'n rapsie te veel ruimte, daar tussen die oog en die oor ...

FLORIMOND: Hoe nou?

CHAMPIGNOL: (HERHAAL SKU) 'n Rapsie te veel ruimte ... tussen die oog en die oor ...

CAMARET: (NOG ALTYD IN DIESELFDE HOUDING) Wat? Wat gaan nou hier aan? (DRAAI SY KOP) Wat snuffel hy alweer hier rond? Jy! Lammetjie! Gaan sê vir die sersant om vir jou twee dae kasernearres te gee!

CHAMPIGNOL: (TERSY) Vir my. (GAAN VOOR CHAMEL VERBY NA DIE EERSTE BARAK REGS.) Moet 'n groot kanon dan altyd 'n groot bek hê! En nou moet ek nog self vir die sersant gaan sê om ... vir my ...

CAMARET: Is jy doof? Het jy nie gehoor wat ek gesê het nie? Twee dae kasernearres!

CHAMPIGNOL: Ja, Kaptein. (GAAN DIE BARAK BINNE) Kasernearres! Kasernearres se anderding!

CHAMEL: Dis so interessant! As mens na al die strepies kyk, sou mens nooit kon dink hy skilder sulke pragtige portrette nie!

CAMARET: Nee, moord, nou reek my nek te styf. Is jy amper klaar?

FLORIMOND: Ja, as Kaptein so sê, dan is ek klaar!

CAMARET: (STAAN OP EN STAP AGTER DIE ESEL NA REGS) Dis nou genoeg vir vandag! Laat my sien!

FLORIMOND: Sien is een ding! En sê is 'n ander.

CAMARET: (KYK NA DIE SKILDERY OP DIE ESEL) Is dit ek daardie?

FLORIMOND: Daardie? ... Ja ... Kaptein.

CAMARET: (VAT DIE DOEK EN BEKYK HOM) En jy sê dit lyk na my !

FLORIMOND: Dis ... dis nog net die skets .. Kaptein! ... Kaptein moet weet, ons kunstenaars ... so 'n ... skets ... dis vir ons net 'n vastrapplek ... en dis net ons wat die strepe kan begryp ... die model uit so 'n skets kan herken ...

CAMARET: O so, ja. Want ek moet sê, ek herken myself glad nie!

FLORIMOND: Nee, dit verbaas my ook glad nie!

CAMARET: Gaan pak dan maar jou goed weg!  
(SAINT-FLORIMOND PAK SY GOED ONDER DIE VOLGENDE TONEEL-TJIE SAAM)

CHAMEL: Ek dink dit gaan 'n uitstekende stuk werk wees.

CAMARET: Ek hoop so, want tot dusver ...

CHAMEL: Ag, dis maar die begin! En nou gaan ek bietjie vissies vang. (AAN CAMARET) Het Kaptein nie lus om saam te kom nie?

CAMARET: Nee, dankie.

CHAMEL: Nou ja, tot later, né!

(HY GAAN LINKS AGTER UIT. CAMARET VERGESEL HOM EN VER-  
DWYN 'N DOOMBLIK LANK SAAM MET HOM. SAINT-FLORIMOND PAK  
NOG SY GOED BËG, VAT DIE GEREI IN EEN HAND, EN MET DIE  
ANDER VAT HY DIE STOEL WAT HY VANTEVORE VIR CAMARET GAAN  
HAAL HET, EN DRAG HOM TERUG HOTEL TOE.)

- SOLDATE: (KOM MIDDEL LINKS IN.) A 'n bietjie blaas! Hulle moor  
ons! My rug is af! ens.  
(HULLE GAAN NA DIE BARAK VOOR REGS.)
- GROSBON: Hei, nie so haastig nie. Wie van julle rowe kom saam met  
my om te gaan aertappels haal?
- PINGON: Ek sal kom, as Korporaal wil ...
- GROSBON: Jy? En watse werk doen jy in die lewe?
- PINGON: Ek is 'n vragdraer by die mark, Korporaal...
- GROSBON: Dan bly jy hier! (AAN DIE PRINS) En jy?
- PRINS: Ek is die prins van Valence
- GROSBON: A, 'n prins. Dan's jy net die regte man vir die aertap-  
pels! Toe, draf! (DIE PRINS GAAN MIDDEL LINKS UIT.)  
(DIE RES VAN DIE SOLDATE IS AGTER GEGROEPEER.)
- FLORIMOND: (MET SY SKOLDERGEREI KOM BY DIE HOTEL UIT. AAN CAMARET  
WAT WEER AGTER LINKS BINNEKOM) Nou, dan gaan ek maar,  
Kaptein!
- CAMARET: (AAN SAINT-FLORIMOND WAT REGS STAP.) Ja, En luister,  
jou hare is te lank; jy moet die goed volgens voorskrif  
laat sny!
- FLORIMOND: (TERSY) Maar kort hare pas nie my soort gesig nie!  
(HARDOP) Reg, Kaptein. (HY GAAN REGS DEUR DIE KASERNE-  
INGANG UIT.)
- CAMARET: (AAN LEDDOUX WAT UIT DIE EERSTE BARAK UITKOM) Luitenant  
Ledoux! Weerman Champignol se hare is te lank; jy moet  
sorg dat dit gesny kom!
- LEDDOX: Dis goed, Kaptein!
- CAMARET: Dok nie môre nie! Op stel en sprong!  
(HY GAAN DIE HOTEL BINNE)

---

VEERTIENDE TONEEL

LEDDOX, CHAMPIGNOL, DAN DIE BURGERMAG, DAN BÈLOUETTE, DAN LAVALANCHE,  
DAN DIE PRINS EN GROSBON.

- LEDDOX: Waar is Champignol heen? (SIEN VIR CHAMPIGNOL WAT UIT  
DIE BARAK UITKOM.) A, daar is hy! (AAN BELOUETTE)  
Sersant! Sorg dat daardie man se hare gesny kom.
- CHAMPIGNOL: Myne?
- BELOUETTE: Reg, Luitenant! (LEDDOX NA AGTER LINKS.)
- CHAMPIGNOD: Maar Sersant, my dokter het my daarteen gewaarsku!  
Hy het dit uitdruklik verbied!



BELOUETTE: En die luitenant het dit uitdruklik aanbeveel. (AAN GROSBBON WAT UIT DIE EERSTE BARAK GEKOM HET.) Korporaal, sorg dat dié man se hare gesny kom. (HY GAAN REGS AF.)

GROSBBON: Reg, Sersant! (ROEP) Haarkapper!

CHAMPIGNOL: Maar, Korporaal ...

GROSBBON: Hou jou mond!

HAARKAPPER: (KOM UIT DIE EERSTE BARAK UIT) Het u geroep, Korporaal?

GROSBBON: Gaan sny hierdie kêrel se hare vir hom. (HY GAAN NA LINKS AGTER)

HAARKAPPER: Goed, Korporaal. (AAN CHAMPIGNOL) Kom, ou matie!

CHAMPIGNOL: Waar kom hulle aan sulke eiegeregtigheid? (HY GAAN DIE EERSTE BARAK BINNE, GEVOLG DEUR DIE HAARKAPPER.)

GROSBBON: (SIEN DIE PRINS WAT MET 'N GROOT SAK AARTAPPELS INKS MIDDEL INGEKOM HET.) Toe, lig jou koninklike knieë! Hop! Hop! Meneer die Prins! Hop! Hop!

PRINS: (STEIER OOR DIE VERHOOG) O, la, la, la, la! Ai, moeder tog! Elke spier in my liggaam geskeur!

GROSBBON: Sit hom hier neer! (DIE PRINS SIT DIE SAK VOOR REGS NEER.) En nou, rowe, algar aan die aartappels skil! (DIE SOLDATE KOM SIT OM DIE SAK EN SKIL AARTAPPELS)

LEDOUX: (LINKS) En ek gaan gou 'n paar skywe trek! (STAP WEER HEEL AGTERTOEGE, LINKS) Ag, 'n hengelaar! Hy sal ook niks vang nie! Laat my bietjie sien. (HY GAAN AGTER LINKS UIT. DIE SOLDATE LAWAAI, EN DAN NEEM DIE STEM VAN LAVALANCHE OOR. HY SING TERWYL HY AARTAPPELS SKIL.)

LAVALANCHE:  
EN SOLDATE

Dames en here,  
Appels en pere,  
En ertappels bowenal!  
Lywe vol sere  
Swaar ou gewere  
So stadigaan raak ons mal.

Sokkies vol gate  
Visse vol grate  
Kaptein is 'n gawe vent!  
Ons is soldate,  
Siek en verlate,  
In hierdie ou regiment.

(LINKS WORD DAAR 'N GESKREE GEHOOR)

LEDOUX: (KOM VAN LINKS AGTER AF BINNE EN HARDLOOP VORENTOE)  
Help! Help! Kom manne, kom! Wie van julle kan swem?

SOLDATE: Wat makeer?

LEDOUX: Daardie hengelaar daar anderkant... hy't in die water  
geval! ... Goumaak ... Hardloop manne, hol!

SOLDATE: In die water geval?

SINGLETON: Dis seker Pappa!

LAVALANCHE: In die water geval! Lekker! Nou kan ons die oortappels  
los!

SOLDATE: (HARLOOP ALMAL) Hardloop manne, hol!

PRINS: (VOOR OP DIE VERHOOG, SONDER OM TE ROER)  
Hardloop, manne, hol!

---

VYFTIENDE TONEEL

DIESELFDE, CAMARET, DAN CHAMEL, LEDOUX EN DIE BURGERMAG, DAN  
SAINT-FLORIMOND.

CAMARET: (KOM UIT DIE HOTEL) Wat is dit hier?! Wie lawoai so?

PRINS: (DOODLUITERS) 'n Hengelaar het in die water geval.

CAMARET: 'n Hengelaar in die water ... en jy staan nog hier rond?  
Waarso? Waar is hy? Hardloop man, hol!

(CHAMEL, OMRING DEUR DIE BURGERMAG EN MET SINGLETON WAT  
HOM ONDERSTEUN, KOM LINKS AGTER BINNE: HY IS WATERNAT  
EN HY NIES SOOS EEN WAT WATER GESLUK HET.)

LEDOUX: Hierlangs! Hierlangs!

SINGLETON: Kom, Pappa!

CAMARET: Monsieur Chamel!

CHAMEL: (NIES) Atjoe! Atsjoe! Nat tot op my vel, tot op my vel!

CAMARET: Ag, was dit tog nie u nie, monsieur Chamel!?

CHAMEL: Kaptein, ag, Kaptein, so 'n skok vir my gestel ... in die  
water in, pens en pootjies ... Laat my vir u vertel...

CAMARET: Nee, nee, nie nou nie. Later. U kan tog nie in hier-  
die klere rondstaan nie ... g'n droë droë oen sy lyf nie.  
(AAN DIE BURGERMAG) Vat hom soontoe! Gaan help hom!  
(AAN CHAMEL) Kan ek vir u 'n drankie laat kom?

CHAMEL: Ag, asseblief tog! 'n Lekker cognac!

LEDOUX: Ek sal gaan! (HY GAAN DIE MENASIE BINNE)

SINGLETON: (AAN CHAMEL) Kom, Pappa!

CHAMEL: (STAP NA DIE UITGANG MIDDEL REGS) Pens en pootjies!  
Pens en pootjies!  
(HY NIES NOG TERWYL HY UITGAAN)

CAMARET: Foei tog, foei tog, skielik so beteuterd. (SIEN VIR  
SAINT-FLORIMOND WAT VAN HEEL REGS AGTER BINNEKOM) A,  
daar is jy! Jy's net betyds! Jou oom het in die water  
geval ...

FLORIMOND: (KOM VORENTOE) My oom, Kaptein? Ek het nie 'n oom nie!

CAMARET: Hoe bedoel jy jy het nie 'n oom nie! Monsieur Chamel is mos jou oom.

FLORIMOND: O, Chamel ... ja ... hy's eintlik my vrou se oom. Dis daarom dat ek nou ... O, hy't in die water geval? Ag, sies tog! (NA 'N POUSE, NONCHALANT) Is hy dood?

CAMARET: Hoe bedoel jy is hy dood? Het jy dan geen gevoel vir jou familie nie? Nee hy is nie dood nie! Maar hy lyk donders sleg! Nou wêg wag jy nog? Gaan nou na hom toe! Soontoe!

FLORIMOND: JA, Kaptein, ja!

CAMARET: Wag 'n bietjie! En jou hare? Is dit soos hulle jou hare gesny het?

FLORIMOND: (LIG SY PET) Nee, Kaptein, hulle is nog nie gesny nie!

CAMARET: Hoe bedoel jy, nog nie gesny nie!?

FLORIMOND: (GAAN DIE EERSTE BARAK BINNE) Ag, my arme omie! In die water geval! Ag, sies toggie!

CAMARET: Maar hoe kan hulle nog nie sy hare gesny het nie? Watse laksheid is dit! Ek sal daardie luitenant moet vasvat!

LEDOUX: (KOM BY DIE MENASIE UIT EN VORENTOE) 'n Lekker cognac!

CAMARET: Luitenant Ledoux, het ek dan nie vir jou gesê om te sorg dat weerman Champignol se hare gesny kom nie!?

LEDOUX: Ja, Kaptein! Hulle is nou daarmee besig.

CAMARET: Luitenant! Jy praat deur jou nek! Twee dae kasernearres omdat jy nie my bevel uitgevoer het nie!

LEDOUX: Maar, Kaptein!...

CAMARET: Bly stil! Dis genoeg! (HY GAAN DIE HOTEL BINNE)

---

SESTIINDE TONEEL

LEDOUX, DAN CHAMPIGNOL, DAN BELOUETTE, DAN GROSBON, DAN DIE HAARKAPPER.

LEDOUX: Daardie vuilgoed van 'n Champignol! Nou sit ek hier ingehok! Wag maar, jakkals, vir jou gaan ek nog bykom!

CHAMPIGNOL: (KOM BY DIE BARAK REGS UIT EN STAP VORENTOE. SY HARE IS KORTER.) Daar ... alles afgesny!

LEDOUX: O, daar is jy, né! Het ek nie vir jou gesê om jou hare te laat sny nie?

CHAMPIGNOL: (LIG SY PET) Hulle is nou net gesny, Luitenant!

LEDOUX: Bog! Jy moenie met my kom bog praat nie! En dan't jy boonop vir my in 'n gemors laat beland, né! Twee dae kasernearres! (STAP AGTERTOE EN ROEP) Sersant Bêlouette!

BÊLOUETTE: (KOM BY DIE BARAK UIT) Luitenant?

LEDOUX: Het ek nie vir jou gesê om te sorg dat die man se hare gesny kom nie?

BELOUETTE: Sy hare is nou net gesny, Luitenant!

LEDOUX: Bog! Drie dae kasernearres omdat jy nie my bevel uitgevoer het nie! (HY STAP AGTER CHAMPIGNOL VERBY EN

GAAN LINKS MIDDEL UIT.)

- BELLOUETTE: (NADAT LEDOUX UIT IS) O so, dis jy wat my in dié gemors laat beland het, né! Drie dae kassernearres. Wag net so 'n bietjie. (ROEP) Korporaal Grosbon!
- GROSBON: (KOM BY DIE BARAK UIT EN STAP VORENTOE) Sersant?
- BÈLOUETTE: Het ek nie vir jou gesê om te sorg dat hierdie man se hare gesny kom nie?
- GROSBON: Sy hare is nou net gesny, Sersant!
- BÈLOUETTE: Jy moenie kom kof praat nie! Vier dae kassernearres omdat jy nie my bevale uitgevoer het nie. (HY GAAN REGS AGTER AF.)
- GROSBON: (AAN CHAMPIGNOL TERWYL HY VORENTOE KOM) O, dis jy wat vir my in die gemors laat beland het, né! Vier dae kassernearres!
- CHAMPIGNOL: (TERSY) Nege! Alles tesame ...
- GROSBON: Wag net so 'n bietjie! (ROEP) Haarkapper!
- HAARKAPPER: (KOM UIT DIE BARAK) Korporaal? (STAP VORENTOE)
- GROSBON: Het ek nie vir jou gesê om die man se hare te sny nie?
- HAARKAPPER: Ek het hulle gesny, Korporaal!
- GROSBON: Jy moenie kom twak praat nie! Vier dae kassernearres omdat jy nie my bevale uitgevoer het nie.
- HAARKAPPER: Oe! (TERSY) Vandag hou ons vir ons geniepsig.
- GROSBON: Loop sny nou onmiddellik sy hare, onmiddellik! (HY GAAN UIT)
- HAARKAPPER: (AAN CHAMPIGNOL) Ag nee, jongie! Dis nou nie mooi gemaak nie!
- CHAMPIGNOL: Jammer dat ek niks kassernearres van hom kan kry nie! Mens sit so half en wag dat hulle jou telling vir jou opstoot!
- HAARKAPPER: Kom, jongie, kom! (GAAN DIE EERSTE BARAK BINNE, GEVOLG DEUR CHAMPIGNOL.)

---

SEWENTIENDE TONEEL

DIESELFDE, CHAMEL, SINGLETON, DIE PRINS, LAFAUCHETTE, DIE BURGERMAG.

- SINGLETON: (KOM BY DIE INGANG NA DIE KASERNE BINNE MET CHAMEL, LAFAUCHETTE, EN DIE PRINS. AAN CHAMEL, WAT 'N UNIFORM AAN HET.) En toe, Pappa, gaan dit nou beter?
- CHAMEL: (KOM VORENTOE) Ja, nou gaan dit goed met my ... Ek moet sê, Menere, dit was regtig dierbaar van julle om vir my die klere te leen.
- ALMAL: Ag, met plesier!
- SINGLETON: Pappa s'n is in die kombuis, hulle sal nou gou droog wees.
- CHAMEL: Hoe lyk ek? Lyk ek darem netjies?
- SINGLETON: Kom ons sê Pappa lyk net soos een van ons.
- CHAMEL: Dit was tog so dom van my om so in die water te geval het, né?

SINGLETON: En hoe't dit dan gebeur, Pappa?

CHAMEL: (GAAN SIT OP DIE BANK. ALMAL STAAN OM HOM ROND.) Nou ja! Dis hoe dit gebeur het! Daar sit ek toe op die oewer van die rivier, maar van die oewer af kan mens nie regtig diep genoeg ingooi; en toe sien ek 'n lekker, dik tak, wat ver oor die water uitsteek, en toe spring ek op hom, en, pardoems, daar val ek in die water in! Pens en pootjies in die water in! (ALMAL LAG)

GROSBON: (KOM MIDDEL LINKS INGEHARDLOOP) Die majoor! Hier kom die majoor! Skuiwe, manne, almal in julle hole in!

SOLDATE: Die majoor! O! (HY HAAS HULLE IN DIE EERSTE BARAK IN, EN STAMP BYNA VIR CHAMEL OM.)

GROSBON: (GAAN LAASTE BY DIE BARAK IN) Hier kom hy! Hier kom hy! (DAAR WORD 'N GERAAS UIT DIE KWARTIERE GEHOOR.)

CHAMEL: (IN DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL) Wat skeel hulle dan so skielik? Ag, maak nie saak nie. Gesellig hier in die sonnetjie. Na daardie koue water! ... (HY GAAN LÊ OP DIE BANK WAT VOOR DIE AFDAK VAN DIE MENASIE STAAN.)

#### AGTIENDE TONEEL

CHAMEL, FOURRAGEOT, DAN BÉLOUETTE.

FOURRAGEOT: (KOM MIDDEL LINKS BINNE, MET 'N SIGAAR IN DIE MOND, EN STAP REGS VORENTOE) En hoe's daar dan niemand te sien nie! So 'n vrot sigaar ... gaan aanmekeer dood. Eienaardig! Die ding was tog duur genoeg! Beter kan jy nie op die swart mark kry nie. (HY HAAL 'N DOBIE VUURHOUTJIES UIT SY SAK EN STEEK DIE SIGAAR WEER OP.)

CHAMEL: (UITGESTREK OP DIE BANK LÊ EN NEURIE HY 'N SWIT<sup>S</sup>ERSE KOEILIEDJIE = DIE DANSMUSIEK VAN DIE HERDERS IN DIE ALPE.)  
La, la, la, la, la!

FOURRAGEOT: (DRAAI OM) En wat's dit dan nou?

CHAMEL: (DIESELFDE) La, la, la, la, la, la!

FOURRAGEOT: (SIEN VIR CHAMEL EN GAAN SUUTJIES NA HOM TOE, MAAR CHAMEL NEURIE LUSTIG VOORT. DIE MAJoor GAAN REG VOOR HOM STAAN.) Burgermag! Vadsige vent! Hierso, troepie, wat maak jy hier?

CHAMEL: (OPDIE BANK) Moesju! (Monsieur)

FOURRAGEOT: Monsieur! Hy noem vir mý monsieur! Wat het jy daar gesê? Met wie dink jy praat jy, hé? Kan jy nie sien met wie jy praat nie! Moesju!

CHAMEL: Moesju?

FOURRAGEOT: Luister! Kan jy nie hoor as ek met jou praat nie? Is dit vir mý wat jy staan en "Moesju?"

CHAMEL: Ja, Moesju.

- FOURRAGEOT: Maar sal jy ... Jou javel! Is dit al wat jy kan uitkry? Moesju! Moesju!
- CHAMEL: Wie is hierdie ou naarheid?
- FOURRAGEOT: En staan op! Waar kom jy daaraan! Waar't jy gesien 'n manskap lê voor sy majoor? Komaan, jy, opstaan en ruk jou reg! (CHAMEL HAAL SY SKOUERS OP EN GAAN LÊ WEER EN SING. FOURRAGEOT IS BRIESEND EN GRYP HOM AAN DIE KRAAG EN STAMP VIR HOM VORENTOE.) Ek het gesê jy moet opstaan!
- CHAMEL: Wat is dit tog? Kan Moesju my nie met rus laat!
- FOURRAGEOT: Wat sê jy daar? Vir jou gaan ek nog wys hoe lyk geslote arres!
- CHAMEL: Moesju moet nie sulke onsinnige dinge sê.
- FOURRAGEOT: Jy's nie nou op die plaas nie, jou gomtor! Jy moenie jou nek hier kom dikmaak, nie gehoor! Want ek's nie 'n man wat met my laat mors nie! Vir jou gaan ek 'n stang in die bek sit!
- CHAMEL: Maar luister Moesju dan nou 'n slaggie na my: ek sal vir Moesju verduidelik. (TERWYL HY PRYAT HAAL HY 'N WOLRAFELTJIE VAN DIE MAJDOOR SE BRADJIE AF.)
- FOURRAGEOT: Hou jou kloue van my af! (HY KLAP CHAMEL SE HAND.)
- CHAMEL: Eina! (STAP VORENTOE) Haai kyk net hoe iewerig raak hy. Nee wát, met Moesju kan mens ook nie praat nie. Moesju skree en raas die hele tyd.
- FOURRAGEOT: (ROEP) Sersant! Wie is hierdie troep hier?
- BÉLOUETTE: (WAT ONMIDDELLIK REGS OPDAAG EN VORENTOE STAP) Ek weet nie, Majoor. Dis seker een van die rowe wat vanoggend hier opgedaag het.
- FOURRAGEOT: O so, né? En ken seker glad nie 'n kaserne nie. Was jy nog nooit 'n militêr nie?
- CHAMEL: Ek? Nog so nooit aste nimmer! Ek het nog altyd my Switserse paspoort.
- FOURRAGEOT: A! Beesboertjie uit die berge! Ja, nou begryp ek! Hoe heet jy?
- CHAMEL: Chamel!
- FOURRAGEOT: Gee vir Chamel vier dae geslote arres.
- CHAMEL: Vir my?
- FOURRAGEOT: En gaan sê vir een van die korporaals om hom te vat en vir hom 'n uur lank al die regulasies voor te lees, alles aangaande die uiterlike vertoon van respek in die leër.
- BÉLOUETTE: Ja, Majoor!
- FOURRAGEOT: (DIE MAJDOOR STAP NA DIE BARAKKE TOE) Ja, plaasjapie, jy moet pasop! Vir jou sal ek nog in jou eie saet makmaak! (HY VERDWYN BROM-BROM IN DIE BARAKKE IN.)
- STEM VAN GROSSEBON: (BINNE IN DIE KWARTIERE) Peleton! Aandag!

CHAMEL: (AAN BÉLOUETTE NA DIE MAJDOOR VERDWOYN HET) Luister, waarom is hy so 'n kriewelkop, daardie sersant!

BÉLOUETTE: Hou jy jou smoel! (AAN CHAMEL, AS HY VIR LEDOUX OP- MERK WAT LINKS MIDDEL INKOM.) En wag jy hier! Ek moet eers met die luitenant gaan praat.

---

NEGEN TIENDE TONEEL

DIESELFDE, LEDOUX, DAN CHAMPIGNOL.

LEDoux: (LOOP MET 'N BRIEF IN DIE HAND VORENTOE.) Ag land! Dis nou vir jou 'n lolly. Hier skryf my nou ek moet vanaand kom kuier en hier sit ek met twee dae kasernearres! Daardie verbrande vuilgoed van 'n Champignol!

BÉLOUETTE: (KOM VORENTOE) Luitenant, ek wil net kom sê: een van die wagte het siek geword, ons sal hom moet vervang.

LEDoux: Vervang? Laat Champignol hom vervang. Gee vir Champignol die diens.

BÉLOUETTE: (GAAN AGTER LEDOUX VERBY NA CHAMEL) Champignol? Reg, Luitenant.

LEDoux: Ek sal nog sy wêreld vir hom warm maak, oor die agterbakse maniere wat hy hier kom uithaal.

BÉLOUETTE: (AAN CHAMEL) Hier jy! Kom saam!

CHAMEL: Waarheen gaan ons?

BÉLOUETTE: Jy sal nog hoor waarheen!  
(HULLE GAAN REGS AGTER AF.)

LEDoux: (KOM VORENTOE) Ingehok? Watse ingehok! Snags is dit mos die luitenante wat die bevelvoerders in die kamp is. En vanaand gaan hierdie bevelvoerder vir 'n sekere meisiekind wys hoe lyk ingehok!

CHAMPIGNOL: (KOM UIT DIE EERSTE BARAK: SY HARE IS KORTGEKNIP: HY STAP VORENTOE) Kael! Kaelgeskeer!

LEDoux: A, daar is jy! En is jou hare nou uiteindelik gesny?

CHAMPIGNOL: O ja, Luitenant! (LIG SY PET) Is dit nou goed genoeg, so?

LEDoux: Ja, nou is dit goed. En nou gaan maak jy vir jou reg, jy's op wagdiens!

CHAMPIGNOL: Ek?

LEDoux: (STAP AGTER HOM VERBY NA DIE EERSTE BARAK TOE) Ja, jy! Toe, kom nou!

CHAMPIGNOL: Ag, nou ja, dis ook nie eldag Krismis nie.

TWINTIGSTE TONEEL

LEDOUX, DAN CHAMEL, EN GROSBON, DAN MAURICETTE, DAN SINGLETON.

- CHAMEL: (KOM BY DIE KASERNEINGANG BINNE GEVOLG DEUR GROSBON.)  
Nee, ekskuus vir my. Dit het niks met my te doen.
- GROSBON: (LEES DIE REGULASIES WAT HY IN SY HAND HOU) "Alle manskappe, d.w.s. onderoffisiere, sersante, korporaals en weermaane ...
- CHAMEL: (KOM VORENTOE) Oi!
- GROSBON: "wat gewapen is terwyl hulle 'n offisier aanspreek, moet op aandag staan en geweer presenteer ..."
- CHAMEL: (HAAL IN WANHOOP SY SKOUERS OP, DRAAI SY OË OMHOOG EN SING.) La,la,la, la,la,la,...
- GROSBON: Hei! Jy moet luister wat ek vir jou voorlees ...
- CHAMEL: Ja, ja! Ek luister.
- GROSBON: O so! En as jy nou jou geweer by jou het, en 'n offisier kom verby ... nou wat moet jy dan doen?
- CHAMEL: Ek? Hé... Ek moet ... ek moet skiet!
- GROSBON: Skiet? Jy sal geskiet word! En dis hoe jy luister!
- CHAMEL: Nee, ek raai somer! Watse goed lees jy daar? Daardie goed het niks met my te maak! Gaan lees jou lesery êrens anders!
- MAURICETTE: (KOM LINKS AGTER IN) Pappa, waar is pappa?
- CHAMEL: My ou dogtertjie!
- MAURICETTE: Pappa! Maar Pappa het dan 'n uniform aan.
- CHAMEL: Ja, en ek sal vir jou sê hoekom. My ou dogtertjie!  
Jou pappa het in die water geval!
- MAURICETTE: Het pappa in die water geval?!
- CHAMEL: Pens en pootjies! Maar ek het nou so bietjie herstel van die skok.
- GROSBON: (LEES VERDER UIT DIE ORDERS SONDER OM HOM AAN DIE GESPREK TE STEUR.) "As enige van die bogenoemde 'n offisier aanspreek...
- CHAMEL: Ek het daar op die oewer sit en vissies vang ...
- GROSBON: (LEES VERDER) ... "moet hy hom volgens rang aanspreek ..."
- CHAMEL: En ek het 'n dik tak gesien wat ver oor die water uitsteek ...
- GROSBON: (DIESELFDE) .."terwyl hy op aandag staan ..."
- CHAMEL: Allemoestieks, hou nou op! Ek kan self nie eers hoor wat ek sê!
- GROSBON: Ek het die bevel gekry om vir jou die regulasies te lees, en nou lees ek hulle!
- SINGLETON: (KOM MET CHAMEL SE BURGERDRAG UIT DIE EERSTE KARAK REGS EN STAP VORENTOE) Pappa, hier is Pappa se klere! Nou's hulle lekker droog!

TESELYK



CHAMEL: A, daar is my klere. Kon jy nie hoor ek sê vir jou ek is nie 'n soldaat.

GROSBON: Ek hoor net die sersant se bevele.

SINGELTON: En die luitenant het beveel dat Pappa sy gewone klere moet gaan aantrek.

GROSBON: Nou ja, as die luitenant dan so beveel het ... (HY GAAN REGS AGTER AF.)

CHAMEL: En was jy toe by madame Rivolet gewees?

MAURIGETTE: Ja, ek het die briefie daar laat staan en ons visitekaartjiesommer ook.

CHAMEL: Mooi, dis goed. Kom my ou kindertjies, kom.  
(HULLE GAAN DIE HOTEL BINNE. N ET VANTEVORE HET BÉLOUETTE GEVOLG DEUR SAINT-FLORIMOND BY DIE KASERNE-INGANG INGEKOM. HULLE IS IN WAGTENUË GEKLEED.)

---

EEN-EN-TWINTIGSTE TONEEL

FLORIMOND: (IN WAGTENUË MET DIE KENBAND VAN SY PET OM DIE KEN, AAN BÉLOUETTE) Maar hoekom het ek dan nou skielik wagdiens?

BÉLOUETTE: Maggie's man, maar jy is mos Champignol, of hoe? Nou ja, die luitenant het vir my gesê: "Gee vir Champignol die diens".

FLORIMOND: Een onhebbelike ongeluk op die ander! (AAN BÉLOUETTE) SERSANT!

BÉLOUETTE: Wat is dit nou?

FLORIMOND: Moet ek hier bly, Sersant?

BÉLOUETTE: Natuurlik moet jy hier bly!

FLORIMOND: Nee, ek bedoel, tot waar kan ek loop, Sersant?

BÉLOUETTE: Van hier tot hier. (HY WYS DIE HELE BREEDTE VAN DIE TONEEL, VAN DIE EERSTE BARAK TOT BY DIE MENASIE) En van hier tot daar, (HY WYS VIR HOM DIE SPASIE TUSSEN DIE MENASIE EN DIE UITGANG REGS AGTER.)

FLORIMOND: Reg, Sersant!  
(BÉLOUETTE GAAN DIE WAGHUIS BINNE. STIL TONEEL. SAINT-FLORIMOND MARSJEER, EERS OOR DIE BREEDTE VAN DIE TONEEL EN VERDWYN DAN TUSSEN DIE MENASIE EN DIE WAGHUIS. CHAMPIGNOL IN WAGTENUË KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS UIT. LEDOUX LOOP VOOR HOM UIT.)

LEDoux: Is jy reg? Hier's die skildwagbaan!

CHAMPIGNOL: Waar, Luitenant?

LEDoux: Waar! Gedorie waar! Hier natuurlik! En verder kan jy self uitvind! (HY GAAN LINKS AGTER UIT.)

CHAMPIGNOL: Skitterand! Skaars aangekom of ek is al 'n skildwag!  
(HY MARSJEER VAN DIE EERSTE BARAK NA DIE MENASIE; AS HY DIE TWEDE KEER OMDRAAI EN AGTERTOE STAP, KOM HY

CHAMPIGNOL: VAN AANGESIG TOT AANGESIG VOOR SAINT-FLORIMOND TE STAAN, WAT NOU JUIS VORENTOE KOM) Nog 'n wag!

FLORIMOND: Nog 'n wag.

CHAMPIGNOL: Wat doen jy hier?

FLORIMOND: Ek het wagdiens!

CHAMPIGNOL: Ek ook.

FLORIMOND: Dis gek!

CHAMPIGNOL: Gek né!

(HULLE MARSJEER VERDER, EN GAAN GEREELD BY MEKAAR VERBY.)

FLORIMOND: Is jy in die burgermag?

CHAMPIGNOL: Nee, landweer ... en jy?

FLORIMOND: Ek ook.

CHAMPIGNOL: Aangename kennis, Monsieur.

FLORIMOND: Aangename kennis, Monsieur.

(HULLE SKUD HAND, EN GAAN WEER AAN MARSJEER.)

CHAMPIGNOL: Hoor hier, is dit nie jy wat netnou die kaptein se portret sit en skilder het nie?

FLORIMOND: Net so! Dit was ek, ja.

CHAMPIGNOL: Is jy dan 'n skilder!

FLORIMOND: Nie eintlik nie. Nog nooit vantevore 'n skilderkwas in die hand gehad nie. En dis net daar waar die knoop lê!

CHAMPIGNOL: Hoe so?

FLORIMOND: Ag, dis 'n lang en romantiese storie, ou kêrel.

CHAMPIGNOL: Romanties? (VAT HOM AAN DIE ARM) Nou toe, vertel 'n bietjie! (GEDURENDE DIE VOLGENDE TONEELTJIE MARSJEER HULLE INGEHAAK OP EN NEER, MET DIE GEWEER OOR DIE SKOUER.)

FLORIMOND: Nou ja, jy weet ... dis 'n kwaai ou sakie, so 'n liefdesverhouding ... veral as die dametjie getroud is ... jy weet ... mens moet maar ligloop, né? Jou woorde tel, né?

CHAMPIGNOL: Ag ja, maar vir my kan jy tog maar alles vertel. Ek sal mos vir niemand anders gaan vertel nie!

FLORIMOND: Natuurlik nie! En in elk geval sal ek nooit die dame se naam noem nie... Nou ja, hier kom hy! (HULLE MARSJEER NOG STEEDS INGEHAAK) Ja, soos ek sê: ek het 'n tydlank vir 'n getroude dame die hof gemaak...

CHAMPIGNOL: Was sy mooi?

FLORIMOND: 'n Blom van 'n mens!... Maar laat ek sommer nou vir jou sê: Tussen my en hierdie dame het daar nooit iets gebeur nie; Ons het nooit oortree nie ... jy weet hoe ek bedoel né? Tussen die bye maar ver van die koeke!

CHAMPIGNOL: Dis wat hulle maar altyd sê!

FLORIMOND: Nee, nee, ek bedoel dit eerlik.

CHAMPIGNOL: (HET GEDRAAI EN STAP VORENTOE MET FLORIMOND.) O!! En jy sê dus gat jy toe op die ou end ... nêrens uitgekom het nie?

FLORIMOND: Nee, dit kan ek nie sê nie. Ek het êrens uitgekom!

- CHAMPIGNOL: A, sien jy! Ek sê mos vir jou!  
(HULLE BLY INGEHAAK EN MET DIE AANGESIG NA DIE GEHOOR STAAN.)
- FLORIMOND: Nee, nie so nie! Nee! Hier! Ek het hier uitgekom.  
Hulle het gedink ek is haar man, en nou moet ek sy diensplig hier doen!
- CHAMPIGNOL: Jy moet ...! (HY LAG) Dis 'n geluk ... ek bedoel vir haar man. Mens kan maar sê daar is darem 'n paar getroude ouens wat nog 'n bietjie geluk ook het! Nie dat ek van sulke geluk kan praat nie! Nie ek nie! Ek wens iemand wou my diensplig vir my kom doen ... haai, wat sê ek!...  
Maar hoor hierso, nou weet ek nog nie waarom jy die kaptein se portret sit en skilder het nie! Jy sê dan self dat jy nog nooit 'n verfkwas in die hand gehad het nie!
- FLORIMOND: Ek het ook nie! Maar ek het vergeet om vir jou te sê dat ~~die~~ dametjie se man ...
- CHAMPIGNOL: Ja, wat van hom?
- FLORIMOND: Wel, jy sien, hy's 'n skilder...
- CHAMPIGNOL: 'n Skilder? Dan's hy mos een van my kollegas! Nou lag ek tog te lekker!!
- FLORIMOND: Een van jòu kollegas?
- CHAMPIGNOL: Ja! Ag, natuurlik, jy ken mos nog nie vir my nie! Ek is Champignol.
- FLORIMOND: (GEE 'N SPRONG EN VEL SY BAJONET) Werde? Alarm! Te wapen manne! Storm! (SAK VERBYSTERD OP DIE BANK VOOR DIE MENASIE NEER.) Mamma! Mamma! Mamma!
- CHAMPIGNOL: Hy verlang na sy mammie. My arme ou vriend! (GAAN NA SAINT-FLORIMOND EN PROBEER HOM TROOS!) Jy is een van die dae weer by die huis, by jou mammie. (GAAN SIT LANGS FLORIMOND.) Ag, toe nou maar, nê! ... En jy?
- FLORIMOND: Ek? Wat van my?
- CHAMPIGNOL: Wat is jou naam?
- FLORIMOND: Hm ... Auguste.
- CHAMPIGNOL: Auguste wat?
- FLORIMOND: Auguste ... sommer net Auguste ... 'n onegte kind.
- CHAMPIGNOL: Ek is jammer! Ag, maar dit willie sê nie! Jy sal dit nog ver bring!... Kyk net daardie Romeinse keiser ... hy was tog ook net Auguste, dis al, nes jy ... En hy het darem vir hom 'n groot naam gemaak.
- FLORIMOND: En ek het sommer een opgemaak ... ek bedoel, ja, ek sal seker nog.
- CHAMPIGNOL: (STAAN OP) Auguste, en sê vir my, daardie skilder, hê ... hoe's sy naam ... sommer net so onder ons ... hier in my oor ... sê vir my hoe's sy naam?
- FLORIMOND: (STAAN OP) O nee, nee, nee... nee, ek kan nie.
- CHAMPIGNOL: (BIED VIR HOM SY ARM AAN) Ag, komaan jong, kyk ... net om my te plesier.

(HULLE BEGIN WEER INGEHAAK STAP, SOOS VANTEVORE.)

FLORIMOND: Plesier?!

CHAMPIGNOL: Auguste, ou kêrel, dis nie sommer uit nuuskierigheid nie. Ek wil mos net sien of ek hom ken!

(HULLE GAAN STAAN VOOR OP DIE VERHOOG.)

FLORIMOND: O! Nou ja, sy naam is Raphaël.

CHAMPIGNOL: Ag loop, jong! Hy slaap nou al oor die driehonderd jaar in Abraham se skoot!

FLORIMOND: Nee, wag eers, ek is nog nie klaergepraat nie! Sy naam is Raphaël Potard!

CHAMPIGNOL: Raphaël Potard? Potard? Dis snaaks, van hom het ek nog nie gehoor nie. Potard. Nee, vir hom ken ek nie!

FLORIMOND: Ag, hy's 'n onbekende ou skildertjie, vreeslik onbekend. (HULLE STAP AGTERTOEG) Hy het 'n wilde soort vrou getrou. Jy weet? Sigeunerbloed, in die familie!

CHAMPIGNOL: (STAP AGTERTOEG) Ag, nou ja, 'n skilder, né ...

FLORIMOND: En hierdie vrou van hom, ... sy was so wild ... sy ...

#### TWEE-EN-TWINTIGSTE TONEEL

DIESELFDE, FOURRAGEOT.

(

(FOURRAGEOT KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS UIT, NET AS CHAMPIGNOL EN SAINT-FLORIMOND WEER AGTERTOEG STAP.)

CHAMPIGNOL:  
FLORIMOND: (TEGELYK) (GAAN STAAN). Majoor!

FOURRAGEOT: En dié? Is dit nou julle soort wagdiens, dié? En as ek hier verbystap, hé? Dan moet julle geweer presenteer!! Hé!!! (FOURRAGEOT STAP LINKS. CHAMPIGNOL EN S.FLORIMOND GAAN STAAN TEENDOR MEKAAR EN PRESENTEER GEWEER) Nie so nie! (CHAMPIGNOL DRAAI HALFPAD OM SODAT CHAMPIGNOL EN SAINT-FLORIMOND NOU EEN AGTER DIE ANDER STAAN, EN IN HIERDIE STELLING PRESENTEER HULLE GEWEER VIR DIE MAJoor.)  
Waarom moet ek altyd met sulke slapkouse opgeskeep sit? En hoekom is twee van julle tegelyk op wagdiens, hé?

FLORIMOND: Ek weet nie, Majoor, ... hulle het vir ons gesê ...

CHAMPIGNOL: Ja, vir my en Auguste...

FOURRAGEOT: Watter Auguste? (ROEP) Sersant! (BELOUETTE KOM UIT DIE WAGHUIS EN STAP VORENTOEG.) Wat doen hierdie twee kêrels hier? Waarom is daar twee wagte?

BELOUETTE: (VERSKRIK) Ek weet nie, Majoor. Ek het net vir een aangesê om ... vir daardie een. (HY WYN NA S.FLORIMOND.)

FOURRAGEOT: (AAN CHAMPIGNOL) En wat doen jy dan hier, hé?  
(BELOUETTE STAP AGTER TOEG, TOT VOOR DIE MENASIE.)

CHAMPIGNOL: Ek weet nie, Majoor, die luitenant ...

FOURRAGEOT: Vergeet van die luitenant! Terug na jou barak toe.

CHAMPIGNOL: O ja, dankie Majoor! Met plesier, Majoor!

FOURRAGEOT: En moenie dat ek jou weer hier betrap nie!

CHAMPIGNOL: Onse dood, hy dink seker ek het sommer vir die aerdigheid hier kom op en neer marsjeer. (AAN FLORIMOND) Wederom, Auguste. (HY GAAN DIE BARAK BINNE.)

FOURRAGEOT: (AAN S.FLORIMOND) En wat jou betref, jy kan 'n bietjie meer aandag skenk aan die voorgeskrawe houding as jy wagstaan. Wat is jou naam?

FLORIMOND: Myne? Ek ... ek weet nie meer nie, Majoor!

BELOUETTE: (KOM VORENTOE, TUSSEN FOURRAGEOT EN SAINT\_FLORIMOND IN) Dit is weerman Champignol, Majoor.

FOURRAGEOT: Champignol! (AAN BELOUETTE) As hierdie kêrel weer op wagdiens is, dan sal jy jou oog op hom moet hou! Hy's veels te gemeensaam! Ja, loop nou maar. (BELOUETTE SALUEER EN GAAN DIE WAGHUIS BINNE.) Haal jou pet af! (FLORIMOND HAAL SY PET AF.) Jou hare is te lank, Champignol!

FLORIMOND: Hulle het al vir my so gesê, Majoor.

FOURRAGEOT: Nou ja, dan's dit tyd dat hulle gesny word.

FLORIMOND: Reg, Majoor! (HY STAP WEER AGTERTOEG EN HERVAT SY DIENS. (TERSY) Heidendom! Haar man! Haar man was hier, hier naas my! (HY VERDWYN AGTER REGS)

FOURRAGEOT: (AAN LEDOUX WAT LINKS AGTER BINNEKOM) Luitenant!

LEDOUX: (KOM VORENTOE) Majoor!

FOURRAGEOT: Jy moet sorg dat Champignol se hare gesny kom.

LEDOUX: (VERSKRIK) Korter, Majoor?

FOURRAGEOT: En wat het jy gedink? Langer? Moenie onnodige vrae vra net om jou eie stem te hoor, nie!

LEDOUX: Nee, Majoor.

FOURRAGEOT: Verstaan jy nou? Korter!! (HY STAP LINKS AGTER AF.)

LEDOUX: Ja, Majoor!

---

### DRIE-EN-TWINTIGSTE TONEEL

LEDOUX, DAN CHAMPIGNOL, DAN LAVALANCHE.

LEDOUX: Wat karring die ou klomp heeldag so oor Champignol se hare! Ag, wat gee ek om! Wanaand is die aand!

CHAMPIGNOL: (KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS MET DIE HAARKAPPER TE VOORSKYN. HY IS IN SY GEWONE UNIFORM, SONDER KNAPSAK EN GEWEER.) Kom jong, nou gaan koop ek eers vir jou 'n lekker dop om op te maak vir al die gewerskap met my hare!

LEDOUX: A, Champignol. Kom hierso!

CHAMPIGNOL: Luitenant? (TERSY) Wat is dit nou weer?

LEDOUX: Laat my jou hare sien. (CHAMPIGNOL HAAL SY PÊ AF)  
Reg! Haerkapper, gaan sny die kêrel se hare!

CHAMPIGNOL: Alweer!

HAARKAPPER: Maar, Luitenant, ek het vir hom al klaar 'n borselkop gesny!

LEDOUX: Nou ja, gaan skeer hom dan kaal. Ek is nou siek en sat van al die gesukkel met sy kop! Toe vat hom weg.  
(HY GAAN LINKS AGTER AF.)

CHAMPIGNOL: (ONTHUTS) Ag nee!

HAARKAPPER: Kom, jongie, kom!

CHAMPIGNOL: Maar julle versnipper my! Dis ... dis liggaamskending!  
Daar gaan niks van my oorbly nie, hé?  
(HULLE GAAN DIE EERSTE BARAK REGS BINNE.)

---

VIER-EN-TWINTIGSTE TONEEL

LEDOUX, SAINT-FLORIMOND, DAN CÈLESTIN, DAN CAMARET, DAN BÉ LOUETTE.

FLORIMOND: (NOG STEEDS OP WAGDIENS: HY KOM VAN AGTER REGS BINNE EN STAP VORENTOE.) Haar eie, eie man! My dae is getel!

LEDOUX: (KOM VAN LINKS AGTER VORENTOE: AAN SAINT-FLORIMOND WAT AANHOU MARSJEER EN HOM NIE MERK NIE.) Haai, jy! Skildwag! Jy moet strek as ek verbystap!

FLORIMOND: (PRESENTEER GEWEER) Strek? So?

LEDOUX: Nee, nou presenteer jy geweer. Toe maar, dis nog 'n ent beter!  
<sup>regs</sup>(HY GAAN VOOR S.FLORIMOND VERBY EN DIE EERSTE BARAK BINNE.)

FLORIMOND: Ag, liewe deug! Wat lê nou vir my voor? Ja, toe maar, ek weet wat voorlê. 'n Skandaal! 'n Skrikwekkende skandaal ... My heiden, as mens tussen twee haglikhede moet kies, moet jy tog altyd die kleinste haglikheidjie kies ... Net so! Champignol is nou tog hier ... Nou ja... dan moet hy van nou af aan maar alleen die gesangetjie vir ons klaarsing. En sodra ek hier afgelos word, verkas ek: Whiiiit! (FLUITGELUID.) Bietjie baie gou!

CÈLESTIN: (KOM LINKS BINNE. AAN SAINT-FLORIMOND) Verskoon my, is kaptein Camaret miskien hier?

FLORIMOND: Ek het hom nie gesien nie, Monsieur.

CÈLESTIN: (KOM VORENTOE) Haai, maar as ek dit nie mis het nie ... dis mos monsieur Champignol?

FLORIMOND: A, en u is die kaptein se neef!

CÈLESTIN: Ja, Monsieur en hier sien ons mekaar nou weer! (HULLE GEE HAND.)

CAMARET: (KOM UIT DIE HOTEL UIT) Ja, toe maar, skildwag, geniet maar die geselsie.

CÈLESTIN: A, daar is Dom nou!

CAMARET: (KOM VORENTOE) O, dis jy Célestin!

CÉLESTIN: Ja, Oom, ek het nou net vir monsieur Champignol gevra ..

CAMARET: Vir wie? Vir Champignol? Aha! Maar hoe kan hulle vir jou laat wagstaan! Jy het dan geslote arres!

FLORIMOND: Nee, ek weet nie Kaptein!

CAMARET: (ROEP) Sersant van die wag!

(BELOUETTE: (KOM UIT DIE WAGHUIS) Kaptein? (STAP VORENTOE)

CAMARET: En dié Sersant? Wat beteken dit, hé? Manne wat in geslote arres is, mag nie wagstaan nie. Ek het gesê hy word vrygestel van kasernediens, maar sy straf het ek nie opgehef nie. Vat hom weg, en gaan sluit hom op.

BELOUETTE: Reg, Kaptein! (AAN SAINT-FLORIMOND) Kom!

FLORIMOND: (STAP AGTERTOE) Gaan sluit hom op!' (TERSY) En wat van die dans? Ek wou dan nog Whiit (FLUITGELUID).

(AAN BELOUETTE) Nou kom, kom sluit my maar op! Een snode onreg op die ander! En ek moet maar sluk! (HY GAAN DIE WAGHUIS AGTER BELOUETTE BINNE.)

---

VYF-EN-TWINTIGSTE TONEEL

CAMARET, CÉLESTIN, DAN ANGÉLE.

CELESTIN: Die arme monsieur Champignol.

CAMARET: Ag, nou ja! En wat kom seek jy hier?

CÉLESTIN: Oom, Mamma het gesê ek moet kom vra dat Oom en Adrienne tog vanaand bietjie vroeg moet kom.

CAMARET: Maar hoekom dan?

CÉLESTIN: Maar dis mos vanaand die dans by ons, Oom ... en Adrienne sal in Mamma se plek die gaste moet ontvang. Mamma is siek, Oom.

CAMARET: O so? Ek's jammer om dit te hoor! En wat makeer haar dan?

CÉLESTIN: Ag, dis nie ernstig nie, Oom. Dis sommer 'n bietjie jig, Oom.

CAMARET: 'n Bietjie jig?

CÉLESTIN: En dit het vir haar hier geveng, Oom. (WYS OP SY NIERE)

CAMARET: Ja, as mens kruis eers begin uitsak!

CÉLESTIN: Hoe sê oom?

CAMARET: Nee ek sê sommer!

CELESTIN: O, ek sien. Ek het nie gehoor nie.

CAMARET: Nee, ek sê dis vir mens 'n kruis as mens jig het en jy moet die aand nog mense ontvang ook ... en dans ... Nou ja, toemaar ons sal kom. (HY STAP LINKS AGTERTOE MET CÉLESTIN.)

CHAMPIGNOL: (KOM UIT DIE BARAK REGS) Dat hulle nou vir 'n mens so kan verrinneweer. (Hy haal sy pet af; hy is baie skaam, en drapeer sy sakloek oor sy kop. Hy sit die pet weer op.)

CAMARET: (LINKS AGTER) En dit? Wat gaan met daardie mën aan?

CHAMPIGNOL: (REGS VOOR) Die mooiste mën sal verspot lyk!

CAMARET: Haai, jy daer!

CHAMPIGNOL: (KOM NA DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL) Kaptein?

CAMARET: (KOM VORENTOE, MET CÉLESTIN) Haal bietjie jou pet af!

CHAMPIGNOL: (HAAL SY PET AF.) Ai, Kaptein!

CAMARET: Watse "Ai Kaptien" is dit met jou? Wat bedoel jy met "Ai, Kaptein"? O, dis rammetjie-uitnek!

CHAMPIGNOL: (TEVREDE EN TROTS) Hy't my herken!

CAMARET: Wie't vir jou gesê jy kan jou hare laat afskeer, hê? Het jy gedink 'n weerman kan sommer maak soos hy lus kry, hê?

CHAMPIGNOL: Maar Kaptein ...

CAMARET: Jy kry twee dae geslote arres. Jy't jou nou so mismak dat mens jou nie kan laat losloop nie!

CHA Trap kêrel. Gaan na jou kaserne toe; en daar kan jy bly totdat jou keel kopvel weer vol stoppels skiet!

CHAMPIGNOL: Ja, Kaptein. (TERSY) Nou ja, dit sal 'n goeie rukkie duur! Hulle gaan my staan en versondig tot ek stapelgek word! Eers hou hulle piekniek met my hare en dan word ek daarvoor opgesluit. (HY GAAN DIE EERSTE BARAK REGS BINNE)

CAMARET: Dis nou nes hulle is. Mens kan die rourieme geen oomblik alleen laat nie, of hulle ruk hand-uit!  
(HY STAP VOOR CÉLESTIN VERBY)

ANGÉLE: (KOM UIT DIE HOTEL EN PRAAT MET IEMAND WAT NOG BINNE IS)  
Ja! ja, asseblief, né!

CÉLESTIN: A, daar is madame Champignol!

ANGÈLE: (KOM VORENTOE) Ag, verskoon my, maar kan u nie vir my sê waar ek 'n treinrooster kan kry nie?

CAMARET: (SALUEER) Madame!

ANGÈLE: Ag vergewe my, Kaptein, ek het u nie dadelik herken nie!

CAMARET: Maar Madame, hulle moet tog 'n treinrooster in die hotel hê, nie waar nie? ... Maar gaan u ons dan verlaat?

ANGÈLE: Ja, Kaptein ... ek gaan vanaand terug Parys toe.

CÉLESTIN: Ag, Madame, kan u dan nie maar môre gaan nie ... Dan kan u mos vanaand na die dans toe kom ... Mamma het 'n danspartytjie gereël en dit sal vir ons 'n groot eer wees, Madame, as u ook kan kom.

ANGÈLE: En wie is u mamma?

CAMARET: O, ekskuus, ja, sy is madame Rivolet .. my suster, weet u?

ANGÈLE: (TERSY) Sy suster?

CAMARET: En my suster het die klein geselligheidjie gereël ... Eintlik vir my dogter, Adrienne ... Dis om my suster die geleentheid te gee om vir Adrienne aan 'n belowende jongkêrel voor te stel, 'n moontlike huweliksmat, weet u.



CAMARET: ... 'n sekere monsieur Saint-Florimond.

ANGÉLE: (TERSY) Saint-Florimond! En die kaptein se dogter!  
Ag, my arme Saint-Florimond!

CÉLESTIN: Ai, Madame, kan u dan nie maar kom nie!

ANGELE: Nee, nee, nee, dis heeltemal onmoontlik. Buite die kwessie!

CÉLESTIN: Ag, dis nou regtig 'n jammerte Madame!

CAMARET: Ja, dit is 'n jammerte, Madame! Nou ja, dan sê ek maar voorspoedige reis, né?  
(HY SALUEER EN STAP LINKS AGTERTOE, MET CELESTIN.)

ANGÉLE: (TERSY) Ag, hemeltjie! Nou moet ek vir Saint-Florimond in die hande kry; as hy na daardie parttjie toe gaan, dan gaan die ramp ons regtig tref! (HARDOP) Kaptein...?

CAMARET: Madame!

ANGÉLE: Kaptein, ek sil nog net een ou keertjie van u goeiehartigheid gebruik maak... ek wonder of ek dan nie vir my man kan sien nie? Ek wil darem so graag vir hom groet voor ek gaan.

CAMARET: (AGTER) Dis te verstane, Madame! (AAN LEDOUX WAT AGTER REGS TE VOORSKYN KOM) Luitenant Ledbux!

LEDOUX: Kaptein?

CAMARET: Gaan haal vir Champignol en sê vir hom madame Champignol wil graag vir hom spreek.

LEDOUX: Reg, Kaptein!

CAMARET: (SALUEER) Madame!

CELESTIN: (GROET) Madame!

ANGÉLE: Tot siens, Monsieur! Tot siens, Kaptein, en baie dankie...  
(CAMARET GAAN LINKS AGTER AF, MET CELESTIN.)

---

SES-EN-TWINTIGSTE TONEEL

ANGÉLE, DAN DIE BURGERMAG, DAN LEDOUX, CHAMPIGNOL, LAVALANCHE EN BADIN.

ANGÉLE: En die gode sy dank dat ek nog betyds van hierdie bedreiging gehoor het.  
(FLUITSINJAAL VIR AANDETE. DIE SOLDATE KOM BY DIE EERSTE BARAK REGS UITGEDRAF EN VERDWYN REGS AGTER TUSSEN DIE MENASIE EN DIE WAGHUIS DEUR.)

SOLDATE: A vreet! Lekker! My maag skree al! Lekker pik!  
Ek gaan my poens eet! Kom ons jomps dit! Ens.

LEDOUX: (KOM REGS AGTER DEUR DIE KASERNE-INGANG BINNE EN WORD DEUR DIE SOLDATE GESTAM) Nie so loskop nie, kêrels! (AAN ANGÉLE) Hier is weerman Champignol, Madame!

ANGELE: Dankie, Monsieur!

- LE DOUX: (AAN CHAMPIGNOL WAT NOG ONSIGBAAR IS) Komaan, jy!  
CHAMPIGNOL KOM REGS AGTER BINNE. DAN GAAN LEDOUX AF.)
- CHAMPIGNOL: Hoe bedoel hy 'n dame wil my spreek?
- ANGÈLE: O nee!
- CHAMPIGNOL: (KOM VORENTOE) Angèle! Wat soek jy hier! Ag, Angèle!  
Ag, hoe heerlik dat jy gekom het!
- ANGELE: Og, ek het sommer gedink ... Hulle het vir my gesê..  
(TERSY) Vadertjie, ek voel skoon lom!
- CHAMPIGNOL: Ek wou nou net vir jou geskryf het! Maar waarom kyk jy  
my so? Ag, ja, my hare ... (HAAL SY PET AF) Ken jy  
sien wat hulle met my aangevang het? Kaal, kaalgeskeer ...  
my liefste skat ... ek is pankop!
- ANGELE: (LAG GEMAAK) Dit lyk so koddig! (TERSY) Ag help!  
Hy gaan nou alles agterkom. (GEDURENDE DIE VOORAFGAANDE  
HET DIE SOLDATE KLOMPIES-KLOMPIES MET HULLE DIE ETE  
TERUGGEKOM EN OP DIE BANKE GAAN SIT: PARTY HET DIE BA-  
RAKKE BINNEGEGAAN.)
- CHAMPIGNOL: Ag, my lieflike Angèle! Ek het jou nog nie eers 'n ou  
soentjie gegee nie!
- LAVALANCHE: (AGTER OP DIE BANK VOOR DIE MENASIE, AAN DIE ANDER SOL-  
DATE) Hoi! Kyk net daar! Kyk 'n bietjie! 'n Land-  
weerman wat vir madame Champignol staan en soen! Oe!  
Njam! Njam!
- SOLDATE: (SIT IN GROEPIES) Ai! Heng, né! Ramkat! Die man kom  
by! Dis my kos! Gee vir ons 'n proepie! Ens.
- LAVALANCHE: En haar man? Waar's dié nou?

---

SEWE-EN-TWINTIGSTE TONEEL

DIESELFDE, SAINT-FLORIMOND.

- FLORIMOND: (KOM REGS AGTER DEUR DIE KASERNE-INGANG BINNE) Daar's hy!  
Lendelam ou plek! Een druk en daar trek die tralies ...  
en ek seil deur die gat!
- SOLDATE: Dis hy! Daar kom hy!
- ANGELE: (SIEN VIR S.FLORIMOND. TERSY) Saint-Florimond!
- LAVALANCHE: (GAAN NA S.FLORIMOND TOE) Haai, luister, jongie wie's  
daardie ou wat daar met jou vrou staan en gesels?
- FLORIMOND: Nee, ek weet nie.
- LAVALANCHE: O jy weet nie, maar hy't haar lekker gesoen!
- FLORIMOND: Gesoen-? Haai, verbeel jou ... nee, maar dan's dit seker  
een of ander neef of 'n ding.
- LAVALANCHE: (AAN DIE SOLDATE) Kêrels, hy's een of ander neef of ding!
- SOLDATE: (TERGEND) Meer ding as neef!
- CHAMPIGNOL: (AAN ANGELE) En sê vir my, waar is jy tuis ... in die  
hotel?
- ANGELE: Ja, ... daarso.

CHAMPIGNOL: Mooi, mooi! (AAN DIE BURGERMAGMANNE) Ek sê! Die landweermanne hoef mos nie in die kamp te slaap nie.

SOLDATE: Nee! Hulle hoef nie!

CHAMPIGNOL: Mooi, mooi! Want dan slaap ek ook nie in die kamp nie! Dan bly ek mos liewer by madame Champignol!

SOLDATE: Ooo!

FLORIMOND: (IN WANHOOP, SAK OP DIE REGTERKANTSE BANK NEER) Ooo!

ANGELE: Ag, dierbaarheid!

CHAMPIGNOL: (AAN ANGELE) Kom, my lieflike Angèle!... Waar is jou kamer?  
(DIE SOLDATE FLUIT EN LAG)

ANGELE: Hierso. (TERSY) Hoe nou gemaak? (SY GAAN DIE HOTEL MET CHAMPIGNOL BINNE.)

---

AG-EN-TWINTIGSTE TONEEL

DIESELFDE, SONDER CHAMPIGNOL EN ANGÈLE.

FLORIMOND: (STAAN OP EN STAP VORENTOE NA DIE MIDDEL VAN DIE TONEEL TOE, GEVOLG DEUR DIE SOLDATE) Dis darem vir jou 'n bespotlike rol wat ek nou moet speel.

LAVALANCHE: Ja, jongie, en het jy toe gehoor? ... Hy vat vir haar na haar kamer toe!...

FLORIMOND: Ja, ek het gehoor!

LAVALANCHE: En het jy niks daarop te sê nie?

FLORIMOND: Ag, nou ja, hy het tog mos ook sy regte ... as ek vir julle moet sê wie hy nou eintlik is ...

LAVALANCHE: Wie hy nou eintlik is? ... 'n Blindemol kon ook gesien het wie hy nou eintlik is. Jongie, jongie, hy's jou vrou se minnaar!

FLORIMOND: My vrou se minnaar? Minnaar? En wat dan van my!

LAVALANCHE: En wat van jou? Maar dis mos eenvoudig! Jy's maar net haar man. En jy, as jy dit nie begryp nie, is jy ook eenvoudig! (DIE SOLDATE STAP LAG-LAG NA REGS AGTER.)

FLORIMOND: Eenvoudig! Eenvoudig! As dit maar alles so eenvoudig was! Die ellendige Champignol! Die een kort lootjie na die ander - dis al wat ek nog by hom getrek het! En hoe laat hy nou vir my lyk! Na die soort lafhartige lel met 'n vrou wat hom bedrieg! ... Maar, wag 'n bietjie! Hoe kan ek nou so dom wees? Die hele petalje is tog vir sy rekening. Dis tog nie ek wat madame Champignol se man is nie, dis hý! En dis oor hom wat hulle gaan lag, oor Champignol! Met ander woorde, hy's nou besig om homself te vertrek! Nou ja, dan's dit mos 'n familiesaak! Niks met my te doen nie! En ekke, ek gaan nou vir my uitvat en dan gaan ek spore maak ... en dis die laaste sien! (HY GAAN DIE EERSTE BARAK REGS BINNE) Van die blikkantien!

NEGE-EN-TWINTIGSTE TONEEL

BADIN, LAVALANCHE, DAN LAFAUCHETTE, DIE PRINS EN DIE BURGERMAG.

LAVALANCHE: (AGTER) Whââ-la! nou hol hy nog weg ook. Haai, dis nie hÿ nie! Dis die deur!!

BADIN: Dis nou weer vir jou 'n ander soort man!

SOLDATE: (LAGLAG) Ag wat, hy's maar net vrygewig, jong! Hy's 'n moderne ou! Ens.

LAVALANCHE: (AAN LAFAUCHETTE, DIE PRINS EN NOG BURGERMAGMANNE WAT REGS AGTER MET DIE ETE BINNEKOM) Ag, julle is nou net te laat! Julle weet tog nie wat ons nou hier gesien het nie.

NUWE SOLDATE: Wat?

LAVALANCHE: Champignol ... Julle weet mos, daardie ou, Champignol ... die ou wat in die geslote arres was ... nou ja, sy vrou bedrieg hom!

NUWE SOLDATE: Nee!

LAVALANCHE: Ja, met een van die landweermanne!

SOLDATE: (ALGEMENE GELAG) Ha, ha, ha!

LAVALANCHE: Kom, Badin, kom Pincon, kom ons gaan skinder by die ander ouens. (HULLE GAAN REGS AGTER BY DIE KASERNE-INGANG AF.)

SOLDATE: (WAT OORGEPLY HET) Ha, Ha!... Versprei die goeie nuus!

CHAMPIGNOL: (KOM BY DIE HOTEL UIT) En toe? Wat is nou so snaaks? (HY KOM VORENTOE)

LAFAUCHETTE: Man, ons het nou gelag! Ons het nou vir jou iets gehoor, jong! Jy ken mos vir Champignol?

CHAMPIGNOL: Vir Champignol?

LAFAUCHETTE: Ja, man. Nou ja, sy vrou verneuk vir hom!

CHAMPIGNOL: Hé?

PRINS: (KRUL VAN DIE LAG) Sy vrou verneuk vir hom met een van die landweermanne!

CHAMPIGNOL: Wat sê jy daar?

LAFAUCHETTE: Hy dra horings, jong, net sulke grotes jy kan maar sê hy's 'n takbok! En sy vrou het 'n ander bok!

CHAMPIGNOL: (WOEDEND) Wie sê jy dra horings? Champignol? Waar's daardie ander ... dinges ... daardie ... bok ... Waar is hy?

DERTIGSTE TONEEL

DIESELFDE, SAINT-FLORIMOND, DAN DIE BURGERMAG, LEDDOUX, GROSBON, ENS. DAN ANGELE, DAN MAURICETTE, CHAMEL EN SINGLETON.

FLORIMOND: (KOM BY DIE BARAK REGS UIT, IN BURGERDRAG) A, nou's ek reg vir die ding.

PRINS: Kyk daar, daar is hy!

CHAMPIGNOL: Hé? Auguste? O, so né! A!A!A! Dan is ek al die tyd Potard, Raphaël Potard! (BESTORM VIR S. FLORIMOND.)

champignol: Jou vullis! Is dit jy wat met my vrou staan en lol!

FLORIMOND: Hei! Los my uit!

CHAMPIGNOL: En jy los vir haar uit! Duiwel! Jou draad gaat ek vir jou aftrap!

SOLDATE: Wat gaan dan nou aan? ens.

CHAMEL: (VERSKYN OP DIE BALKON VAN DIE HOTEL, MET MAURIGETTE EN SINGLETON.) Kyk hoe baklei dit! Dis 'n groot veldslag!

SOLDATE: Hou hulle vas, manne, hou hulle vas!

ANGELE: (KOM BY DIE HOTEL UIT EN VORENTOE) A, my hemeltjie tog, Hulle is aanmekaar!

(DIE SOLDATE MAAK VIR CHAMPIGNOL EN S.FLORIMOND UITMEKAAR.)

CHAMPIGNOL: Ek sal vir jou nog kry, jou smeerlap, vir jou sal ek nog kry.

FLORIMOND: Ja, jy sal seker; en intussen skiet ek hier weg - ek het die ding sien kom! (HY HARDLOOP AGTER LINKS AF.)

CHAMPIGNOL: Vang hom! Keer hom!

ANGELE: (AAN CHAMPIGNOL) Robert!

CHAMPIGNOL: Bly weg van my af!

SOLDATE: (OMRING VIR CHAMPIGNOL) Toemaar, ou! Bedaar, jong! ens.

ANGELE: Ag, onse dierbaarheid tog! (VANAF DIE BEGIN VAN DIE BAKLEIERY MOET AL DIE VOORAFGAANDE BYNA DEURMEKAAR GESÊ WORD, EN IS ALLES DEEL VAN DIE OPGEWONDENHEID OP DIE VERHOOG.)

GROSBON: (HY KOM BY DIE WAGHUIS UITGEHARDLOOP EN KOM VORENTOE) Waar is hy?! Waar is hy!?

LEDOUX: (KOM UIT DIE BARAK) Wat gaan hier aan? Watse kabaal is dit? Wat soek jy, korporeel?

GROSBON: Weerman Champignol, Luitenant! Hy's weg! Uit die detensiekaserne! Hy't ontsnap!

LEDOUX: Ontsnap?

GROSBON: Ja, Luitenant! Hy't die tralies uitgeruk. (AAN DIE SOLDATE) Het julle hom nie gesien nie? Het julle nie vir Champignol gesiennie?

CHAMPIGNOL: (KOM VORENTOE) Watse Champignol? Wat het hierdie Champignol nou alweer aangevang, hé? Ek is Champignol, ekke!

GROSBON: Jy? Nou ja, wat soek jy hier? Jy hoort in arres!

CHAMPIGNOL: Ekke?

GROSBON: Kom! Jy's in arres!

(ALGEHELE LAWAAI EN BOHAAI. HUILE SLEEP VIR CHAMPIGNOL REGS WEG.).

D E R D E            B E D R Y F

'N KLEIN SALONNETJIE MET 'N DEUR AGTER WAT NA DIE VOORKAMER TOE LEI. REGS VOOR IS NOG 'N DEUR. REGS IN DIE MIDDEL IS 'N GORDYN OOR 'N DEUROOPENING WAT NA DIE ANDER VERTREKKE LEI. LINKS VOOR IS 'N DEUR NA DIE KAMERS VAN MADAME RIVOLET. LINKS IN DIE MIDDEL STAAN DAAR, SKUINS, 'N BUFFET WAT SPESIAAL VIR DIE AAND AS DRANKBUFFET INGERIG IS. AGTER DIE BUFFET IS 'N DEUR NA DIE KOMBUIS, SPENS, ENS. DAAR HANG 'N KROONKANDELAAR VAN DIE PLAFON AF.

EERSTE TONEEL

AS DIE GORDYN OPGAAN STAAN DIE PRINS, NOG STEEDS IN SY UNIFORM, OP 'N TRAPLEER MET DIE KANDELAAR EN WERSKAF. DIE LEER IS SO GEPLAAS DAT DIE PRINS AGTER DIE KANDELAAR VERSTEEK IS: MENS SIEN NET SY BENE UITSTEEK. JÉRÔME STAAN TUSSEN DIE LEER EN DIE BUFFET EN KYK HOE DIE PRINS WERK.

- CÉLESTIN: (IN AANDPAK, KOM REGS MIDDEL BINNE) Jérôme! Jérôme, hoor 'n bietjie hier!
- JÉRÔME: Ja, Monsieur?
- CÉLESTIN: En toe wat gaan nou hier aan?
- JÉRÔME: (WYS NA DIE PRINS OP DIE LEER) Dis die ordonnans wat die kaptein gestuur het. Hy maak net gou die kandelaar reg.
- CÉLESTIN: O, ek sien. En Jérôme, wat van die verversings?
- JÉRÔME: (GAAN AGTER DIE BUFFET VERBY EN BLY DOENIG GEDURENDE DIE VOLGENDE TONEELTJIE.) Ek is nou daarmee besig, Monsieur.
- CÉLESTIN: (GAAN NA DIE BUFFET TOE) Nou maak dan gou. Die mense het darem nou 'n bietjie lafenis nodig.
- ADRIENNE: (IN AANDROK, KOM MIDDEL REGS BINNE EN STAP VORENTOE NA CÉLESTIN TUSSEN DIE BUFFET EN DIE LEER) Célestin! Jy moet nou sê dat die drankies bedien moet word. Die mense gaan al dood van die dors daarbinne.
- CÉLESTIN: Ek het nou net vir Jérôme gesê hy moet goumaak.
- CAMARET: (IN AANDTENUË, KOM REGS IN DIE MIDDEL BINNE.) En toe, Célestin, jy moet nou sorg dat die drankies bedien word! Die mense smeg al na iets om te drink.
- CÉLESTIN: Ja, Dom. Ja, ek het nou net vir Jérôme gesê ...
- CAMARET: (AAN JÉRÔME WAT NOU WEER ONDER DIE LEER DEUR LOOP) Maar maak nou gou, mens, netnou kreppeer die gaste almal! (AS HY ONDER DIE LLER IS, GAAN HY STAAN.) En daardie ordonnans wat ek laat stuur het om te kom help, het hy toe opgedaag?

- JÉRÔME: Ja, Kaptein. Dis hy wat daar met die kandelaar besig is. (WYS NA DIE PRINS.)
- CAMARET: (KYK OMHOOG) A, so ja. Nou moenie skaam wees om hom in die werk te steek nie: laat hom die glase was, en die skottelgoed en dié, nes jy lus het. (AAN DIE PRINS) Jy's mos hier om te werk, né, ordonnans?
- PRINS: Kaptein!
- CAMARET: En wat is jou naam, nogal?
- PRINS: Prins van Valence, Kaptein.
- CAMARET: O ja! Nou ja, prins van Valence, jy moet gaan hand bysit in die kombuis, gehoor. Die huiskeng sal vir jou sê wat om te doen.
- PRINS: Reg, Kaptein. (TERSY) Dit sal 'n genoeë wees.
- CAMARET: Jy moet vir hulle help glæwas, gehoor. Weet/jy darem hoe om glase te was?
- PRINS: Nee, ongelukkig nie, Kaptein. Niemand het ooit daaraan gedink om vir my te leer nie, Kaptein.
- CAMARET: Nou toe maar, hier sal hulle vir jou leer! Gaan nou!
- PRINS: (GAAN AGTER UIT, EN NEEM DIE LEER MET HOM SAAM) So stadig maar seker ... verbrokkel ons beskawing!
- CAMARET: (AAN JÉRÔME) Kom nou, jy, kom, bring nou die skinkbord!
- JÉRÔME: Hier kom hy, Kaptein! (HY STAP AGTER CAMARET VERBY EN GAAN REGS MET DIE SKINKBORD.)
- CAMARET: Haai, wag eers, nie so haastig nie! (JÉRÔME BLY STAAN, CAMARET VAT 'N GLAS) Hier is dit nie die laastes wat eerste sal wees nie! Hier kom die eerstes eerste. (JEROME GAAN REGS IN DIE MIDDEL UIT. AAN CELESTIN) Mensdom, ek sê vir julle, dis 'n oond daarbinne.
- CÉLESTIN: (GAAN VOOR ADRIENNE VERBY) Nou wat het Oom dan verwag. Die hele Clermont is dan hier.
- CAMARET: En ek sê, waar bly daardie danige kêrel, dan? Daardie Saint-Florimond.
- CÉLESTIN: Dit lyk my hy's maar 'n lui soort vryer!
- ADRIENNE: (TERSY) Moet hy dan 'n flukse vryer wees, is dit wat hy wil hê?
- CAMARET: Ken jy hom darem?
- CELESTIN: Nee, Oom. Mamma is al een wat hom ken. En dis nou wat my hinder ... ek bedoel dat Mamma nou moet siek wees. Nou sal ek hom aan Oom moet kom voorstel, ek wat hom van geen Adam af ken nie!
- CAMARET: Ag, nou ja, jy sal wel weet as dit hy is. Hulle sal hom mos aankondig! Ag, helaas, terug in die oond in! En as hy opdaag, dan kom roep jy my, gehoor?
- CÉLESTIN: Ek sal, O<sup>u</sup>m.  
(CAMARET GAAN MIDDEL REGS AF.)

TWEEDE TONEEL

- ADRIENNE: (TERSY, IN DIE MIDDEL VOOR.) En hy sal sowaar nog dat ek moet die skepoel trou! Maar kan hy dan nie begryp nie!
- CÉLESTIN: (GAAN NA DIE BUFFET, AGTER ADRIENNE VERBY, EN SKINK VIR HOM 'N GLAS SJAMPANJE.) Het jy nie ook lus nie, Adrienne! 'n Lekker glacie sjampanje?
- ADRIENNE: O, asseblief! (CÉLESTIN GEE VIR HAAR 'N GLAS SJAMPANJE, ADRIENNE DRINK 'N SLUKKIE.)
- CÉLESTIN: (TERSY, TERWYL HY NA HAAR KYK) Sy lyk mooi!
- ADRIENNE: Wat kyk jy my so?
- CÉLESTIN: Ek kyk sommer. Wêet jy, ek het jou vaneend regtig bewonder! Jy het die gaste so elegant ontvang!
- ADRIENNE: (GEE HAAR GLAS AAN HOM TERUG) O, is dit maar al? En daarom kyk jy nou vir my so!
- CÉLESTIN: (MET DIE GLAS IN SY HAND.) Ja! Ek het net gedink watter wonderlike vrou jy sal uitmaak.
- ADRIENNE: Dan moet\*nou klaar dink, want ek gaan binnekort trou. \*(jy)
- CÉLESTIN: Ek het amper gewens dat daardie monsieur Saint-Florimond daar kon wees om jou te sien, soos jy die gaste ontvang.
- ADRIENNE: (VERERG) O, jy't amper gewens. Wel, jou wense sal gou genceg vervul word. As ons eers getroud is, sal die monsieur Florimond seergenceg tyd hê om my te bekyk.
- CÉLESTIN: O ja, ek weet. (HY WEET NIE WAT OM WÊ SO NIE, EN DRINK PER ABUIS UIT ADRIENNE SE GLAS.)
- ADRIENNE: (VINNIG) Dis my glas daardie. Dis die glas waaruit ek gedrink het!
- CÉLESTIN: O! Ek is jammer.  
(HY SIT DIE GLAS OP DIE BUFFET NEER.)
- ADRIENNE: (VERERG) Dis nou iets wat monsieur De Saint-Florimond nooit sou gedoen het nie.
- CÉLESTIN: Wat sou hy nooit gedoen het nie?
- ADRIENNE: Hy sou nie sommer uit my glas gedrink hê, net omdat ek my lippe teen die glas gehad het nie.
- CÉLESTIN: Dan was dit maar 'n glip want ek het nie eens die zeg nie! Nie ek nie. Maar monsieur De Saint-Florimond ... hy gaan tog jou vryer word, en hy's die een wat gaan verlief raak ...
- ADRIENNE: Terwyl jy natuurlik nie in die minste verlief is nie? Is dit wat jy probeer sê?
- CÉLESTIN: Nee, ek bedoel, ek is tog nie jou vryer nie.
- ADRIENNE: Nee, natuurlik nie.
- CÉLESTIN: (TERSY, TERWYL HY NA HAAR KYK) Mag, maar sy's mooi.  
(HARDOP) Maar, wêet jy, as jy nie my niggie was nie, sou ek dalk ook een van jou bewonderaars wou wees!
- ADRIENNE: Dan is ek jammer dat ek jou niggie is!



- CÉLESTIN: Moenie met my die gek skeer nie! Ja, die monsieur De Saint-Florimond sal eendag trots wees op sy sjarmante vrou tjie. En ek gaan dit nog self vir hom sê ook, dit weer ek jou! Ek bedoel dat jy sjarmant is.
- ADRIENNE: Hoe lief van jou.
- CÉLESTIN: Jy weet, hulle sê hy is 'n fabelagtig kêrel, die Saint-Florimond.
- ADRIENNE: O, werklik?
- CÉLESTIN: Ja! Ten eerste is hy skatryk ... Ja, vir jou beteken dit nie soveel nie, want jy't self geld! Maar dan het hy nog dié fantastiese familienaam. Dan sal jy eendag die gravin De Saint Florimond wees.
- ADRIENNE: Ja. Seker maar. Dit klink nogal mooi.
- CELESTIN: En hy's 'n heer, 'n hoogaangeskrewe heer en glo diepsinnig daarby ... 'n man van aansien.
- ADRIENNE: (ONGEDULDIG) Ag, Célestin, hou nou op! Netnou word ek lus om sommer vanaand nog met hom te trou.
- CÉLESTIN: Nou, maar as hy al die goeie hoedanighede het, dan sou dit straks 'n goeie plan wees! Dink net, 'n man wat jonk is en aantreklik en intelligent, en wat boonop verlief is op jou en jou vertroetel ...
- ADRIENNE: (STAMP HAAR VOET) Maar, hou dan tog nou op, Célestin!
- CÉLESTIN: En wat makeer jou nou?
- ADRIENNE: Jy hou dan nou so aan en aan oor al die goeie kwaliteite van monsieur De Saint-Florimond. Is jy nou 'n ou tannie in 'n huweliks-buro? Probeer jy hom <sup>nou</sup> aan my verkoop.
- CÉLESTIN: Maar, Adrienne, ek sê maar net vir jou ...
- ADRIENNE: Ja, jy sê maar net vir my ... Gee jy dan glêd nie om as ek eendag waarlik met die Saint-Florimond sou trou nie?
- CÉLESTIN: Ag, Adrienne, maar jy moet tog een of ander tyd met iemand trou!
- ADRIENNE: Ja! Jy't gelyk. En dan liever met hom as met iemand anders, né? Aangesien jy hom nou so sterk aanbeveel, sal dit maar seker met hom moet wees, met jou Saint-Florimond.
- CELESTIN: Maar, Adrienne, wat is dit dan nou met jou? Adrienne!
- ADRIENNE: (SY HUIL) En toe ... toe ons nog klein was, en ons vir mekaar belowe het dat ons eendag sal trou .. toe't ons seker ... dit was seker maar net speletjies.
- CELESTIN: Maar ons was nog kinders!
- ADRIENNE: Ja, maar ek, ek het gedink dis regtig waar. Ek het dit regtig geglo ... En ek het altyd vir myself gesê: dis die een wat ek moet liefhê, want hy gaan eendag my man word.
- CELESTIN: Adrienne, hou op, moenie! Anders smyt ek vir Saint-Florimond nog sommer vanaand by die venster uit, as hy hier opdæg!
- ADRIENNE: Sal jy? Sal jy dit vir my doen?

- CÉLESTIN: Ek sal! Adrienne, het jy dan regtig gedink ek het vergeet dat ons verloof is, speel-speel verloof is! Van ons kinderdag af! Maar, my Adrienne, as jy gesê het: dis die een wat ek moet liefhê want hy gaan eendag my man word, het ek weer altyd gesê: dis die een wat ek nie moet liefhê nie, want sy sal nooit eendag my vrou word nie.
- ADRIENNE: Hoekom het jy so gesê?
- CÉLESTIN: Hoekom? Omdat jy ryk is.
- ADRIENNE: (GELUKKIG) Daarom? Ag, maar jy's laf!
- CÉLESTIN: Ja, grote griet dan is ek seker laf ... Maar dis tog daarom.
- ADRIENNE: O, maar dis ... hoor hier, jy gaan met my trou! Sommer nou!
- CÉLESTIN: Ja, jy! En as jy dan soveel beginsels en besware het, ek bedoel as die geld ... nou ja dan gaan ek vir Pappa sê hy kan maar sy sestigduisend frank hou! Daar, sien jy nou!
- CÉLESTIN: Adrienne, nee! Dit mag jy nie doen nie! Mens mag nie jou hele vermoë so weggooi nie.
- ADRIENNE: En nou, Monsieur, nou moet jy vir my om verskoning vra.
- CÉLESTIN: Adrienne!
- ADRIENNE: Nee, nie so nie. (MILITÊRE BEVEL) Célestin! Op jou knieë!
- CÉLESTIN: (HY KNIËL) Ja, Generaal!
- ADRIENNE: (OMHELST HOM) Jy's myne.

---

DERDE TONEEL

DIESELFDE, CAMARET.

- CAMARET: (KOM REGS MIDDEL BINNE) Hé? En toe, en kyk nou, is dit nou 'n manier van doen? Wat vang julle aan?
- ADRIENNE: Pappa!
- (CÉLESTIN SPRING ORENT)
- CAMARET: Nee, moenie dat ek vir julle steur nie! (HY GAAN AGTER ADRIENNE VERBY EN GAAN STAAN TUSSEN DIE TWEE JONG MENSE.) Is dit hoe jy jou gedra, en dit op die dag wat ek jou aan so 'n blink vryer moet voorstel? Nee, nee, nee! Ek is net jammer dat die monsieur De Saint-Florimond nie hier was om dit te sien nie.
- ADRIENNE: Ag, Pappa! Ek het niks meer met monsieur De Saint-Florimond uit te waai nie. Pappa het self gesê dat Pappa my nooit sal teengaan nie. En Pappa, die enigste een wat ek liefhet en die enigste een met wie ek wil trou is ... is Célestin! (SY WYS NA HOM)

CAMARET: (BARS UIT VAN DIE LAG) Hé. Met Célestin? Maar waar kom jy vandaan? Met dié klein japsnoet? Maar vir hom ken ek al vandat hy só klein is.

CÉLESTIN: Ek het darem intussen grootgeword, Dom!

CAMARET: Nooit of te nimmer nie! Ek sal jou ook nooit teengaan nie! Maar, dis 'n sonde dat jy dit nie eerder vir my gesê het nie? Jy laat jou arme tante rondval om vir jou vryers in die hande te kry, danspartytjies te reël ...

ADRIENNE: Ag toe maar, nou's dié een somer ons verlowingspartytjie!

CAMARET: O so!? Nou ja, julle ken my né? Ek hou daarvan dat alles ordelik geskied, soos in die weermag, né? En as julle dan vir mekaar liefhet, dan is dit tog logies dat julle so gou as moontlik moet trou!

CÉLESTIN: Dom!

CAMARET: Toe, soen mekaar dan nou!

ADRIENNE: Dis net wat ons gedoen het, toe Pappa binnegekom het!

CAMARET: Nou ja, doen dit dan nog 'n keer! Vantevore was dit 'n oortreding, nou is dit 'n bevel! (HY STAP AGTER ADRIENNE VERBY, VORENTOE)

ADRIENNE: (AAN CELESTIN) Kom dan. Jy't mos gehoor dis 'n bevel! (SY HOU HAAR WANG VIR HOM)

CELESTIN: (SOEN VIR ADRIENNE) Die oortreding was vir my lekkerder! (MENS HOOR 'N MOTOR BUITE AANKOM)

CAMARET: Mensekinders! Dis seker Saint-Florimond!

ADRIENNE: (NEEM GOU CÉLESTIN SE ARM) Saint-Florimond!

CÉLESTIN: Weg is ons!  
(HULLE VERDWYN VINNIG REGS. CAMARET HAAS HOM AGTER HULLE AAN, OM HULLE TE PROBEER KEER, EN VERDWYN 'N OOMBLIK LANK GEDURENDE DIE BINNEKOMS VAN MADAME CHAMPIGNOL.)

---

VIERDE TONEEL

CAMARET, ANGÈLE, JÉRÔME.

JÉRÔME: (VERSKYN AGTER EN KONDIG AAN) Madame Champignol!

ANGÈLE: (KOM BINNE, IN AANDROK MET 'N MANTEL DAARDOOR, EN STAP LINKS.) Moes ek dit ooit gewaag het? Maar wie nie waag nie, sal nie wen nie. En <sup>die</sup>gevaar moet mens partykeer somer tromp-op loop, dan gee hy pad! Partykeer!  
(JÉRÔME HET INTUSSEN AGTER UITGEGAAN.)

CAMARET: (KOM REGS IN DIE MIDDEL BINNE) So maak hulle met my! Hulle hardloop weg en ek sit met die gebakte pere!

ANGÈLE: Kaptein!

CAMARET: Madame Champignol! Dis 'n verrassing! Ek het nie vir u hier verwag nie!

ANGÈLE: En wie het u dan verwag, Kaptein?

CAMARET: A, dit maak nie saak nie, somer ~~sa~~ 'n jong kêrel ... ons het gemeen hy kan dalk met my dogter wil trou ...

ANGÈLE: O? Watter jongkêrel is dit?

CAMARET: Ja, u sol hom nie ken nie! Dis 'n sekere monsieur De Saint-Florimond.

ANGÈLE: Saint-Florimond! (TERSY) Dan's hy nog nie hier nie! Dan's daar nog hoop vir my.

CAMARET: Maar ek is so bly dat u gekom het, dis so gaaf van u. Ons het waarlik nooit gedink u sou nie ...

ANGÈLE: Ag, op die ou end kon ek toe darem my reis afstel.

CAMARET: Nou is dit nie wonderlik nie. Wil u dan nie u ... die dinges, ... die tent ... uittrek nie?

ANGÈLE: O my aandmantel?

CAMARET: Ja, nou ja, ek weet nie hoe noem mens die goed nie! (AAN JEROME WAT VAN AGTER BINNEKOM) Hier, Jérôme, waar is die mantelvrou?

JEROME: Mantelvrou, Kaptein?

CAMARET: Ja, vir madame se mantel.

JEROME: O, die meisie in die kleedkamer? Dis die nuwe bediende, Kaptein, sy is seker maar daar ... 'n Mens moet net twee keer lui ... (HY WYS NA 'N KLOKKIE WAT LINKS VAN DIE DEUR AGTER IS.)

CAMARET: Nou ja, lui dan!

JEROME: (GAAN NA DIE KLOKKIE EN LUI, EN KOM VORENTOE) Sy's nog nie so goed geleer nie, Kaptein, sy het vanmore maar eers hier by madame Rivolet begin werk. (HY GAAN REGS VOOR UIT.)

---

 VYFDE TONEEL

---

 DIESELFDE, CHARLOTTE.

CHARLOTTE: (KOM AGTER BINNE) Wie het twee keer gelui?

ANGÈLE: (TERSY) Charlotte!

CHARLOTTE: (SIEN VIR ANGÈLE EN KOM VORENTOE) Raai, dis Madame Champignol. En wie sal nou so iets kon gedink het! Raai!

CAMARET: Ek wou mos sê! Dis mos die diensmeisie wat Madame in Parys gehad, né?

ANGÈLE: Hé? Nee ... O, ja, ja, net so!

CHARLOTTE: Ja, madame Champignol het die eerbearheid gehad om my as diensmeisie aan te stel. En toe't Madame sommer dieselfde dag nog ...

CAMARET: Ja, ja, toe maar! Moenie hier kom diskoers soek nie! Toe sorg nou dat Madame van haar beslommernis ontslae raak. (ANGELE TREK HAAR MANTEL UIT.)

CHARLOTTE: O, ja, Monsieur ...

(SY GAAN VOOR CAMARET VERBY EN NA DIE DEUR REGS VOOR.)

CAMARET: En toe, waar gaan jy?

- CHARLOTTE: Maar ek loop mos, Monsieur. Monsieur het dan gesê ek moet sorg dat Madame van haar beslommernis ontslae raak. En Madame het nog laas vir my laat voel dat ek ...
- CAMARET: (TERSY) Die pampoenkop. (HARDOP) Sorg dat Madame van die dinges ... die mantel ontslae raak!
- CHARLOTTE: (STAP VOOR CAMARET VERBY NA ANGELE TOE) Nou maar, as Kaptein dan nou eerder vir my so gesê het dan sou ek mos geweet het watsse beslommernis Kaptein bedoel, maar ek het mos gemeen ...
- ANGELE: (GEE VIR HAAR DIE MANTEL) Hierso ...
- CAMARET: En dra dit mooi versigtig na die kleedkamer toe. (STAP VOOR CHARLOTTE VERBY NA ANGELE TOE) En nou, Madame, mag ek vir u my arm aanbied?
- ANGELE: (NEEM SY ARM) Kaptein!
- CAMARET: Hierlangs, Madame! (STAP VOOR CHARLOTTE VERBY) En jy sorg dat jy nie die mantel kreukel nie, gehoor!  
(HULLE GAAN REGS MIDDEL F.)

---

SESDE TONEEL

CHARLOTTE, DAN DIE PRINS.

- CHARLOTTE: (KOM VORENTOE) Kreukel! Nooit gesien nie! Ek sal nooit so 'n skatlike stukkie lapgoed laat kreukel nie! Mens moet seker dik wees van die geld om vir jou so 'n ding te gaan koop. Hy lyk nou miskien nie daarna nie, maar ek wed die ding kos 'n goeie 39 tot 40 frank! Ja, ek weet mos, ek het mos amper sulkes op die mark gesien, hier in Parys! Vir so 'n ding sê hulle kraamdrag ... Sê nou ek kan vir my 'n bankbestuurder op die lyf loop, en hy preat vir my 'n gat in die kop, dan sal ek ook sulke soort kraamdrag kan bekostig. Laat my sien! (SY TREK DIE MANTEL AAN) O, nommer pas!
- PRINS: (KOM REGS VOOR MET 'N SKINKVORD BINNE, TERWYL HY MET IEMAND AGTER DIE SKERMS PRAAT) Op die tafel? Reg ... O, 'n dame!
- CHARLOTTE: O, 'n soldaat?
- PRINS: (TERSY) Seker een van die vooraanstaande jong dames van Clermont.
- CHARLOTTE: (AAN DIE PRINS, MET 'N STEREOTIPE KLANK) Hie! Hie! Hie!
- PRINS: (TERSY) Lag sy met my? (LAG MET MOEITE) Ha! HA! HA!  
(TERSY) En hier staan ek met 'n skinkbord! (STEEK DIE SKINKBORD SOOS 'N AKTETAS ONDER SY ARM IN.) Mademoiselle! U sien my hier in die uniform van 'n soldaat, maar u moet tog nie dat my uitrusting vir u mislei nie! Ek is nie wat u dink ek is nie!

CHARLOTTE: O! En sal ek vir u iets sê? Ek is ook nie, wat u dink ek is nie!

PRINS: Ek is die prins van Valence.

CHARLOTTE: O! En ek is die nuwe diensmeisie.

PRINS: 'n Diensmeisie!

CHARLOTTE: (WYS DIE MANTEL) En die't ek maar net solank aangepas! Freei, né? Dis kraamdrag.

---

SEWENDE TONEEL

CAMARET: (KOM VAN REGS MIDDEL BINNE, EN SIEN VIR CHARLOTTE VAN AGTER AF.) A, een van die dames!

CHARLOTTE: Die Kaptein!

CAMARET: (GAAN AGTER DIE PRINS OM NA CHARLOTTE TOE) Die misdeelde meisiemens! En toe, hoe lyk dit my jy't g'n skaamte nie! Dis madame Champignol se mantel, daardie!

CHARLOTTE: Ek lug hom net 'n bietjie, Kaptein. Sodat hy nie so maklik kreukel nie.

CAMARET: Ja, toe loop hang die ding nou op! (CHARLOTTE AGTER AF. AAN DIE PRINS) En jy, Ordonnans, maak dat jy in die kombuis kom! En ek wil nie weer sien dat jy by die diensmeisies probeer aanlê nie!

PRINS: Ek! By diensmeisies aanlê? Ek lê nie by diensmeisies aan nie!

CAMARET: Moenie nog teëpraat nie!

PRINS: Maar ek lê nie by diensmeisies ...

CAMARET: Maar sal jy jou mond hou!

PRINS: Ja, Kapte n, maar ek lê nie by diensmeisies ...

CAMARET: So 'n astrant.

PRINS: (GAAN REGS VOOR AF) ... ààn nie.

CAMARET: Ek sal jou snater vir jou toestop! "Ek lê nie by diensmeisies ààn nie!" (AGTER DIE PRINS AAN AF. AGTER DIE SKERMS) Hou op! Sie jy! Jou astrant! Maar sal jy nou end kry!

---

AGTSTE TONEEL

CHARLOTTE, DAN CHAMEL, EN MAURICETTE.

CHARLOTTE: Hy gaan tog lekker op sy herrie kry, daardie soldaatjie..

CHAMEL: (KOM AGTER IN, GEVOLG DEUR MAURICETTE. HY IS IN AANDPAK, EN MAURICETTE IN 'N AANDROK GEKLEE. ) Kom, my ou dogtertjie!

MAURICETTE: Ek kom, Pappa. (SY STAP VOOR CHAMEL VERBY.)

CHAMEL: En toe, waar is my ou skoonseut dan?  
 MAURICETTE: Hy laat net gou ons jasse ophang.  
 CHAMEL: Dis mooi! (AAN CHARLOTTE WAT AGTER STAAN EN BESIG IS OM DIE AANDMANTEL MOOIER OM HAAR TE DRAPEER.) Waar is Madame Rivolet dat ons vir haar kan groet en kennismaak? Want jy weet ons het haar nog nie een ontmoet!  
 CHARLOTTE: Madame is kooi toe, Monsieur. (STEMME WORD AGTER DIE SKERMS REGS GEHOOR.) Maar daar kom haar broer nou aan. (SY GAAN AGTER UIT.)  
 CHAMEL: (SIEN VIR CAMARET) Haar broer? ... Dis die kaptein! Die kaptein is madame Rivolet se broer!

### NEGENDE TONEEL

DIESELFDE, CAMARET, CÉLESTIN, EN ADRIENNE, JÉRÔME.

CAMARET: (KOM REGS VOOR BINNE) O ja! Ja-nee! Ek sal sy sake vir hom werk. 'n Bekertjie blou bloed en y dink hy's orals kaatjie-van-die-baan!

CHAMEL & MAURICETTE: Kaptein!  
 CAMARET: (KOM VORENTOE) Madame Singleton! ... Monsieur Chamel!  
 MAURICETTE: (TERSY) O gorreltjie, en my ou manlief is in'arres!  
 CAMARET: A g, watter heerlike verrassing. Reken dat u ook hier is!

CHAMEL: Ja, madame Rivolet was so vriendelik om ons uit te nooi.  
 MAURICETTE: En ek hoor sy is siek; die arme madame Rivolet!  
 CAMARET: Ja, 'n bietjie jig! In die hoese naam ... hierso!  
 CHAMEL: Ag, is dit nou nie lastig nie, ag, hoe lastig.  
 CAMARET: Maar, nou's dit my eer om u hartlik welkom te heet; en watter jammerte dat u man u nie kon vergesel nie, maar hy is natuurlik in geslote arres.

MAURICETTE: Ja, ja dis nes u sê, Kaptein. (TERSY) O droefheid op note!

CHAMEL: (STAP VOOR MAURICETTE VERBY) Ag, maar oor 'n paar dae is dit alles verby en vergete, né! So gaan dit mos maar, né?  
 (ADRIENNE EN CÉLESTIN KOM INGEGAAR EN LAG-LAG VAN REGS BINNE.)

CAMARET: En toe, wat gaan met julle twee aan?  
 ADRIENNE: (KOM VORENTOE) Ons het ons nou byna dol gedans. Ag, madame Singleton en monsieur Chamel!  
 CAMARET: (WYS NA ADRIENNE EN CÉLESTIN) Mag ek julle voorstel aan die verloofdes!

CHAMEL: Ag so?  
 MAURICETTE: Dis nou vir my nuus!  
 CAMARET: Ag dis al ou nuus, dis al tien minute oud.

MAURICETTE: (STAP VOOR CAMARET VERBY) Baie hartlik geluk!

ADRIENNE: Ek het mos vir u gesê ek het my eie plannetjie...  
En hier staan hy!

CAMARET: Nou toe, Célestin, bied vir madame Singleton jou arm  
aan! (CELESTIN GAAN VOOR ADRIENNE VERBY EN BIED VIR  
MAURICETTE SY ARM AAN EN HULLE STAP REGS)

MAURICETTE: (TERSY) Ag, moeder tog, my ou manlief kan nou enige  
oomblik hier inkom.

CHAMEL: Kom, my ou dogtertjie. (HY GAAN AGTER CÉLESTIN EN  
MAURICETTE BY DIE MIDDEL REGS UIT.)

ADRIENNE: (AAN CAMARET) En toe Pappa, gaan Pappa nie ook binne-  
toe nie?

CAMARET: Binnetoe? Mens sweet jou sopnat! Dis te vol daarbinne!  
Ek kan nie asem kry nie!

JÉRÔME: (AGTER, KONDIG AAN) Monsieur Singleton!

CAMARET: Hé?

---

TIENDE TONEEL

DIESELFDE, SINGLETON.

SINGLETON: (IN 'N SPLINTERNUWE AANDPAK, BAIE DEFTIG; HY IS BESIG  
OM SY HANDSKOENE AAN TE TREK. BUIG) Madame! Monsieur!  
(KOM VORENTOE EN KOM VAN AANGESIG TOT AANGESIG MET DIE  
KAPTEIN TE STAAN.) Kaptein!

CAMARET: O dis jy, meneertjie!

SINGLETON: (BAIE VERLEË) Nee, Kaptein, glad nie!

CAMARET: Hoe bedoel jy nee kaptein, glad nie!

SINGLETON: Ek bedoel, ja, Kaptein.

CAMARET: Ja, meneertjie! En wat soek jy hier? Jy is tog in  
geslote arres!

SINGLETON: Ek...ekkekkek...

CAMARET: Ja, ekkekkek! Maar jy wag dit drem om hiernatoe te  
kom! Waar kom jy aan sulke ongeregtigheid!

SINGLETON: Wel, ek het nooit gedink Kaptein sal hier wees nie!

CAMARET: En toe waag jy dit maar!

SINGLETON: Ja, Kaptein...

CAMARET: Ja, meneertjie! En nou maak dit ook nie saak hoe jy  
hier gekom het nie. Hier is u ons gas, monsieur Single-  
ton. Bied vir my dogter u arm aan.

SINGLETON: (BIED VIR ADRIENNE SY ARM AAN) Dankie ... Kaptein!

CAMARET: En môre as jy in die kamp aankom, dan kry jy nóg twee  
dae geslote arres!

SINGLETON: Hé?

CAMARET: Toe loop nou!

SINGLETON: (VERSKRIK) Ja, Kaptein! (GAAN NA DIE UITGANG MIDDEL  
REGS.)

\*CAMARET: So 'n aangename aand, Juffrou! Nie waar nie. (HULLE GAAN AF)



## ELFDE TONEEL

CAMARET, DAN SAINT-FLORIMOND, JÉRÔME.

CAMARET: (GAAN NA DIE BUFFET TOE) Arme drommel! Darem vreeslik ongelukkig dat hy vir my hier moes kom raakloop! En wat kon ek doen: kaptein is kaptein! En eintlik is ek aan sy kant! (DRINK 'N GLAS SJAMPANJE) Ek onthou nog, destyds voor ek nog offisier was, was ek een aand ook aan diens, en ek het presies dieselfde gedoen! Ek het gaan dans! En toe gebeur dieselfde ding met my: ek loop my vas in my kaptein en hy sê vir my: „Maar monsieur, ek het u tog al iewers gesien, nie waar nie? Is u dan nie in my kompanjie nie?” En ek sê toe vir hom: „My naam is Saint-Florentin”. En daar was g'n stuk so 'n Saint-Florentin in sy kompanjie nie. En so het ek hom toe mooi koudgelei! Saint-Florentin!!! Ja en nou laat dit my dink. Waar bly dié eregas van 'n monsieur De Saint-Florimond dan? Nou ja, dis ook maar beter so, ons het hom nou mos nie meer nodig nie!

JÉRÔME: (AGTER, KONDIG AAN) Monsieur de Saint-Florimond.

CAMARET: A! Praat van die duiwel ...

FLORIMOND: (IN AANDPAK, KOM HAASTIG VORENTOE) Ek is bietjie ver- traag ...

CAMARET: Monsieur Champignol!

FLORIMOND: Kaptein!

CAMARET: Wat seek jy hier, monsieur Champignol!

FLORIMOND: Nee ... Nee, Kaptein, glad nie.

CAMARET: Watse, nee Kaptein glad nie! Dis die hele aand al: nee, Kaptein glad nie.

FLORIMOND: Nee! Ja!

CAMARET: Ja! En die hele weermag het toe besluit om hier saam te trek.

FLORIMOND: (TERSY) G'n uitkoms meer nie! Dis die uur van af- rekening! Nou waarvoor sit ek nog met die hele sak patats? Haar man weet tog alles! Nee wat! Hier kom die eerste patatta nou! (HARDOP) Kaptein, ek is nie monsieur Champignol nie.

CAMARET: (SARKASTIES) O, wil jy nou glo, né! O, jy is nie monsieur Champignol nie! O, rêrig? Jy is seker iemand anders! En wie is jy nogal as ek mag vra?

FLORIMOND: Kaptein, u het tog gehoor! Ek is monsieur De Saint- Florimond.

CAMARET: Saint-Florimond! Nee, kêrel, nou gaan jy darem te ver! Maar ek moet sê jy ken jou storie!

FLORIMOND: Ek kan u verseker, Kaptein ...

CAMARET: Nee, wag so 'n bietjie! Ek ken hom ook, daardie storie. Dis eintlik ek wat hom eerste uitgedink het!

- FLORIMOND: Hoe bedoel u, Kaptein?
- CAMARET: O ja! Mens loop jou vas in jou kaptein, en dan gee mens die verkeerde naam! Nee, dis mooi. Maar as mens wil hê jou kaptein moet daardie ou bloubloemmetjie koop dan moet mens kaptein jou nie so goed ken, soos ek vir j jou ken nie!
- FLORIMOND: Ek begryp nie wat u bedoel nie, Kaptein! Maar ek verseker u dat ek monsieur De Saint-Florimond is.
- CAMARET: Maar, my liewe monsieur Champignol, ek was tog in jou ateljee! En ek het vir jou by my regiment gesien, en jy het my portret begin skilder, en nou wil jy vir my kom sê jy is nie Champignol nie, jy is nie 'n groot skilder nie en jy is nie 'n weerman in my kompanjie nie.
- FLORIMOND: Ek is nie Champignol nie, Kaptein.
- CAMARET: O, nee, jy is Saint-Florimond!
- FLORIMOND: Presie, Kaptein. Dis reg, Kaptein.
- CAMARET: Nee, ou kêrel, jy kies jou name te wild! Jy't gereken jy sê sommer gou 'n naam, né? Maar laat ek nou vir jou iets sê: daar is alreeds 'n monsieur De Saint-Florimond, en ons is hom hier te wagte, hier, vanaand. Ja, sien jy nou: slim het sy eie baas gevang!
- FLORIMOND: Ek sien glêd nie!
- CAMARET: En die monsieur De Saint-Florimond kom boonop hierna toe om my dogter te leer ken sodat hy met haar kan trou, sien!
- FLORIMOND: (TERSY) Heiden,, sy dogter!
- CAMARET: En tussen hakkies, hy kom mors sy tyd, want sy is klaar verloof.
- FLORIMOND: Klaar verloof?
- CAMARET: En toe, wat het jy nou vir jouself te sê, hé?
- FLORIMOND: Kaptein, ek kan maar net sê dis 'n misverstand! Want ek is Saint-Florimond en ek is nie Champignol nie, en as u 'n Champignol in u kompanjie het, dan is hy nou nog daar, in die kaserne in u kompanjie.
- CAMARET: (TERSY) Hy praat my kop deurmekaar! Hy lyk dan nes Champignol! Miskien het Champignol 'n dubbelganger? (HY PEINS 'N RUKKIE, DAN HARDOP) Ja, u het delk gelyk, Monsieur. En daar is een manier om uit te vind of u wel gelyk het. (HY GAAN NA DIE DEUR MIDDEL REGS)
- FLORIMOND: Wat gaan hy nou aanvang?

TWAALFDE TONEEL

DIESELFDE, DAN DIE PRINS.

- CAMARET: (ROEP) Ordonnans!  
(DIE PRINS VERSKYN BY DIE DEUR REGS, MIDDEL.)
- PRINS: (BLY OP DIE DRUMPEL STAAN EN SALUEER, SIEN VIR S. FLORIMOND.) A, Champignol!
- CAMARET: A, sien jy nou. Ek het nie gesê hy moet dit sê nie!  
(AAN DIE PRINS.) Ordonnans, gaan na die kamp toe en sê hulle moet weerman Champignol hiernatoe stuur, daardie een in die detensiekafserne.
- FLORIMOND: Hê?
- PRINS: (VERSKRIK) Weerman Champignol, Kaptein?
- CAMARET: Ja, moenie nog vra nie. Ek weet wat jy wil vra!
- PRINS: Goed, Kaptein. (TERSY, TERWYL HY AGTER UITGAAN) Skoon van sy wysie af! Of geswael van die sjampanje!
- CAMARET: En op dié manier, Monsieur, gaan ons uitvind hoe die mes in die hef steek.
- FLORIMOND: Ja, Kaptein. (TERSY) En erger as kop-af kan dit nie!
- CAMARET: En jy hou nog vol dat jy nie monsieur Champignol is nie?
- FLORIMOND: Absoluut vol!

DERTIENDE TONEEL

DIESELFDE, CHARLOTTE, DAN SINGLETON, EN MAURICETTE, DAN CHAMEL, DAN ANGÈLE.

- CHARLOTTE: (KOM REGS AGTER BINNE MET 'N SKINKBORD EN SIEN VIR SAINT-FLORIMOND.) Haai! En daar is die skatlike monsieur Champignol ook.
- CAMARET: Sien jy, sien jy, daar sê jou diensmeisie dit self, die een wat daar by julle gewerk het.
- FLORIMOND: Ag, 'n diensmeisie, nou wat weet 'n diensmeisie ook!
- CHARLOTTE: (GAAN VOOR CAMARET VERBY) En hoe gaan dit nog, monsieur Champignol?
- FLORIMOND: Nee, wag, wag, wag, asseblief!  
(CHARLOTTE STAP TERUG EN GAAN GEDURENDE DIE VOLGENDE TONEELTJIE AGTER UIT.)
- SINGLETON: (KOM REGS VOOR MET MAURICETTE BINNE) A, Champignol!
- MAURICETTE: Monsieur Champignol!
- CAMARET: Daar het jy dit nou! Jou eie familie! Jou eie familie moet jou tog seker ken!
- FLORIMOND: Aijaijaijai!
- CHAMEL: (KOM REGS VOOR BINNE) En toe, my ou kindertjies. A, kyk, Champignol!

- CHAMEL: (KOM VORENTOE) En gaan dit nog goed?
- FLORIMOND: Ag, gaan na jou blikkies!
- CHAMEL: Wat makeer vir hom?
- CAMARET: Hy wil kom voorgee dat hy nie Champignol is nie!
- CHAMEL: (LAG, STAP VORENTOE) Allemapstieks! So 'n ou stouterd!  
Dis seker omdat hy nie hier hoort nie! Hy is mos in  
arres!
- FLORIMOND: (BRIESEND) Ag, bly tog stil!
- CHAMEL: So stout!
- CAMARET: (SIEN VIR ANGELE WAT REGS MIDDEL BINNEKOM) A, maar daar  
kom ons sterkste getuie nou aan. 'n Geloofwaardige  
getuie.
- ANGELE: (TERSY) Saint-Florimond!...
- CAMARET: Madame, sal u vir ons 'n probleempie kom oplos? (WYS NA  
SAINT-FLORIMOND) Wie is die monsieur hier?
- ANGELE: Maar dis tog monsieur Champignol. dis tog my man.
- FLORIMOND: Gee my krag!
- CAMARET: A! En monsieur Champignol probeer nou al die hele tyd  
vir ons wysmaak dat hy monsieur De Saint-Florimond is!
- ANGELE: Maar hoe kan hy?! ... Ag nee! Ag, foei tog, ja, dis  
alweer een van sy aanvalle!
- ALMAL: Sy aanvalle?
- FLORIMOND: My aanvalle?
- ANGELE: Ag, Kaptein, ek moes u gewaarsku het! Af en toe, dan  
kry hy so 'n aanval, so 'n stoornis in die brein ... en  
dan verbeel hy hom altyd hy is iemand anders.
- FLORIMOND: Waarvoor konkel sy nog?
- ANGELE: Ja, kyk net, nou die dag ... toe dog hy hy is 'n regter  
en daar sit hy die hele dag met 'n hamertjie en kap! En  
dan skree hy: Orde in die hof!
- FLORIMOND: Ag, Angéle!
- CHAMEL: Ja, ek het al van sulke gevalle gehoor. En een slag het  
ek so iemand gesien. Hy het die hele tyd so gestaan.  
(HY SIT SY LINKERVUIS OP SY HEUP MET DIE VINGERS NA BO,  
EN DIE REGTERARM HOU HY HORIZONTAAL, MET DIE REGTERHAND  
EFFENS NA DIE GROND GEDRAAI.)
- ALMAL: Waarvoor?
- CHAMEL: Hy't gedink hy's 'n teepot!
- ANGELE: A, sien u nou, dis dieselfde soort geval. Ag, ja, die  
vader weet ...
- FLORIMOND: (TERSW) Sy sal nog maak dat hulle my na 'n gestig toe  
sleep.
- CAMARET: My liewe Madame, maar dis 'n ernstige saak. Sal ek nie  
ons mediese offisier laat kom nie?
- ANGELE: Ag, nee wat, Kaptein, die aanvalle duur nooit lank nie.  
Dis 'n tydelike breinfloute!

- FLORIMOND: (GRIESEND, STAP VOOR DIE ANDER SPELERS OP EN NEER, EN HULLE GEE VERSKRICK AGTERTOEG PAD TOT HULLE 'N HALWE KRING VORM) Breinfloute! wat se soort floute is dit! 'n flou grappie, miskien. Dis seker 'n ou flou grappie.
- ALMAL: Ja, ja, dis seker 'n ou grappie!
- FLORIMOND: (MET SY RUG NA DIE GEHOOR) Ja, 'n ou grappie! Dis al! Ek het tog duidelik genoeg gesê: Ek is Saint-Florimond!
- ALMAL: Ja, ja, u is Saint-Florimond!
- FLORIMOND: (KOM VORENTOEG NA VOOR LINKS.) Ek vererg my nou tot in my tone!
- CAMARET: Madame, dis nou jammer dat ek nie eerder daaraan gedink het om vir u te vra wat hom skort nie! Daar't ek nou al klaar 'n ordonnans na die kamp toe gestuur om vir ons die Champignol van daar af te bring.
- ANGELE: (TERSY. SY KOM WEG VAN DIE GROEP EN STAP VORENTOEG.) Ek sterf die dood!
- CAMARET: (KOM VORENTOEG) Nou ja, Madame, ons laat vir u hier met monsieur Champignol; in sulke gevalle kan 'n liefdevolle vrou tog baie meer verrig as 'n boel buitestaanders, né?
- ANGELE: Baie dankie, Kaptein, ek waardeer dit.  
(WAT AGTER MET MAURICETTE EN SINGLETON BLY STAAN HET.)  
Kom!
- MAURICETTE: My arme niggie.
- CHAMEL: Ja, dis lastig, baie lastig.

---

VEERTIENDE TONEEL

ANGÈLE, SAINT FLORIMOND, DAN DIE PRINS.

- FLORIMOND: Deksels, hulle gaan my nog 'n stuipe op die lyf ja.
- ANGELE: En toe! Sien jy nou wat jy gedoen het! Nou't hulle my man gaan haal.
- FLORIMOND: En hoe gouer hy opdaag, hoe beter! Daar moet nou 'n end kom aan dié belaglike besigheid! Dis nou al van gister af dat ek soos 'n vis in 'n net rond flap.
- ANGÈLE: A, ek sien! Jy soek my ondergang, né. Jy wil hê daar moet 'n skandaal om my losbars!
- FLORIMOND: Skandaal? Dis jou eie man wat gaan staan en skandaal skrae het! Die hele kamp vol! En die hemele hoor my, ek het tog alles gedoen om vir jou teen so 'n skandaal te beskerm, ek het alles vir jou veil gehad, elke gier en grill vir lief geneem het; maar nou dat jou man tog op hoogte van sake is, noudat hy die hele affêre wyd en syd gaan staan en uitblaker het, nou hoef ek mos seker nie meer die rol van jou man te speel nie! Dit baat nou tog niks meer nie!

ANGÈLE: En wat moet nou van my word, van my?! As vrou is ek nou onteer! My man gaan my nou verstoot! Hy dink mos nou ek's jou minnares, ek wat dit nog nooit eers was nie, en dis alles jou skuld.

FLORIMOND: Skuld? Angèle, dit was nie my skuld nie, dit was die noodlot.

ANGÈLE: O, die noodlot? Sê liever dit was jou noodlottige onnoselheid. Maar vir jou kan dit nie skeel nie! As my man jou daar by die kamp doodgemaak het, sou jy jou geen oomblik eers oor my bekommer het nie! Nee, wees eerlik! Sou jy dan ooit daaraan gedink het om jouself af te vra: "En wat gaan nou van haar word? Die arme ou dingetjie!

FLORIMOND: Hoe bedoel jy my doodgemaak het?

ANGÈLE: Dit sou jou verdiende loon gewees het!

PRINS: (VERSKYD AGTER EN PRAAT TERUG IN DIE SKERMS IN) Kom! Kom hiernatoe, Champignol!

FLORIMOND: Daar's hy! Nou moet ek verdamp! (HY VLUG DEUR DIE VOORSTE DEUR REGS.)

ANGELE: Daar's hy! Dis mos soos 'n mansmens is. Red sy eie bas!

#### VYFTIENDE TONEEL

ANGÈLE, DIE PRINS, CHAMPIGNOL.

PRINS: (AAN CHAMPIGNOL WAT AGTER BINNEKOM) Wag daar! Ek sal vir die kaptein gaan sê jy's hier. (HY GAAN REGS MIDDEL AF.)

ANGELE: Daar is hy nou.

CHAMPIGNOL: (SIEN VIR ANGÈLE EN KOM VORENTOE.) Sy ook! O, ek sien u is ook hier, Madame.

ANGELE: Robert!. Laat my vir jou verduidelik ...

CHAMPIGNOL: Bly weg van my af, Madame! (KOM VORENTOE) Foei, watter skande. En dis die vrou met wie ek getrou het! Getrou het? Nog meer! Die vrou aan wie ek my naam gegee het! My naam! My kosbaarste kleinood! Want haar nooiensvan was Chapouillet! Dis ek wat van haar 'n Champignol gemaak het.

ANGÈLE: Robert, moenie vir my nog ongelukkiger maak nie!

CHAMPIGNOL: (STAP AGTERTOEG EN SMYT SY PET WEDEND OP DIE VLOER NEER.) Foei, watter skande! Foei!

ANGÈLE: Robert!

CHAMPIGNOL: (STAP AGTER ANGELE OM NA VORE) As ek net daaraan dink, dan staan my hare al penorent op my kop!

ANGÈLE: Robert! Ek weet dit lyk of ek skuldig is, maar ek is nie!

CHAMPIGNOL: O, nee! En hy is natuurlik ook nie jou minnaar nie!

ANGELE: Wie?

CHAMPIGNOL: Auguste!

ANGÈLE: Auguste?

CHAMPIGNOL: Auguste! Die onegte seun van die Romeinse keiser!

ANGELE: Hé?

CHAMPIGNOL: Wat gaan diensplig doen het, in Potard se plek! In Potard se plek! Maar waar is Potard dan? Maar hier staan Potard in lewende lywe voor jou.

ANGELE: Nou's ek die kluts skoon kwyt!

CHAMPIGNOL: (PLUK SY HARE, WAT NIE MEER DAAR IS NIE, UIT SY KOP)  
Foei, watter skande! Foei!

ANGELE: Robert, wie is dié Auguste? Jy praat tog seker van monsieur De Saint-Florimond, né?

CHAMPIGNOL: Saint-Florimond? Hy't vir my gesê sy naam is Auguste. Ag wat maak dit tog saak! Maar jy kannie ontken dat hy jou minnaar is nie!

ANGELE: My minnaar! Nooit in der ewigheid nie!

CHAMPIGNOL: Natuurlik is hy, hy't dan self vir my gesê ...

ANGELE: Hy? Maar dis nooit waar nie!

CHAMPIGNOL: Hy't vir my gesê: "Tussen my en hierdie dame het daar nooit iets gebeur nie."

ANGELE: Daar het jy dit nou!

CHAMPIGNOL: Ag kom! Jy weet ookal beter as dit! As 'n man eers so iets vir my kom sê, dan weet ek sommer hy lieg.

ANGÈLE: Nou wat moet hy dan sê as dit tog nou eenmaal die waarheid is?

CHAMPIGNOL: (VERBAAS) O! Ja! Daaraan het ek nooit gedink nie!

ANGELE: En voor jy my weer begin veroordeel, laat my net iets vir jou verduidelik.

CHAMPIGNOL: (OP DRAMATIESE TOON) Verduidelik dan, Madame, verduidelik maar.

ANGELE: Robert, alles wat ek gedoen het, was net vir jou! Vir jou eie beswil!

CHAMPIGNOL: O ja. O, natuurlik was dit. Dit was alles vir my eie beswil!

ANGELE: Dit was ook! En wat die monsieur Saint-Florimond betref, nee, hy het nog nooit vir my iets beteken nie. Daarvoor kan jy jou kop op 'n blok sit!

CHAMPIGNOL: Laat asseblief my kop met rus!

ANGELE: Daarvoor sal my mamma haar kop op 'n blok sit!

CHAMPIGNOL: My skoon mamma se kop. Ja, dis beter!

ANGELE: Jy was weg, Monsieur De Saint-Florimond het vir my die hof gemaak, en hy was weer 'n keer daar, sommer uit pure origheid, en to kom die militêre polisie skielik daar aangemarsjeer om vir jou as droster te kom arresteer. En toe dink ek: O nee, ek kan nooit dat hulle my man

- Angèle : 'n droster noem nie! En toe kry ek so 'n oulike plan: Dis nou wel 'n waagstuk, het ek gedink, maar dit sal daardie selfversekerde Saint-Florimond 'n les leer wat hy nie gou sal vergeet nie! Toe sê ek vir die sersant: "Soek julle na monsieur Champignol? Maar daar staan hy dan!"
- CHAMPIGNOL: Angèle, jy het nie!
- ANGÈLE: Ja, dis wat ek gedoen het om jou hoë naam ongeskonde te hou!
- CHAMPIGNOL: (LAG) Angèle. Dit kan nie wees nie!
- ANGELE: En ek het maar net volgehou dat hy Champignol is! En dis hoekom hulle hom in jou plek kamp toe geneem het.
- CHAMPIGNOL: Ek hoor jou! Dis wonderlik, Angèle.
- ANGÈLE: En nou's jy nie meer kwaad nie?
- CHAMPIGNOL: Nee, ek is nie meer kwaad nie. Juffrou Chapouillet, jy mag as madame Champignol my naam met waardigheid dra.
- ANGÈLE: (HARDLOOP NA HOM TOE: HY OMHEL'S HAAR.) Maar wat gaan ons nou doen?
- CHAMPIGNOL: Hoe bedoel jy?
- ANGELE: Maar ons moet tog iets doen. Die kaptein is nou oortuig dat Saint-Florimond jy is.
- CHAMPIGNOL: Ja ... ja... Wag! Wag! Laat dit maar aan my oor. Ek sal dit nog alles mooi netjies reël.
- ANGELE: Maar wat gaan ...
- CHAMPIGNOL: Ja, dié Saint-Florimond! Ja, sy vryerigheid gaan hom nog suur bekom.
- ANGELE: Daar kom hy nou!

---

SESTIENDE TONEEL

DIESELFDE, CAMARET, CHAMEL, MAURICETTE, SINGLETON, CÉLESTIN, SAINT-FLORIMOND, DAN ADRIENNE.

- CAMARET: (KOM MIDDEL REGS MET SAINT-FLORIMOND EN DIE ANDER BINNE.)
- CAMARET: Hoe nou? Hulle het vir Champignol in die kamp gekry?
- FLORIMOND: Ek het mos vir u gesê, Kaptein!
- CAMARET: (SIEN VIR CHAMPIGNOL EN STAP VORENTOE) Daardie man daar? Ag komaan! Hy lyk g'n stuk op jou nie. (AAN DIE ANDER) Kyk daar, dames en here! Julle ken tog vir Champignol. Is dit nou Champignol daardie?
- ALMAL: Nee! dis nie hy nie.
- FLORIMOND: Ja, dis hy daardie! Vra net 'n bietjie vir hom wie hy is!
- CAMARET: (AAN CHAMPIGNOL:) Kom hier, weerman. Wat is jou naam?



FLORIMOND: Toe sê vir hom, man.

CHAMPIGNOL: (TERSY) Ja, wag maar, jy met jou Auguste. (MET 'N STEM VOL AANDOENING) My naam is Saint-Florimond, Kaptein.

FLORIMOND: (VERSLAE) Hé?

CAMARET: A, sien jy nou! Ek het dit mos geweet!

FLORIMOND: Maar hy jok! Hy jok! Ek is tog Saint-Florimond. Ek!

CAMARET: Tog nie alweer nie!

ANGELE: (KAMTIG SIMPATIEK) Dis daardie breinfloute, Kaptein. (SY STAP AGTERTOEG MET CAMARET.)

ALMAL: (GAAN OOK AGTERTOEG) Dis daardie breinfloute!  
(GEDURENDE DIE VOLGENDE TWEE REÛLS PRAAT ANGELE EN CAMARET EN CHAMEL SAGGIES AGTER. SINGLETONE EN MAURICETTE GAAN AGTER HULLE VERBY)

FLORIMOND: (AAN CHAMPIGNOL, SAGGIES) Hoe durf jy so lieg!

CHAMPIGNOL: (DROOGWEG) O ek durf, en jy durf dit nie wêg om te lieg nie!

CAMARET: (STAP VORENTOEG, TOT TUSSEN CHAMPIGNOL EN SAINT-FLORIMOND. AAN SAINT-FLORIMOND) En toe, gaan jy nou verstandig wees of gaan jy nog oëhou dat jy Saint-Florimond is?

FLORIMOND: Nee Kaptein! U het gelyk, Kaptein! Ek is Champignol, Kaptein.

CAMARET: (SEËVIEREND) Daar's hy!

ANGELE: (KAMTIG OPGEWEK, KOM VORENTOEG) Ag, dankie tog! Die aanval is oor. (CHAMEL KOM VORENTOEG)

CAMARET: (AAN CHAMPIGNOL) Maar hoe's dit nou moontlik? Saint-Florimond? Saint-Florimond? Sneaks ... maar ek het mos nie 'n Saint-Florimond in my kompanjie nie.)

CHAMPIGNOL: Nee, seker nie, Kaptein, want ek is mos ook nie 'n weer-man nie. Hulle het hierdie uniform maar net vir my geleen, omdat ek het in die water geval het.

CHAMEL: Haai!

CAMARET: O reken, jy ook?

CHAMPIGNOL: Ek het op die oewer van die rivier gesit en hengel!

CHAMEL: A! (AAN CHAMPIGNOL) En toe wou jy dalk op 'n dik tak klim, daar waar die oewer so modderig is!

CHAMPIGNOL: Dis hy! Net so! En toe gly ek en, pardoems!

CHAMEL: Pens en pootjies! Haai, u sal nou nie vir my glo nie, maar dis presies wat met my gebeur het!

CHAMPIGNOL: Haai, regtig?

CHAMEL: So op my woord.

CAMARET: Ek sal daardie tak moet laat afsaag!

ADRIENNE: (KOM REGS VOOR MET CELESTIN BINNE) En toe, wat gesels al die mense so lekker hier saam, Pappa.

CAMARET: A, hier is Adrienne! (ADRIENNE EN CELESTIN KOM VORENTOEG) Laat my toe om julle voor te stel aan monsieur Saint-Florimond!

- ADRIENNE: (TERSUS) En hulle wou my met dié ou eierdop laat trou het!
- CAMARET: My liewe monsieur Saint-Florimond, dit spyt my om u mee te deel dat my dogter verloof geraak het aan haar neef, Célestin.
- CHAMPIGNOL: Ag, Kaptein! Pragtig! Pragtig!
- CAMARET: A! Dis 'n genade! Hy voel glad nie geaffronteer nie!  
(AAN SAINT FLORIMOND) En jy, Champignol, terug kamp toe! En moenie jou voete sleep nie!
- FLORIMOND: En nou moet ek sy diensplig vir hom gaan deurswoeg. Nee, vir my kry julle nooit weer by 'n ander man se nes nie! Jy steek net jou vinger uit vir 'n bietjie heilsame heuning, dan swerm die onheile om jou kop. Ja, ja! Tussen die bye!
- CAMARET: En daardie hare van jou is te lank! Ek wil nie weer praat nie! Gaan sê hulle moet werk maak van die goed!
- CHAMPIGNOL: En sê hulle moenie die skuurpapier vergeet nie.

G O R D Y N !